

# T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

23STE JAARGANG (2016) 1STE UITGAWE

*Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, met finansiële steun van die Nederlandse Taalunie. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

**Alhoewel die redaksie kopieregkwessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).**

**Redaksie:** Dr. M. Bonthuys

**Uitleg:** Christa van Zyl

**Redigering:** Dr. A.E. Klopper

**Gedruk en gebind deur:** V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

**Redaksie-sekretariaat:** Departement Afrikaans/Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville, 7535. Tel.: 0219592213. E-pos: mbonthuys@uwc.ac.za.

### **Inskrywings en betalings:**

Die ledegeld bedra:

- R150 per jaar vir binnelandse lede; en R200 per jaar vir buitelandse lede
- Betaal u ledegeld **elektronies** in die bank of oor die internet in,
- naamlik op die volgende rekening:  
Banknaam: ABSA  
Bankrekeningnommer: 1190 154 676  
Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid  
Takkode: 632005 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)  
Verwysingsnommer: U van en voorletters (baie belangrik)
  - E-pos die bewys van u betaling saam met die vorm van lidmaatskap aan die SAVN se penningmeester, prof. Adri Breed by [Adri.Breed@nwu.ac.za](mailto:Adri.Breed@nwu.ac.za) of [kobie.dekamper@gmail.com](mailto:kobie.dekamper@gmail.com).

### **Redaksieraad:**

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

J. Dewulf (University of California)

M.E. Meijer Drees (Universiteit Utrecht)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

E. Jansen (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam)

R.S. Kirsner (University of California)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

O.J. Praamstra (Universiteit Leiden)

P. Swanepoel (Universiteit van Suid-Afrika)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat)

J. van der Elst (Noordwes-Universiteit)

A.T. Zuiderent (Vrije Universiteit Amsterdam)

Die artikels in hierdie nommer van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* kom uit 'n wye verskeidenheid van velde binne die Afrikaanse en Nederlandse taal- en letterkunde. Dit illustreer duidelik die vitaliteit van beide taalgebiede met akademiese navorsing wat uit 'n veelheid van invalshoeke oor taal- en letterkunde geskied.

Die eerste artikel is een van Bernard Odendaal oor die nalatenskap van Herman Gorter se *Mei en Verzen* in die Afrikaanse digkuns. Odendaal dui op die onderwaardering van Gorter se nalatenskap in Afrikaans en wys op die invloed wat sy poësie op die werk van digters soos W.E.G. Louw, N.P. van Wyk Louw, C.M. van den Heever, T.T. Cloete en Fanie Olivier gehad het.

Marius Crous sluit aan by resente gesprekke rondom dierestudies en die belangrikheid van ekokritiek in die letterkunde en verskaf 'n vernuwendes diergerigte lesing van N.P. van Wyk Louw se bekende gedig "Beeld van 'n jeug: duif en perd".

'n Artikel van Eep Francken wat eers in verkorte vorm verskyn het in Wim van Anrooij en Paul Hoftijzer se *Lezen in de lage landen. Studies over tien eeuwen leescultuur*, verskaf 'n oorsig van die Nederlandse letterkunde wat tussen 1938 en 1955 aan Suid-Afrikaanse hoërskoolkinders as deel van die vak Afrikaans voorgeskryf is.

Rufus Gouws se bydrae is vanuit 'n leksikografiese hoek en fokus op ontwikkelinge en andershede rakende die Afrikaans-Nederlandse taalpaar. Naas ANNA (*Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands*) kom ander meertalige woordeboeke waarin Afrikaans gebruik word, ter sprake.

Die laaste artikel, van Zanétte Meintjes, handel oor akademiese geletterdheid en spesifiek die gebruik van Afrikaanse konjunksiemerkers in die formulering van geskrewe akademiese argumente op universiteit. Meintjes verskaf 'n indeling van hierdie konjunksiemerkers wat studente in staat sal stel om meer koherente argumentatiewe tekste op universiteit te produseer.

Hierdie uitgawe is die eerste een wat onder my redakteurskap verskyn. Hartlike dank aan die artikelskrywers vir hulle bydraes en vinnige terugvoer op keurdersverslae. Ook dank aan dr. Annie Klopper vir haar deeglike redigeerwerk, Christa van Zyl vir die uitleg en die SAVN se administratiewe beampte Kobie de Kamper vir haar talle insette in die publikasieproses.



# Nawerkinge van Herman Gorter se *Mei* (1889) en *Verzen* (1890) in die Afrikaanse digkuns

Bernard Odendaal

## *After-effects of Herman Gorter's Mei (May; 1889) and Verzen (Poems; 1890) in Afrikaans poetry*

*The epic-lyric poem Mei and the collection of sensitivistic verse Verzen are deemed, in both the Dutch and Afrikaans literary systems, to be the central achievements of Gorter's oeuvre – as of the work of the Dutch Literary Generation of the Eighteen Eighties as a whole. His sensitivistic poetry would gradually surpass Mei in the after-effects it has since had on both Dutch and Afrikaans poetry. Especially in the form of creative work, i.e. with poets, admiration for and imitation of Gorter as a sensitivist keep on manifesting. Anbeek (1991) therefore describes the position of Verzen within the Dutch poetry system as an “extremely important” one. Within the Afrikaans literary system, the echoes of the said works by Gorter are usually considered to be more or less restricted to some of the work by the Afrikaans Poets of the Nineteen Thirties (Opperman, 1953) – like the Dutch literary generation to which Gorter belonged, a grouping with revolutionary intent (Van Coller, 2015). In this article, however, it will be shown that Gorter's poetical influence reaches substantially further into the history of Afrikaans poetry than is generally appreciated.*

## **1. Inleiding: Aanduidings van 'n moontlike onderwaardering van Gorter se digterlike nalatenskap in die Afrikaanse poësiegeskiedenis**

Oor die verhouding tussen en die wisselwerkingsgeskiedenis van die Nederlandstalige en die Afrikaanse literatuursisteme is tot voor die laaste kwart van die twintigste eeu, toe die kulturele boikot van apartheid-Suid-Afrika deur die Nederlande in werking gestel is, heelwat besin en geskryf. Van Coller en Odendaal (2005a en 2005b) verskaf hiervan 'n beeld.

In die byna twee-en-'n-half dekades sedert die hervatting van kulturele bande tussen Suid-Afrika en die Nederlande na aanleiding van die politieke hervormings van 1990 en 1994 in Suid-Afrika, wek dié onderwerp opnuut belangstelling. Hiervan is die twee boeke *Over grenzen / Oor grense* (wat vergelykende studies oor die Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie bevat; Foster, T'Sjoen en Vaessens, 2009) en *Toenadering* (oor die literêre grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands; T'Sjoen en Foster, 2012) opmerklike manifestasies; ewe so 'n redelik onlangse tweeluik artikels deur H.P. van Coller (2014 en 2015) in *Tydskrif*

*vir Nederlands en Afrikaans* oor die ontwikkeling van en die verbande tussen die Nederlandstalige en Afrikaanse letterkundes. Ook in die historiografie oor die Nederlandstalige letterkunde geskryf in Afrikaans (voorlopige titel: *Verbinteniss en venster. Die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede: 'n literatuurgeskiedenis in Afrikaans*) wat tans voltooiing nader en onder die hoofredakteurskap van H.P. van Coller staan, sal klaarblyklik toepaslike aandag aan hierdie sistemiese wisselwerking gegee word; die vermelde voortitel-keuse spreek al hiervan.

Word die voltooide (hierbo vermelde) studies van die afgelope twee dekades oor die aangeleentheid gefynkam, val dit op dat relatief min aandag gegee word aan die nawerking van Herman Gorter (1864–1927) se digkuns in die Afrikaanse poësie. In *Over Grenzen* en *Toenadering* word Gorter se naam byvoorbeeld in totaal ses kere vermeld – eintlik net genoem (soos uit die indekse by dié twee bronne blyk; kyk Foster, T'Sjoen en Vaessens 2009: 415 en T'Sjoen en Foster 2012: 347). Dít kontrasteer met die agt-en-dertig vermeldings van M. Vasalis in dieselfde artikelbundels (kyk die indeks by Foster, T'Sjoen en Vaessens 2009: 422), asook met die minstens sewentien vermeldings van Martinus Nijhoff (kyk die indekse by Foster, T'Sjoen en Vaessens 2009: 418 en T'Sjoen en Foster 2012: 350; in laasgenoemde berekening is Nijhoff-vermeldings in Foster 2012a: 177-210 se hoofstuk oor Afrikaanse en Nederlandse herskrywings van Nijhoff se ikoniese gedig “Impasse” nie in ag geneem nie). Bowendien: Wat Vasalis en Nijhoff betref, gaan die vermeldings dikwels met uitweidings oor bepaalde gedigte en/of poëtikale beskouings van dié twee digters gepaard. In Van Coller se genoemde artikel-tweeluik word Gorter se naam 'n enkele keer, as 't ware terloops, vermeld (Van Coller, 2015: 24); dié van Willem Kloos egter minstens twintig maal (Van Coller, 2015: 24-29) en dié van Nijhoff sowat twee dosyn kere (Van Coller, 2015: 30-34) – in beide laasgenoemde gevalle mét aantoning en beargumentering van die seminale uitwerking wat sowel dié twee digters se digpraktyke as hulle poësiebeskouings op ontwikkelings in die Afrikaanse poëtiesisteme van veral die eerste helfte van die twintigste eeu gehad het.

Die blote aantoon van aanhalings, toespelings en vermeldings is nie noodwendig veelseggend met betrekking tot die inskatting van dialoë tussen literêre sisteme nie (T'Sjoen en Foster, 2012: 7-8). Tog laat die getalle vermeldings wat pas ter sprake gebring is, 'n mens vermoed dat daar tans 'n moontlike onderwaardering van die nawerking van Gorter se digkuns in die Afrikaanse poësiegeskiedenis bestaan. Sowat 'n dekade-en-'n-half gelede is reeds 'n stand van sake met sodanige strekking uitgewys in 'n artikel oor die (destyds) bestaande “[w]aardepeilings van die digkuns van C.M. van den Heever”; daarin (Odendaal, 2003: 27-30) word naamlik aangetoon dat 'n belangrike deel van minstens dié Afrikaanse digter se steeds gebloemleeste en bestudeerde gedigte juis die neerslag van Gorter se sensitivistiese verskuns verklap.

Met die onderhawige artikel word derhalwe ’n (figuurlike) herbestekopmaking van die Gorter-nalatenskap in die Afrikaanse verskuns onderneem. Die strewe is, meer spesifiek, om uit te kom by ’n kensketsing van die verskillende wyses waarop die in-gesprek-trede met sy werk vanuit bepaalde momente in die Afrikaanse digkunstradisie gemanifesteer het; dit gaan oor verskuiwings in die aard van die intertekstualiteit wat ter sprake kom. Tiperings van soorte “literêre beïnvloeding”, oftewel intertekstualiteitsvorme, soos onder meer in redelik onlangse artikels deur Foster (2012b: 51-52), Louise Viljoen (2014: 243-270) en Van Coller (2015: 35-38) aangewend, word benut om sodanige verskuiwings te beskryf.

## **2. *Mei* (1889) en *Verzen* (1890) as dié prestasies van Gorter se oeuvre geag**

Navorsing met die oog op die skryf van ’n literêre profiel oor Gorter vir die genoemde komende Nederlandse literatuurgeskiedenis in Afrikaans het laat blyk dat dit sedert die laaste kwart van die twintigste eeu veral sy vroeë werk, *Mei. Een gedicht* uit 1989 en die 1890-uitgawe van *Verzen*, is wat allerweë as die sentrale prestasies van sy oeuvre beskou word. Dit geld die Nederlandstalige (Endt, 1977: 158) en, volgens sekere kritici (Van Heerden, 1978: 16; Jonckheere, 1988: 279), ook die Afrikaanse literêre wêreld.

Veral die 1891-resensie deur Lodewijk van Deyssel oor laasgenoemde bundel van Gorter, en waarin hy meen dat dié werk die versugting gestelp het na ’n literêre werk wat Nederland “hoog [zal] opstooten midden in de vaart der volken” (kyk Endt, 1977: 159), het help verseker dat Gorter se sensitivistiese werk algaande *Mei* sou oortref in nawerking binne die Nederlandstalige digkuns. Veral aan die skeppende kant, by digters dus, was en is daar bewondering vir (en intertekstuele erkenning van) Gorter as digterlik eksperimenterende sensitivis.

Onder Nederlandstalige digters wat tot rondom die Tweede Wêreldoorlog gedebuteer het, is byvoorbeeld al die volgende name genoem as sy digterlike erfgename: J.H. Leopold (die Afrikaanse Dertiger-digter, W.E.G. Louw, het byvoorbeeld in 1942 ’n proefskrif kon voltooi oor die invloed van Gorter op Leopold), P.C. Boutens, Karel van de Woestijne, Henriëtte Roland Holst, Adriaan Roland Holst, P.N. van Eyck, J.J. Slauerhoff, M. Vasalis en talle meer (kyk Endt, 1977: 161-163). Anbeek (1991: 67 en 68) bestempel die plek van die 1890-*Verzen* daarom as “uitermate belangrik [...] binne de geschiedenis van de Nederlandse poëzie”; dit vorm “tegelikertijd een hoogtepunt, een eindpunt en een beginpunt”.

Van die Tagtigerdigkuns is dit die eindpunt, maar dit het kennelik tot inspirasie gediën van ook twintigste-euse avant-garde-digters. ’n Ekspressionis soos Hendrik Marsman tel onder diesulkes (Grové en Buning, 1968: 66; De

Schutter, 2000: 59). Die Eksperimentele (dikwels surrealistiese) digters van die 1950's, met onder meer Lucebert, Paul Rodenko, Jan Hanlo en Chris van Geel in hulle geleedere, het Gorter as 'n belangrike voorganger en wegbereider beskou van die literêre vernuwing wat hulle ná die Tweede Wêreldoorlog in Nederland en Vlaandere nagestreef het (Anbeek, 1991: 69; Heijnders, 2002; Stuiveling en Van Bork, 2005; Brems, 2006: 109 en 118). Vandaar dat die bloemlesing *Nieuwe griffels schone leien* wat Rodenko in 1954 uit die Vyftigers se werk sou saamstel, die subtitel “van Gorter tot Lucebert, van Gezelle tot Hugo Claus” gedra het. In die 1990's kom Huub Beurskens vorendag met digbundels waarin klankryke taaleksperiment en -spel sterk figureer, sodat Beurskens se natuurlied aan dié van Gorter herinner (Brems, 2006: 597). Onder die individualisties-ekspressiewe digtersgroep wat in die 1980's onder die noemer “Maximalen” 'n deurbraak maak – in reaksie op die sentrale posisie wat “minimal art, die alle persoonlike expressie uit het kunstwerk had geweerd” (Brems, 2006: 540), op daardie stadium in die Nederlandstalige literatuursisteem beklee het – het Pieter Boskma 'n leidinggewende rol gespeel. Boskma sou hom onbeskroomd as 'n navolger van Gorter profileer (kyk byvoorbeeld De Boer, 2004). Dit blyk uit 'n gedigtitel soos “Zelfportret als Herman Gorter”, wat in sy 2014-bundel (met die ewe sprekende titel) *Zelf* voorkom.

Teen die agtergrond hiervan is dit begryplik dat iemand soos De Schutter (2000:60) Gorter se *Verzen* uitsonder as, in vele opsigte, waarskynlik dié literêr-historiese mylpaal in die oë van Nederlandstalige digters sedert die 1950's.

Onverwags egter, sowat honderd-en-twintig jaar nadat Gorter hom op beskouwlike vlak tot die sosialisme/kommunisme bekeer en 'n verskuns van sosiopolitieke betrokkenheid begin beoefen het (Gorter, 1905: ongenommerde bladsy; Leijnse, 1998: 562), klink iets van sy sosialistiese verskuns in twee Nederlandse digdebutte van 2016 op. Sitate uit en toespelings op werke uit hierdie latere fase van sy digterskap is naamlik te bespeur in Hannah van Binsbergen se *Kwaad gesternte* en Frank Keizer se *Onder normale omstandigheden* (kyk byvoorbeeld Ekkers, 2016, en Nathalie, 2016). Beide is bundels wat jongmense se “laatkapitalistiese” krisisbeleving (De Geest, 2016) te midde van maatskaplike en identiteitsverbrokkeling vertolk.

'n Soortgelyke kanonieke plek word klaarblyklik nie binne die Afrikaanse poëtiesisteem in sy wisselwerking met die Nederlandstalige aan Gorter toegeken nie. Sowel Van Zyl (2008: 123) as Van Coller (2015: 28-29) bring wel Gorter se vroegste invloed op die Afrikaanse digkuns ter sprake wanneer hulle die periode van Dertig, met digters soos N.P. van Wyk Louw, W.E.G. Louw, Uys Krige en Elisabeth Eybers (en sogenaamde “voorlopers” soos C.M. van den Heever en I.D. du Plessis) onder bespreking bring. Beide Afrikaanse literatore beklemtoon die poëtikale raakpunte tussen die Dertigers se werk en die van die Nederlandse



Tagtigers. Hoe beide bewegings deur die strewes van die vroeë negentiende-eeuse Europese Romantiek geïnspireer is, word deur hulle uitgelig: die passievolle individualisme, en die prominensie van opvattinge rakende “artistieke vryheid en vakmanskuns, die primaat van die verbeelding, die skrywer as profetiese gestalte, die primaat van die skoonheid” (Van Coller, 2015: 28). Trouens, soos Van Coller (2015: 28-29) uitwys, het die raakpunte tussen dié Nederlandse en Afrikaanse digtersgroepe met selfs meer as slegs poëtikale voorkeure te doen gehad. Hulle “historiese posisie-inname binne die literêre veld” was wesenlik ’n ideologiese stellingname teen die “gemeenskapdoelwitte (vermaak, opwekking van liefde vir die taal) of gemeenskapsideale (die verwoording van nasionalistiese gevoelens)” wat hulle onmiddellike voorgangers se verskunsproduksie gekenmerk het.

Die literêre sensitivisme soos beoefen deur Gorter word egter nóg deur Van Zyl, nóg deur Van Coller in hierdie verband te berde gebring. Vir verwysings hierna in die Afrikaanse literatuurkritiek en -geskiedskrywing moet teruggegaan word na bronne van voor 1990, te wete veral die van D.J. Opperman met *Digters van Dertig* (1953), maar ook Afrikaanse literatuuroorsigte deur Dekker (1973), Antonissen (s.j.) en Kannemeyer (1978 en 1988); Jonckheere (1988) wys, in ’n Afrikaans geskrewe Nederlandse literatuurgeskiedenis onder redakteurskap van Van der Elst, Ohlhoff en Schutte (1988), eweneens op eggo’s van Gorter se werk in die van die Dertigers. Hierdie ouer kritici en literatuurhistorici bring veral C.M. van den Heever en W.E.G. Louw se name in verband met Gorter se sensitivisme ter sprake – maar ook sydelings die van ander Dertigers, soos N.P. van Wyk Louw (ten aansien van die liefdesverse in sy 1935-debuut, *Alleenspraak*), Uys Krige en Elisabeth Eybers. Sodanige verbandlegging geskied op grond van die bemerking van ’n parallelle manifestasie van ’n vryer en soepeler (rymverdoeselend-enjamberende) verssoort – ’n verskunsbeoefening wat Anthonie Donker (aangehaal deur W.E.G. Louw 1942: 25) as die benutting van “een los, lenig vers” sou tipeer. Verdere gedeelde kenmerke wat in hierdie verband opgehaal is, is ’n rykdom aan beeld- en klankspel (Opperman, 1953: 37, 183, 217, 266, 282, 287; Kannemeyer, 1978: 386, 483) en die liefde en erotiek as prominente tematiek (Jonckheere, 1988: 282).

### 3. Literêre sensitivisme in die liriek van Gorter en enkele Dertigers

Soos W.E.G. Louw (1942: 53) aantoon, kan die sensitivisme gesien word as ’n verdere ontwikkeling van die naturalisme in Nederland, asook van die internasionale impressionistiese kunsstroming, spesifiek soos dit in die letterkunde neerslag gevind het. Antonissen (1946: 76-77) bestempel *Mei* van Gorter as eerder nog ’n egte impressionistiese woordkunsprodukt. Hy wys in hierdie verband op die individuele indrukvertolkings en stemming-evokasies

deur middel van suggestierike beelding en klankgebruik wat dit bevat, en waarvan die beelding dikwels die sinestetiese versmelting van die visuele en ouditiewe sensitiwiteit behels. W.E.G. Louw (1973: 85-90) se gedig “Adam” is in hierdie opsigte, maar ook weens die epiese bou daarvan, herhaaldelik gesien as gedeeltelik geïnspireer deur dié gedig van Gorter (Opperman, 1953: 341-342; Antonissen, s.j.: 240-241; Kannemeyer, 1978: 371).

Die “mitologiese fantasieë en irreële soektogte” (Jonckheere, 1988: 277) wat die onmiddellike werklikheidsverwoording in *Mei* ingeraam het, word egter prysgegee in die sensitivistiese (oftewel as ’t ware geïntensiveerde impressionistiese) gedigte wat hy in *Verzen* sou bundel. Nou is daar ’n oorgawe aan die onmiddellik-sintuiglik beleefbare dinge en die emosionele belewenisse wat dit meebring, “zonder omvattend begrip van wat ik waarnam” (Gorter, 1905: ongenommerde bladsy). Dit word selfs meer: ’n poging om tot ’n “nog veel diepere schoonheid” (Gorter, 1905: ongenommerde bladsy) deur te dring – volgens Endt (1977: 146) “tot lichtorgiën verhevigd in de extatische verzen”, of “bleek” geword, “onwezenlijk in de verzen van bevreemding en angstobsessie”. Uiteindelik word, volgens Endt (1977: 146), dié skoonheidsbelewenis “mat” in sommige van die gedigte.

In die verse van lewens- en liefdesbegeerte, van ekstatische vervoering en die begeerte om die belewings van uiterste (veral lig-) sensitiwiteit te vertolk, is te staan gekom voor die uitdaging om die onsegbare te wil uitdruk. Dit is ’n uitdaging verwant aan die poging in die pointillistiese skilderkuns om die beweeglike momentindruk in pure pigment vas te lê (De Vugt, 2013: 59). Vandaar dat gesê kan word dat die sensitivistiese taalidoom ’n “woordkuns”-aard aanneem (W.E.G. Louw, 1942: 57; Endt, 1977: 135; Jonckheere, 1988: 277). Breedweg behels dit ’n stilistiese aanpak waarin beweeglik-saamgestelde, dikwels neologistiese en funksiewisselende woordgebruik en elliptiese, eiesinnige sinsbou opval; dít naas die opvallende klankrykheid en die stemmingsryke beelding. Vergelyk die volgende verse (in die 1890-uitgawe van *Verzen* as drie opeenvolgende, titellose koepletgedigte gepubliseer, maar as enkelgedig met drie strofes opgeneem in die tweede deel van Rob Antonissen [1984: 53] se samestelling *Digkuns van die Nederlande*):

Gij zijt een stille witte blinkesneeuw,  
gij zijt een blinke zeeë tintelzee.

Gij zijt een schemerwitte leliemeid,  
gij zijt een wijde vlinderveluwheid.

Gij zijt het opene, het witte, ’t willende,  
het wachtend, straalvlammend, lichtlillende.

Heel dikwels is hierdie sensitivistiese verse van Gorter as liefdesliedek gekonsipieer. Endt (1977: 139-143) redeneer dat 'n behoefte aan beantwoorde mensieliefde by die digter sedert sy ontkerstening (reeds as 16-jarige, al het hy gespruit uit 'n stamboom van doopsgesinde dominees), gepaardgaande met die feit dat sy aard sterk sensueel was, aanleiding kon gee tot die daartoe dat hy hom eerstens as 't ware op die natuur gewerp het, en tweedens sulke aangrypende minneliedek sou skryf. Ook W.E.G. Louw (1942: 71) voer 'n dergelike argument in hierdie verband.

Veral die liefdesverse uit hierdie fase van sy digterskap word steeds as van die heel bestes in die Nederlandse poëtieskat gereken. Agt van Gorter se gedigte is byvoorbeeld opgeneem in Willem Wilmink se 1994-samestelling *Ik heb de liefde lief. De mooiste liefdesgedichten uit de Nederlandse en Vlaamse poëzie*. Hieronder tel die gedig waaruit die bloemlesing se hooftitel aangehaal is én wat as openingsgedig van die bloemlesing dien: “Bij het denken aan de liefde” (Wilmink, 1994: 19).

Dit was sy tydgenoot Lodewijk van Deysel (kyk Dekker, 1933; Dekker, 1973: 199-200; W.E.G. Louw, 1942: 53-58; Grové, 1992: 182-183) wat die uitstaande kenmerke van die sensitivistiese woordkuns uiteengesit het – en waarvan hy (Van Deysel, 1895) geskryf het dat dit meer is as “een zekere fijngevoeligheid”; dat dit inderdaad as “een levensbegriping en daarmee over-eenkomenend letterkundig stelsel” te sien is. Soos gesê (kyk ook Odendaal, 2003: 27), gaan dit in 'n sensitivistiese gedig om 'n (poging tot) weergawe van die fynste besonderhede van *gewaarwording en waarneming* (hewige sinlike en psigiese gewaarwordings, aldus W.E.G. Louw, 1942: 53); om iets wat eintlik kwalik onder woorde te bring is. Die waarneming lei tot 'n *impressie* deur die objek op die subjek, wat weer 'n *sensasie* (“een geïntensiveerde impressie”, aldus Donker, 1929: 176) en ten slotte 'n *ekstase* by die subjek ontlok (“hiperindividuele gewaarwording wat alleen die subjek só, presies só, kan voel” – W.E.G. Louw, 1942: 57). Dit verteenwoordig 'n evolusie vanaf loutere waarneming tot geestesverrukking én tegelykertyd 'n poging om die *unio mystica* (die mistieke eenwording) van subjek en objek te bereik.

Die genoemde benutting van verfynde en verrassende beelding, die subtiel versbeweging (ritme, klankskildering, ensovoorts – sodanig dat 'n strewe na suiwer musiek herkenbaar word) en die trefsekere woordkeuses en -skeppings is kenmerkende middele van die sensitivistiese woordkuns waardeur gepoog word om sulke uniek-individuele belewenisse te vertolk. Dit gaan meermale gepaard met 'n voorkeur vir die mooie (sodat die gevaar van estetisisme nie uitbly nie). Waar die veranderlike lig die kreatiewe beginsel van die skildersmedium (verf op doek) in die impressionistiese skilderkuns is, is die medium vir die sensitivistiese digter die beweglike werkwoord en die stemmingsryke adjektief. Om, soos die skilder, sy unieke indrukke van die werklikheid fyn en subtiel te kan weergee

– so voer Jonckheere (1988: 257) aan – wend die sensitivistiese digter hom tot sowel “komplekse en gevolglike neologistiese taalgebruik [...] en nie-rationele sinsbou” as bepaalde beelding- en beskrywingswyses. Hierdeur bly “duidelike omlynings” in die slag en word ’n “vaagheid” in die woordkuns bewerkstellig wat parallel gesien kan word aan “die diffuusheid en die poging tot ontmaterialisering” in die impressionistiese of pointillistiese skilderkuns. Die teenwoordigheid van stemmingsdinge soos lig, kleur, trae bewegings, laag swewende wolke, reën, nag, see, en eensaamheid is derhalwe ook tipies van sulke digkuns.

Hoewel ’n mens nie C.M. van den Heever en W.E.G. Louw as volbloedsensitivistiese soortgelyk aan Gorter kan uitmaak nie – Opperman (1953: 37, 183, 203, 213, 217, 266, 282 en 287), Dekker (1973: 191) en Kannemeyer (1978: 386, 482) bring ook randaspekte van die vroeë werk van N.P. van Wyk Louw en/of Uys Krige en/of Elisabeth Eybers in verband met die sensitivisme en Gorter ter sprake – het heelwat van bogenoemde eienskappe van die sensitivisme wel neerslag gevind in gedigte van dié twee Dertigers.

Uit Van den Heever se werk tel in hierdie verband welbekende gedigte soos “Voëls in die skemering”, “Die konsertina in die nag”, “O koele water van die spruit”, “O verre wydtes” en “Die vertrekkende wildeganse”. Besonderhede van eersgenoemde, ’n gedig uit Van den Heever se 1932-bundel *Deining*, is voorheen (Odendaal, 2003: 28-30) illustratief onder die loep geneem om elemente van die sensitivisme in dié digter se verskuns bloot te lê. Iets van die kenmerkende stappe van die sensitivistiese natuurbeleving – van waarneming tot impressie tot sensasie tot ekstase – is aan die hand van dié gedig uitgewys (Odendaal, 2003: 29), soos ook die sterk teenwoordigheid van sensitivistiese stemmingsdinge en -woorde (Odendaal, 2003: 29-30) en die subtiële benutting van ritmiese en klankeffekte (Odendaal, 2003: 30; laasgenoemde na aanleiding van wat voorheen deur iemand soos Grové, 1977: 69, aangetoon is). Van den Heever gaan in dié gedig (en die ander genoemde verse) nie so ver soos Europese sensitiviste wat neologistiese taalgebruik en nie-rationele sinsbou betref om die werklikheid in fyn en subtiële besonderhede te evokeer nie. Tog is dit, wat die Gorter-nalatenskap in sy verskuns betref, veelseggend dat dit meestal juis sulke “sensitivistiese” gedigte van hom is wat, binne die literêr-historiese kader waar hulle ’n “baanbrekende rol” gespeel het, steeds noemenswaardige posisies in die Afrikaanse poësiekanon bekleë (Odendaal, 2003: 33).

Van W.E.G. Louw se gedigte is dit “Nagreën”, uit sy debuutbundel *Die ryke dwaas* (1934), wat deur Opperman (1953: 318, 320-321) uitgesonder word as voorbeeld van ’n besonder geslaagde Afrikaanse sensitivistiese gedig – hoewel hy min besonderhede van die gedig in hierdie verband onder die loep neem.

## Nagreën

- 1 Die reën skuifel deur die straat,
- 2 verby my venster, mensverlaat ...
- 3 Soos 'n trossie narsings wat verkwyn,
- 4 flikker die druppels teen my vensterruit
- 5 waar die geel straatlig daardeur skyn;
- 6 en voel die wind
- 7 met bleek vingers, soos 'n kind,
- 8 aan die swaar gordyn, wat plooi
- 9 in die lamplig, teer en droef papawerrooi.

Die gedig verklap in die ontplooiing van die “fynste besonderhede van ’n gewaarwording” (Opperman, 1953: 320) die kenmerkende stappe van waarneming tot impressie tot sensasie tot ekstase, soos deur Van Deyssel onderskei. Daar is, in die eerste twee versreëls en eerste sin van die gedig, ’n verwoording van die *waarneming* (met die gesigsintuig, maar waarskynlik ook by wyse van gehoor), vanuit ’n veronderstelbare vertrek en deur ’n (oop) venster (soos in reël 4 duidelik word), van (die effek van) vallende reën (en wind, waarvan in reël 6 verneem word) in die straat buite. Dit dan soos gesien in die (geel) lig van ’n straatlamp (vergelyk reël 5). Daarna, nader aan die subjek, word die blinkende druppels wat teen die venster bewe (vanweë die wind) raakgesien (reëls 3-5). Laastens, aan die binnekant van die vertrek waarin die subjek verkeer, word gesien én gevoel hoe die wind (en lig) ’n plooiende beweging in die rooi gordyn veroorsaak.

Daar is egter ook uit die staanspoor tekens van *indruk*-vorming wat gegee word, naamlik via personifikasie en animasie van die reën- en lig-waarnemings. In die twee openingsreëls word die waargenome effek van reën en wind in die verligte straat personifiërend as ’n naderende skuifelbeweging voorgestel (waarby die sintuiglike waarnemings per oog én oor geïntegreer word) en versterk met die bywoordelike kwalifisering “mensverlaat”. In die volgende drie reëls word die weerkaatsing van die straatlig op die druppels teen die ruit animerend voorgestel as ’n ge-“flikker” wat “verkwyn” (laasgenoemde kan ook personifiërend funksioneer), en vergelykend voorgestel as “’n trossie narsings”. Daarna, in die vier slotreëls, word weer personifiërend te werk gegaan om die indruk te vertolk wat die plooiing van die gordyn, dié keer in die skynsel van ’n “lamplig”, op die subjek in die gedig maak. Die wind word naamlik vergelyk met ’n kind wat “met bleek vingers” aan die gordyn “voel”.

Die genoemde personifikasies (en animasie) berei die ontwikkeling van die waarneming en impressievorming tot ’n *sensasie* voor, naamlik van steeds naderende weerloosheid en/of sterflikheid (vanuit die straat via die venster tot

binne die vertrek waarin die subjek sig bevind). Van dusdanige sensasie is “mensverlaat”, “verkwyn” en “bleek” kennelike sinjaalwoorde. Ook bekende simboliese betekeniswaardes wat geassosieer is met die twee blomsoorte wat in die gedig vermeld word (“narsings” in reël 3; “papawerrooi” in die slotreël), speel in die sinjalering van dié sensasie mee. Sowel die narsing (ook bekend as affodil) as die papawer word tradisioneel, soms vanuit mitologiese oorspronge, met beide bedwelmings en die spanning tussen lewe en dood verbind (Anoniem 1-4, 2017). Trouens, ’n mens sou kon redeneer dat ’n kern van laasgenoemde spanning al in die gedigtitel bevat word weens die betekenisassosiasies van sterflikheid/bedreiging (“Nag-”) en lewensvoedende krag (“-reën”) wat die twee woorddele daarvan inhou.

Deur middel van dié genoemde assosiasie-opwekkende middele, dit wil sê ook via die waarneming- en sensasievormingsmomentum van buite na binne, word die uiteindelijke *ekstatiese vereenselwiging* van die subjek met die waargenome natuur- en kultuurverskynsels voorberei – laasgenoemde wanneer die “papawerrooi” kleur van die plooiende gordyn, op voortgeset personifiërende wyse, as “teer en droef” beleef word (slotreël). Die sterk teenwoordigheid van sensitivistiese stemmingsdinge en woorde (nag, wind, reën, gedempte lig, kleure, trae/huierige bewegings) in die voorafgaande gedigdele speel in die voltrekking van die gesuggereerde verinnerlikingsproses ’n bemiddelende rol.

Ritmies en klankmatig skuil daar veel subtiliteit in “Nagreën”:

- die sintaktiese verdeling van die gedig in ’n kort openingsin wat op ’n ellips uitloop, gevolg deur ’n tweede, veel langer en herhaaldelik deur leestekengebruik gepouseerde sin, sodat onder meer ’n dinamiese afwisseling van enjambement- en sesuurgebruik in die hand gewerk word – alles in samehang gesien: ’n sintakties-ritmiese onderskraging van die spanning tussen die naderingsbeweging wat betref die subjek se waarnemings en gewaarwordings en die huieringsmomente wat daarmee gepaardgaan;
- ter versterking van dié spanning tussen dinamiese voortgang en huiering: die benutting van die jambe in die gedig, met funksioneel tempoversnellende en -vertragende afwykings van dié metrumsoort;
- die klankvergestalting van die ge-“skuifel” in die straat deur middel van die [s]-, [r]- en [f]-alliterasies in reëls 1 en 2;
- die samespel van veral [f]- en [r]-alliterasies met die opvallende ritmeversnelling in reël 4 (van die jambiese maat, wat in die res van die gedig domineer, tot ’n daktielagtige metrum patroon) om sodoende iets van die flikkering waarvan in hierdie reël sprake is, te vergestalt; en
- die verbreking van die oorheersende paarym-patroon in die gedig in die

einste reël 4 – daar waar die woord “vensterruit” aan die reëleinde opdoem as verkonkretisering van die skeidingsvlak tussen buite- en binnekant vir die waarnemende subjek.

Eweas in die bovermelde Van den Heever-gedigte, sien ’n mens in W.E.G. Louw se “sensitivistiese” werk egter nie die neologistiese taalgebruik en nie-rasionele sinsbou wat so kenmerkend van Gorter se strewe na digterlike evokasie van die fyn en subtiële besonderhede van sý werklikheidsbeleving was nie. Wat die Afrikaanse digters se werk betref (’n mens dink aangaande W.E.G. Louw in hierdie verband aan verdere bekende gedigte uit *Die ryke dwaas* soos “Vaalvalk”, “Aand” en “Stil aand”, en aan die epiese titelgedig uit sy 1944-bundel *Adam en ander gedigte* – laasgenoemde deur Antonissen, s.j.: 241, bestempel as “die mooi bekroning van ’n impressionisties-sensitivistiese tradisie”), sou ’n mens dus moet praat van *transmutatio* (verandering, herskikking, permutasie, verplasing) van die sensitivistiese kenmerke (wat betref tematiek, styl en verstegniek) van Gorter se *Verzen*. Dit gaan egter gepaard met *detractio* (weglating of redusering) van veral die ekstreme “woordkuns”-aard daarvan (die eksperimentering met neologistiese taalgebruik en nie-rasionele sinsbou).

#### 4. ’n Naklank van Gorter se ná-sensitivistiese werk in die van ’n Dertiger

’n Uitsonderlike stuk verwantskap tussen Gorter se ná-sensitivistiese werk en die van ’n Dertiger is raakgesien deur H.A. Mulder (1942: 41-42). Dié Nederlandse digter sou ’n toonaangewende kritikus van die Afrikaanse digkuns van die jare dertig en veertig van die vorige eeu word (Van Coller en Odendaal, 2009: 129-134); trouens, hy is deur die Dertigers as ’n “medestryder” vir hulle literêre ideale beskou (Kannemeyer, 1990: 230-252). Mulder het gemeen om op lewensbeskoulieke vlak bepaalde parallele te bemark tussen Gorter se voorheen vermelde sosialistiese verskuns, wat ná die 1895-*Verzen* ontstaan het, en Van Wyk Louw se gedigte wat, luidens Mulder (1942: 41), “het Afrikaanse nasionalisme” as ideologiese onderbou het. Hy meld dat Van Wyk Louw, al het hy nie Gorter se kommunistiese lewensbeskouing gedeel nie (kyk ook Steyn, 1998: 265, vir getuienis hiervan), bewondering gehad het vir dié Nederlandse digter se vermoë om vanuit die beperkte ideologiese denkraamwerk waaruit hy sy latere digkuns geskep het, dinge te sê wat “boven tijden en volken uitgaat, en dat men ‘de schoonheid’ kan noemen” (Mulder, 1942: 41-42; kyk ook Steyn, 1998: 251-252, 281). Van Wyk Louw het self sy bewondering vir Gorter in hierdie verband laat blyk, naamlik teenoor sy jonger broer W.E.G. Louw, in ’n brief gedateer 23 Julie 1936 (kyk Kannemeyer et al., 2004: 84) – ’n sentiment wat klaarblyklik deur

laasgenoemde gedeel is as hy later skryf (W.E.G. Louw, 1942: 71) dat Gorter se sensitivistiese verse, “in vergelyking met sy later werk”, beskoulik as “byna ’n jeugverskynsel” te bestempel is.

Soos Mulder (1942:42) suggereer, sou die gronde van hierdie besondere digterlike verwantskap met Gorter wat Van Wyk Louw aangevoel het – Mulder praat van ’n “aristocratische” kunsbeskouing in hierdie verband – gesien kon word as ’n gedeelde, “diepe sosiale ontroering en liefde voor alles wat eenvoudig en echt is”. Só gesien, kan hier, om ’n poëtiese-reaksie-onderskeiding soos deur Louise Viljoen (2014: 253) vermeld te benut, sprake van vereenselwiging met die digterspersoonlikheid en/of poëtika van die “rolmodel en prototipe” wees; kortom, van ’n “innige psigiese verwantskap tussen twee skrywers” (W.E.G. Louw, 1942: 14).

Die “*eis* [...] dat een dichter vol verwondering als de eerste mens tegenover de wereld zal staan”, is volgens Mulder (1942: 42) ’n verdere poëtikale beskouing wat Van Wyk Louw met Gorter gemeen gehad het, en wat by wyse van *transmutatio* as intertekstualiteitsvorm in sy eie werk neerslag gevind het. Mulder (1942: 42) haal ter staving die slotstrofe uit Van Wyk Louw se “Rondloper”, uit dié se 1935-debuut *Alleenspraak*, aan in sy argumentvoering:

Die vrou loer oor die agterdeur,  
die kinders kom so stil en kyk,  
want hy’t die oë van ’n kind  
wat nou eers na die dinge kyk.

Dit doen hy klaarblyklik met die doel om weerklanke van bepaalde sienings in ’n welbekende sosialistiese Gorter-gedig soos die volgende (uit sy *Verzen* van 1903) te laat opklink:

Van uit een nieuwe wereld treedt  
een vrouw mij toe met hangend kleed,  
zoo helder als ik nimmer zag,  
het oog zoo stralend als de dag.

[...] [Z]ij is zuiver als een glas,  
alsof ze zoo geboren was.

’n Ironie waarop Mulder (1942: 42, 48) wys, is dat beide Van Wyk Louw en Gorter, hulle sosiale ontroering ten spyt, nie deur die eenvoud-mens waaroor hulle skryf, gelees sou word nie. Vanweë hulle individualisme sou hulle voorts nie alte dierend in die vermeldede ideologiese konstrunkte opgaan nie.



## 5. 'n Lewendige intertekstuele gesprek met Mei deur 'n Afrikaanse "Tagtiger"

Ongeveer 'n halwe eeu ná die Dertigers is dit T.T. Cloete wat die digterlike nalatenskap van Gorter in die Afrikaanse poësiegeskiedenis lewendig hou. Cloete het, ná 'n herhaaldelik bekroonde loopbaan as Afrikaanse en Nederlandse literator (waarvan onder meer Terblanche, 2015, 'n beeld gee), in 1980 gedebuteer as digter – en is deur enkele kritici (soos Hugo, 1996: 9, en Hambidge, 1993: 8) bestempel as leidende figuur van die Afrikaanse digters wat in daardie dekade op die voorgrond getree het as beoefenaars van die vaster, "verantwoordeliker" verstipe (kyk ook Ohlhoff, 1999: 197; Kannemeyer, 2005: 689). Op grond hiervan, maar ook met inagneming van ander kenmerke van hulle werk, het kritici soos Gilfillan (1991) en Ohlhoff (1999: 197) selfs gewonder of hier nie sprake kon wees van 'n unieke Afrikaanse digterlike geslag nie, en wat dan die "Tagtigers" (!) sou kon heet.

Cloete sou, tot voor sy dood in 2015, uiteindelik 11 bundels die lig laat sien. Hy is 'n digter wat "'inklusief' dink en skryf" (Du Plooy, 2012: 119); wat ten diepste streef na digterlike vergestaltung van iets van die grootse samehang van die geweldige verskeidenheid korresponderende en/of disparate verskynsels wat in die kosmos en ook die menslike kultuuruitinge waargeneem kan word, naamlik as openbaring van die almag en sorgsame teenwoordigheid van God (Hein Viljoen, 1995: 51-54; Odendaal, 1997: 2-3). Vandaar is hy ook "by uitstek 'n digter wat met ander digters en hulle poëtikale opvattinge in gesprek tree" (Du Plooy, 2012: 120). 'n Belangrike bron – hoewel geensins die oorheersende nie – van dusdanige intertekstuele gespreksvoering vir hom is die Nederlandstalige letterkunde. Du Plooy (2012: 120-123) gee 'n indruk van die rykdom hiervan. Lig hierop is egter, uit verskeie hoeke, reeds deur ander kommentators in die verlede (en ook meer onlangs) op hierdie aspek van sy digterskap gewerp (Gouws, 1988; Nel, 1993; Nel en Gouws, 1995; Venter, 1995; Hein Viljoen, 2009; Nel, 2015; ensovoorts). Sy persoonlik en poëtikaal selfbeskoulike werk *Die ander een is ek* (2013) is deurtrek van verwysings na, sitate uit en toespelings op 'n groot verskeidenheid Nederlandse literêre werke.

Cloete se "reaktivering" van spesifiek Gorter se digwerk is deur Venter (1995: 152) uitgewys. Sy toon aan dat dit nie soseer Gorter se sensitivistiese *Verzen* is wat vir Cloete in sy eie digwerk as 'n verwysingspunt en inspirasiebron dien nie, maar wel die epies-liriese *Mei* – 'n afleiding wat by implikasie deur Cloete (2007a) self bekragtig word as hy in 'n artikel 'n dosyn jaar later raakpunte van, onder meer, Gorter se epies-liriese *Mei* met ander bekende werke uit die wêreldletterkunde bespreek. Venter (1995: 152) toon aan dat die Gorter-sitaat wat Cloete (1982: 42-47) by sy gedigreëks "Fyn vrugbare essensie" uit sy bundel *Jukstaposisie* benut ("er ligt in elk ding schuilend / fijne essence van and're dingen"; uit die eerste deel van *Mei* aangehaal), 'n essensie van Cloete se eie idiolek verwoord. Dié idiolek spel

sy dan uit by wyse van 'n ander aanhaling, dié keer uit 'n gedig van Cloete self, naamlik uit sy bundel *Driepas* (Cloete, 1989: 173): “alles is aan alles verwant in die hemel, op land, / onderwater”.

Vroeër reeds bespreek Schutte (1984: 101-102), en later weer Hein Viljoen (2009: 583-584), die “Fyn vrugbare essensie”-reeks met die vermelde Gorter-sitaat as motto. Beide toon aan hoe rymspelvorme in die spesifieke werke van Cloete en Gorter 'n klankmatige vergestaltung verteenwoordig van die betrekking van die skeppingsdinge op mekaar waarvan daar sprake is in die gedigte; maar ook dat die gedigreëks van Cloete 'n bepaalde “ontwikkeling” (Schutte, 1984: 102) openbaar in die waarneming en gewaarwording van die korrespondensies tussen die gekunstelaponeerde dinge. Die reëks skop naamlik af met “Landwandeling”, 'n gedig oor lewensvorme op land, “die diere, mense en insekte”, wat “mekaar naboots of afloer, by mekaar steel, mekaar na-aap” (Hein Viljoen, 2009: 584). Dan volg “Strandwandeling”, 'n gedig waarin die jukstaposisionele verbande tussen land- en see-verskynsels ter sprake kom. Vergelyk:

op die sand lê 'n halwe blouwit jelliebal  
 lê 'n sambreel lê 'n paddastoel  
 lê 'n deurskynende boepens soos 'n kwal[.]  
 (Cloete, 1982: 44)

In “Swerf”, die derde gedig in die reëks, word as 't ware willekeurig tussen aardse, hemelse en onderwaterse dimensies rondbeweë – ook tussen die mikro- en makro-kosmiese – agter die ontdekking aan van hoe verskynsels “speels ingedeel [word] / in mekaar deur die eksperimenterende Taksonoom” (Cloete, 1982: 45). Want, so stel Hein Viljoen (2009: 585) dit verderaan in sy artikel, “[d]ie groot geheel, die omvattende verband” in Cloete se werklikheidsbeskouing, “is God”; derhalwe sluit die reëks met, eers, die vierde gedig “Hemelse wandeling”, en dán die slotgedig (“Sweef”), 'n omarmend rymende kwatryn, waarin ook die subjek se posisie binne sodanige samehang-in-verskeidenheid-geheel aangestip word:

snags as van die aarde af uit my oog rondom  
 in die hemel in stengels lig waaierend uitstrek  
 tot die sterre aan hulle punte toe sit ek  
 in die saadkern van 'n onmeetlike disselblom[.]  
 (Cloete, 1982: 47)

Iets van die motief van reisende verkenning in die “Fyn vrugbare essensie”-reeks eggo byna dertig jaar later in nóg 'n reëks Cloete-gedigte, op sprekende wyse “swerwende verse” getiteld, naamlik uit die afdeling “saamsing” in sy bundel

*Onversadig* (Cloete, 2011: 63-71). Dié bundel van Cloete het in dieselfde tyd as die vermelde selfbeskoulike werk *Die ander een is ek* ontstaan, ’n teks waarin Cloete Gorter se naam minstens 30 keer ter sprake bring. Soos Venter en Hein Viljoen in hulle bespreking van die “Fyn vrugbare essensie”-reeks, lig Cloete die korrespondensieverskynsel in die natuur uit as ’n motief wat ’n raakpunt tussen sy en Gorter se vroeë digkuns vorm – as een van die “literêre momente” wat as ’t ware ’n “migrasie” ondergaan het tussen die “verskillende geografiese, historiese en algemene kulturele omstandighede” van *Mei* en sy eie (latere) digwerk heen, soos hy dié vorm van intertekstualiteit voorheen beskryf het (Cloete, 2007a: 46). Hy (Cloete, 2013: 76-79) noem voorts ’n verskeidenheid ander digters, maar ook kunstenaars, denkers en wetenskaplikes, in wie se werk besinning oor of vergestaltungs van dié verskynsel ’n prominente plek inneem. Interessant is dat Cloete (2013: 128-130) sinestetiese waarneming in verband bring met die (waarneming van die) korrespondensieverskynsel. Sinestesia, naamlik “die opwekking, na aanleiding van ’n sinuïglike indruk van één soort, van ’n geassosieerde geestesbeeld van ’n sinuïglike indruk van ’n ander soort” (W.E.G. Louw, 1942: 88), is ’n vermoë wat Cloete (2013: 128) bestempel as “[i]ets van die diere se hoë en magiese sensitiwiteit” wat deur die mensspesie “oorgehou” is in die evolusionêre proses. Hy haal uitdrukkings soos die volgende uit deel 1 van *Mei* aan onder die literêre illustrasies van sinestesia wat hy verskaf: “kleurige woorde” en “vochtige klinkers”. Sinestesia as beeldspraakvorm sou deur Gorter op selfs meer vindingryke wyses as die genoemde voorbeelde benut word in sy sensitivistiese *Verzen* (W.E.G. Louw, 1942: 89).

Belangrik vir Cloete se argumentasie in hierdie verband is dat hy die korrespondensieverskynsel beskou as die basis waarop ’n ander eksistensiële fenomeen wat hy as ’n beskoulike verwantskap tussen hom en Gorter aanvoel, berus: die selftransenderingstrewende. Selftransendering, skryf hy (Cloete, 2013: 76), is moontlik omdat (en hy haal dan *uit Mei* aan):

er [...] iets [is] dat bekoort  
in ieder ding [...].

Zoo is een menschenziel, waar elk ding kan  
elk ding oproepen uit den doffen ban  
des slaaps [...].

[...]

Er ligt in elk ding schuilend fijne essence  
van and're dingen.

Liefde en geloof is volgens hom uitings van die menslike selfstransenderingsvermoë; so ook mymering en herinnering, naamlik as mentale oorstygings van die liggaamlike vermoëns – hoewel geestelike en lyflike vermoëns verweefd funksioneer. “In elke ding wat ons waarneem,” skryf Cloete (2013: 76; met benutting van eggo’s uit die hierbo aangehaalde reëls uit *Mei*), “slaap ding wat ons kan wakker maak en waarin ons ons self kan oordra”.

Ter illustrasie van sulke literêre transendensie-uitings haal hy (Cloete, 2013: 59, 264) dan telkens uit *Mei* aan, byvoorbeeld soos volg: “de mijmering / Over een ding, is teerder dan het ding”; en “der menschen mooiste slaaf, herinnering” bring die “troost” van “mijmering”. Hy vra hom dan af of dié gemymer “over een ding niet zóó wel als het ding” self is nie.

Hy redeneer trouens dat die hele *Mei*-gedig in wese handel “oor die fenomeen van die liggaam en sy wonderlike, lieflike transendente, en dan uiteindelik [oor] die aanvaarding dat alles wat bestaan, gaan sterf” (Cloete, 2013: 75). Die *Mei*-figuur, wat verlief raak op die *Balder*-figuur (voorheen bekend uit Noorse mites), is vir hom die boeiende een in dié epies-liriese werk van Gorter. Die *Balder*-figuur – volgens iemand soos Van Heerden (1978: 17) die mitiese verpersoonliking van die vergeestelike lewe, maar volgens Cloete (2013: 97) ’n figuur “wat skoonheid, liefde en geluk simboliseer” – is goddelik van aard, dus nie “van transendering afhanklik nie en het [...] ook nie behoefte daaraan om ’n ander wese te wees nie”. Cloete (2013: 97-98) haal twee spreekbeurte van *Balder* uit *Mei* aan ter illustrasie van hierdie selfgenoegsaamheid van hom. Hierna (Cloete, 2013: 98) wys hy, met benutting van sitate uit *Mei*, op hoe die verteller “ontkennende kommentaar” lewer op die nie-liggaamlike wese *Balder* wat “leeft door eigene ontvangenis”, “die siel wat in homself gevange bly en nie ’n ‘wensch naar anders en naar meer’ het nie”. Want, skryf Cloete (2013: 98): “Om die ander een te word, is altyd ’n meer word, ’n vermenigvuldiging.”

Die tekening van die *Mei*-figuur se aardse afhanklikheid en sinnelikheid kan gesien word as ’n digterlike vergestaltung van die hewige sensualiteit waarvoor Gorter as persoon én digter bekend staan (kyk, onder meer, W.E.G. Louw, 1942: 68-70). Dit kon, soos voorheen vermeld, aanleiding gegee het daartoe dat hy hom eerstens, soos spesifiek in *Mei*, as ’t ware op die natuur gewerp het, en tweedens sulke aangrypende minneliriek tydens die sensitivistiese fase van sy digterlike ontwikkeling kon skryf (kyk Endt, 1977: 139-143, en W.E.G. Louw, 1942: 71, vir besonderhede van hierdie argument). ’n Pendant van die poging tot panteïsties-mistieke vereenselwiging (aldus Leijnse, 1998: 563; of dan “identificatie-uit-liefde”, naamlik met die natuur of vrou – Endt, 1977: 133) via die poging tot uitdrukking van die wesenlik

onsegbare, is die opmerklieke besef van 'n tekort, 'n onvervuldheid wat onvermydelik ervaar moet word. Meermale neem laasgenoemde die vorm van 'n sterk verganklikheidsbesef aan.

Soos voorheen vermeld, het die sensitivistiese strewe na uitdrukking van die onmiddellike, beweeglike realiteitsbeleving aanleiding gegee tot woordkunsekperimente deur Gorter wat die onontsyferbare sou nader. Van den Berg en Couttenier (2013: 610) meen dat Gorter hiermee, soos Van Deysel in sý sensitivistiese prosa, 'n fase van nihilisme in sy digterskap betree het. Daardeur het hy, volgens hulle, aansluiting gevind by 'n strewe na epifaniese beleving wat in breër Europese literatuurverband teen die einde van die negentiende eeu op die voorgrond gestaan het: “een zich aan de ratio onttrekkende, plotselinge, kort durende, diep inwerkende ervaring waarin een zintuiglijk waarneembaar element in de gewone, alledaagse werkelijkheid een niet binnen een gangbaar kader te plaatsen reactie oproept bij wie het ondergaat” (Van den Berg en Couttenier, 2013: 610).

Ook by Cloete is 'n opmerklieke mistieke element te bemerk in sy beleving van die kosmos, waardeur die alomteenwoordige Skepper-God hom panenteïsties openbaar (in die werklikheidsdinge; nie ás die werklikheidsdinge nie; kyk Odendaal, 1997: 240). Anders as die vermeend nihilistiese belewenis by Gorter, is die mistiek by Cloete egter kennelik Bybels-religieus gekleurd en dalk selfs as Calvinisties-Protestants van aard te bestempel (Odendaal, 1993; en 1997: 243-244; Bosman, 1989: 298-299). Dit getuig egter, eweas by Gorter, van 'n intens aardse, sintuiglike en selfs sinlike inslag, en vind eweneens neerslag in die felle erotiek wat hy dikwels in sy verse onder woorde bring (Odendaal, 1993: 9-16, en 1997: 241-242). Soos Gorter in Nederlands, het Cloete bewonderde liefdesgedigte in Afrikaans geskryf (waarvan die meerderheid versamel is in sy bloemlesing *Uit die wit lig van die land gesny. Vir Anna*, 2010; ses van sy gedigte is opgeneem in die jongste uitgawe van *Die heel mooiste Afrikaanse liefdesgedigte* – Olivier, 2016).

Uit beide die volgende twee liefdesgedigte van, onderskeidelik, Gorter en Cloete spreek so 'n mistieke verlange na (by Gorter) of belewenis van (by Cloete) vereenselwiging-in-liefde (opvallender van erotiese aard in die Cloete-gedig) – maar ook ander ooreenkomste, dit wil sê naas opvallende verskille (waarvan slegs enkele verderaam ter sprake gebring word).

<p>Gij staat zoo heel, heel stil met uwe handen, ik wil u zeggen een zoo lief wat, maar 'k weet niet wat.</p> <p>Uw schouder-tjes zijn zoo mooi, om u is lichtgedooi, warm, warm, warm – stil omhangen van warmte, ik doe verlangen.</p> <p>Uw oogen zijn zoo blauw als klaar water – ik wou dat ik eens even u kon zijn, maar 't kan niet, ik blijf van mijn.</p> <p>En ik weet niet wat 't is wat Ik u zeggen wil – 't was toch wat.</p> <p>(Gorter, 1977/1890)</p>	<p>ek alleen met jou</p> <p>ek sit met jou hartstogtend op 'n helder herfsoggend</p> <p>sonder dat jy dit weet is jy vir my gereed</p> <p>terwyl jy oor ander goed gesels begin ek jou omhels</p> <p>en jou sonder jou medewete met my liggaam vashou</p> <p>met my staan met my in jou ópgaan</p> <p>vlinder in jou blom ongehinder</p> <p>onderverdeel jou dit kan jou min skeel</p> <p>was nou maar jou skottelgoed jy bly tintel in my bloed</p> <p>terwyl jy nou elders huislik beusel laat jy my hele liggaam soet treusel</p> <p>(Cloete, 1989)</p>
---	--

Die besef van 'n onvermydelike tekort en onervulbaarheid wat deur Leijnse (1998: 563) uitgewys is as 'n teenhanger van die mistieke vereenselwigingstrewes in Gorter se werk, is duidelik te bemark in die Nederlandse gedig. Ewe pertinent word die motief van die onsegbaarheid van die belewenis gemaak. Juis die erkenning van die digterlike onvermoë in hierdie verband het geresulteer in van die aantreklikste van Gorter se sensitiviteitsgedigte, soos ook nog “Ik ben alleen in het lamplicht”, “Mijn handen zijn zoo heet”, “Ik wilde ik kon u iets geven”, “Zie je ik hou van je” en dergelike getuig (Gorter, 1977/1890). Hierdie verse is opvallend eenvoudiger en konvensioneler van segging as sy ander sensitiviteitswerk; stilisties en vormlik meer versoerd.

In Cloete se “ek alleen met jou” word die mistieke selftransending met oënskynlike groter durf aangepak, klink die erotiek-geïnspireerde eenwording waarskynliker as in die geval van Gorter se gedig. Tog moet die subjek teen die einde van die gedig erken dat die geliefde klaarblyklik min geskeel is deur sy attenties (sy was uit die staanspoor onbewus daarvan). Sy liggaam se “soet [ge-]treusel” is verbeeldingswerk.

Hierdie verbeeldingselement is te koppel aan 'n ander menslike selftransenderingsvermoë wat Cloete in *Die ander een is ek* onderskei, te wete ons vermoë (en behoefte) om in verwondering te verkeer. Hy skryf (Cloete, 2013: 183) dat Gorter drie soorte mense onderskei het “wat hulle in die wonders van die lewe kan in-leef”: kinders, jong vroue en mans met digterlike aanleg. (Cloete haal, ter stawing van laasgenoemde, uit *Mei* aan.) Dit gaan om die soort mens wat nog nie deur die alledaaglikse werklikheidsbeleving en deur gewoontevorming afgestomp geraak het nie, wat as 't ware nog tot skrik oor hulself en die omringende werklikheid in staat is – “soos Gorter se Meifiguurtjie vir haarself skrik in die lang, lieflike gedig *Mei*,” skryf Cloete (2013: 184). Hy het die passasie uit deel 1 van die Gorter-gedig in gedagte waar Mei haar dors in die “duinvijver” les, en dan vir die eerste keer haar gelaat gewaar in die spieëlbeeld op die stil water: “[T]oen sloeg ze de ogen neer / en zach zich zelve. En een blijde schrik / Verstelde haar, het werd een ogenblik / Waarin ze niet dacht [...]” As sy later in dieselfde deel van die gedig die eerste keer die woudnag ervaar, is daar weer so 'n verskrikkende verwondering: “In die bomen huist' er / Een wonderlijke schrik voor schemering / en voor elk windje dat hun lover ving.”

'n Frase uit laasgenoemde *Mei*-passasie duik op funksionele wyse op in die gedig “*mirafra apiata*” (= klapperlewerik) uit Cloete se *Onversadig* (2011: 186), 'n bundel wat, soos reeds genoem, ontstaan het in ongeveer dieselfde tyd as *Die ander een is ek*.

party nagvoëls het hulle aaklige rou  
voormenslike spookroep behou

tot vandag toe in my bevreesde vroeër klein  
menslikheid het ek die verskrikte kiewiete snags gehoor  
op die afgeleë plaas syferfontein  
in my gepynigde linkeroor

het ek beangs gelê en luister  
na die dikkop se donker hees  
waarskuwings en die tarentaal se fluister  
in die doringboom langsame drup van vrees

om dit uit te doof het ek dan  
van gekoesterde mossies hardop gelees  
by swak spokerige kerslig  
en gelees van die San  
se dagbreek-voëltjiegedig

wat my van *een* *schrik*  
 voor *schemering* verlos vandag weet ek alte goed  
 dit moet so en nie anders nie wees inskiklik  
 lê ek my by die pynlike soet  
 van die stadige sterflikheid neer

nou sing windaf tuimelend aarde toe teen daglig  
 in 'n blootgestelde wye oop veld 'n klapperlewerik  
 kleurryke liriese borrels van my terugkeer

tot in my murg dieper as been dieper as vlees afgerig[.]

Die strekking in die derde laaste strofe is soortgelyk aan 'n kunste-motief waaroor Cloete (2013: 184-188) in *Die ander een is ek* uitwei, naamlik dat “kunstenaars van ouds af gedroom [het] van 'n mens wat volwasse gebore word”, sintuiglik en geestelik gereed om “die wonderbaarlike van die skepping” voluit te beleef (Cloete, 2013: 184) – net soos wat die “Meifiguurtjie, 'n jeugdige vrou, soos 'n vlinder volgroeid gebore” is, voeg hy tot sy argument toe (Cloete, 2013: 186). Hierdie gedagtegang staan digterlik vergestalt in die vers “volwasse geboorte” uit Cloete se bundel *Heilige nuuskierigheid* (2007b: 100-101). 'n Gedeelte daaruit lui soos volg:

digters droom ou drome van bevrydende  
 vervreemding die Grieke en Egiptenare laat mense  
 en gode ryp uit die dop breek Gorter  
 maak 'n jong vrou 'n lentemeisie Mei  
 vars sonder voorgeboorte wakker sonder  
 geboorte en grootword onopgevoed  
 volwasse uit die slaap verlos met musiek  
 in 'n lieflike landskap van water en blomme[.]

Die intertekstualiteit wat Cloete se digwerk met dié van Gorter vertoon, uitgesproke al dan nie, is derhalwe meervlakkig. Daar is flardes sitering van Gorter as literêre vader aan te toon, maar die vereenselwiging met aspekte van Gorter (as “rolmodel en prototipe” – Louise Viljoen, 2014: 253) se digterspersoonlikheid en poëtika is prominenter. Die implikasies van die beleving van die korrespondensie- en die mistieke selftransenderingsverskynsels kry 'n eie invulling; breedweg gesien, transmuteer die immanente (sy dit: nihilistiese) werklikheidsbeleving by Gorter tot 'n metafisies-religieuse by Cloete.



## 6. 'n Digterlike kopknik na Gorter in 'n elegiese bundel van nóg 'n Afrikaanse Neerlandikus

Van minder diepgaande implikasie met betrekking tot sy digterskap as in die geval van Cloete, lyk die kopknik in die rigting van Gorter as literêre vader wat Fanie Olivier (2010: 12) gee in die gedig “gorter lank reeds uit die pad geskouer”, opgeneem is sy bundel *apostroof*. Dié gedig speel, by wyse van (parodiërende) *transmutatio*, vernuftig in op bepaalde elemente uit minstens twee werke van Gorter: *Mei* en die hierbo bespreekte sensitivistiese vers “Gij staat zoo heel, heel stil”. Só lui Olivier se gedig:

gorter lank reeds uit die pad geskouer:  
lig word mos dowwer, 'n mens ook ouer:

sak die bors weg, word die arms dun;  
om die enkels word die hare min.

oor alles word mens daaglik steeds meer skepties  
net die woorde meer vernuftig en eklekties

terwyl die woorde telkens minder demonstreer.

hoekom voel jy dan skielik op 'n oggend seer  
oor die son, laat die dou jou na jou asem snak?  
sal jy een nag wakkerbly totdat die sterre sak?

sal jy terwyl 'n spreker êrens postuleer  
bedag word oor 'n klein gebaar, sien hoe teer

haar hare vat-vat aan haar vel, die bra se bandjie  
kantfyn kop-uitsteek onder die trui se randjie

alles trillend saamtrek in en om haar skouer  
as jy koorsig ril, al word die kamer kouer?

Die vrouefiguur wat in die twee slotstrofes beskryf word, is – soos die vrou wat in verreweg die meeste ander gedigte in Olivier se bundel ter sprake kom – sy eggenote, die Afrikaanse literator Rike Olivier. Sy was, op grond van 'n belangrike onderdeel van haar onderrig- en navorsingswerk, nes Olivier self, 'n kenner van die Nederlandstalige letterkunde. Bowendien was haar

vader die Vlaams gebore en getoë Rob Antonissen, wat tussen 1960 en 1972 beduidende smaakmaker- en hekwagterrolle as literêre keurder, resensent en literatuurhistorikus in die Afrikaanse literatuursisteem, in 'n mindere mate ook in die Nederlandstalige sisteem, gespeel het (Odendaal en Van Coller, 2012). Vandaar dat meer as een maal in Olivier se bundel gewag gemaak word van “jou vlakkeland” in verband met Vlaandere wanneer die subjek sy geliefde aanspreek, asook dat weerklanke van Nederlandstalige literêre tekste 'n belangrike deel uitmaak van die ryke intertekstualiteit wat 'n kenmerk van dié bundel is (Odendaal, 2010).

Rike Olivier sterf in 2007 ná uitgerekte lyding weens 'n rare, slopende siekte wat onder meer haar woordgeheue en derhalwe uitdrukkingsvermoë aangetas het. Blykens 'n ander gedig uit die bundel, “tussenteks” (Olivier, 2010: 47), het die digter haar as-oorskot gaan uitstrooi in die Schelderivier op die grens tussen Nederland en Vlaandere.

Die ironiese kontraswerking wat in “gorter lank reeds uit die pad geskouer” deur die literêre verwysings na *Mei* en “Gij staat zoo heel, heel stil” bewerkstellig word, wen in die lig van al hierdie gegewens aan trefkrag – ten spyte daarvan dat die gedig aan die begin van die bundel geplaas is, posisioneel dus op 'n plek in die bundel vroeër as wat gedig word oor hoe die siektesimptome by die geliefde waarneembaar geword het.

Dit is egter nie die vrou in die Olivier-gedig wat met die Mei-figuur gekontrasteer word nie, wel die sprekende subjek (wat na homself in die tweede persoon verwys). Teen die verlies aan prille sintuiglikheid en sensualiteit, die beleweniswyse so kenmerkend aan die Mei-figuur, moes die digter, vanweë 'n verouderde liggaam (strofes 1 en 2), leer om hom te staal – om as 't ware Gorter “uit die pad [te] skouer”, byvoorbeeld deur middel van rasionalisering (strofes 3 en 4). Tog laat die tersluikse waarneming van die geliefde (waarskynlik tydens 'n kongresverrigting; strofe 6) opnuut Gorteriaanse sensasies by hom opvlam: intense natuurwaarnemings wat motiewe uit *Mei* in die herinnering roep (lig, dou, 'n nagtoneel; strofe 5), asook erotiese ontwaking by die aanskoue van fasette van die vrou se liggaamlikheid (strofes 6 en 7).

Die gedig sluit dan waar “alles” vir die subjek “trillend saamtrek in en om haar skouer / as jy koorsig ril, al word die kamer kouer” – frases wat herinner aan die volgende strofe uit Gorter se “Gij staat zoo heel, heel stil”:

Uw schouertjes zijn zoo mooi,  
om u is lichtgedooi,  
warm, warm, warm – stil omhangen  
van warmte, ik doe verlangen.

## 7. Enkele reaksies op ander Van Ostajen-gedigte in die Afrikaanse poëtiesistiem

Om (soos Van Zyl, 2008, en Van Coller, 2015) die nawerking van Gorter se digwerk as hoofsaaklik beperk te sien tot die lewens- en digkunsbeskoulike invloede wat daarvan uitgegaan het op die digkuns van die Dertigers, naamlik as erfenis van die passiegedrewe individualisme van die Europese Romantiektradisie, strook nie met die werklikheid nie.

Inderdaad sou twintigste-eeuse verskuiwings in heersende literatuuropvattinge die intertekstuele relevansie van die digwerk deur 'n Van Ostajen, 'n Nijhoff, 'n Achterberg en 'n Vyftiger soos Lucebert bo dié van 'n Gorter bevoordeel. In die Afrikaanse poëtiesistiem is daar, wat die twintigste eeu betref en breedweg in ooreenstemming met internasionale ontwikkelings, die volgende evolusie in literatuuropvattingvoorkeure aan te stip (kyk Odendaal, 2003: 31):

- twintiger- en dertigerjare: die ekspressiewe (psigologistiese) literatuuropvatting (waarin die verhouding teks-digter primeer);
- vanaf ongeveer 1935 tot ongeveer 1975: die outonomistiese literatuuropvatting (waarin die verhouding teks-sigsself primeer); en
- vanaf die sewentigerjare: die pragmatiese en mimetiese literatuuropvattinge, min of meer in tandem (waarin die verhoudings teks-werklikheid en teks-samelewing op die voorgrond geplaas is).

Tog evolueer sulke verskuiwings nie absoluut of uitsluitend van mededingende poëtikale beskouings nie. As die digters ter sprake by so 'n intertekstualiteitsondersoek bowendien kenners van beide tersaaklike literêre sisteme is, word die kans beter dat digterlike manifestasies van 'vreemde' literatuuropvattinge binne die bronsistiem (in hierdie geval die Nederlandse) steeds die durende aandag sal geniet van die digters in die doelsistiem (hier die Afrikaanse). Omtrent al die Afrikaanse digters ter sprake in hierdie artikel (die Louw-broers, C.M. van den Heever en, soos aangetoon, T.T. Cloete en Fanie Olivier) was dosente aan Suid-Afrikaanse universiteite. Aan hierdie instellings is Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tesame bestudeer en onderrig, naamlik binne die verband van 'n enkele vakgroep (Afrikaans-Nederlands of Afrikaans en Nederlands).<sup>1</sup>

## Bronnelys

- Anbeek, Ton.** 1991 (1990). *Geschiedenis van de Nederlandse literatuur 1885-1985*. Amsterdam: Uitgeverij De Arbeiderspers.
- Anoniem 1.** 2017. Die vallei van blommeprag. *Wagtoring-Aanlynbiblioteek*. <http://wol.jw.org/af/wol/d/r52/lp-af/102005288> [Datum van gebruik: 21 Maart 2017].
- Anoniem 2.** 2017. Affodil. *Wikipedia*. <https://nl.wikipedia.org/wiki/Affodil> [Datum van gebruik: 21 Maart 2017].
- Anoniem 3.** 2017. Papawers [Lente. Liefde]. *Trouinspirasie*. <http://www.trouinspirasie.co.za/blog/blomme/papawers-lente-liefde> [Datum van gebruik: 21 Maart 2017].
- Anoniem 4.** 2017. Blomme net waar jy kyk. *Hoezit! Die pretwerf met breinkrag*. <https://hoezet-atkv.squarespace.com/mywereld/2014/10/14/blomme-net-waar-jy-kyk>. [Datum van gebruik: 21 Maart 2017]
- Antonissen, Rob.** 1946. *Herman Gorter en Henriëtte Roland Holst*. Antwerpen: De Sikkel.
- Antonissen, Rob.** S.j. (derde hersiene uitgawe, tweede druk; 1955). *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: NASOU.
- Antonissen, Rob.** 1984. *Digkuns van die Nederlande 1100-1970, Deel 2*. Stellenbosch en Grahamstad: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.
- Boskma, Pieter.** 2014. *Zelf*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Bosman, M.E.** 1989. *Op Hom die groot hosannas. Enkele aspekte van die moderne Christelike poësie in Afrikaans*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Grahamstad: Universiteit Rhodes.
- Brems, Hugo.** 2006. *Altijd weer vogels die nesten beginnen. Geschiedenis van de Nederlandse literatuur 1945-2005*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Cloete, T.T.** 1982. *Jukstaposisie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 1989. *Driepas*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 2007a. Swewende verse. *Tydskrif vir Letterkunde* 44(2): 46-61.
- Cloete, T.T.** 2007b. *Heilige nuuskierigheid*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 2010. *Uit die wit lig van die land gesny. Vir Anna*. Plettenbergbaai: Pooka.
- Cloete, T.T.** 2011. *[O]nversadig*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 2013. *Die ander een is ek*. Plettenbergbaai: Pooka.
- De Boer, P.** 2004. Wat Gorter te zeggen had, zegt Boskma hem na (resensie van die bundel *Puur*). *Trouw*, 12 Junie.
- De Geest, Dirk.** 2016. (Resensie van) Frank Keizer. Onder normale omstandigheden. *Mappa Libri*, februarie. <http://mappalibri.be/?navigatieid=61&recensieid=6165> [Datum van gebruik: 28 Julie 2017].

- Dekker, Gerrit.** 1933. *Die impressionisme in die Nederlandse letterkunde*. Pretoria: De Bussy.
- Dekker, Gerrit.** 1973 (1935). *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: NASOU.
- De Schutter, F.** 2000. *Het verhaal van de Nederlandse literatuur (band 3). De Beweging van Tachtig. Van Nu en Straks. Interbellum*. Kapellen: Uitgeverij Peckmans, en Amsterdam: Wereldbiblioteek.
- De Vugt, G.** 2013. Dandyism as monumental-political ethos: Van Deyssel and the walking Utopia. *Dutch Crossing* 37(1): 57-78.
- Donker, Anthonie.** 1929. *De episode van de vernieuwing onzer poëzie*. Maastricht: N. v. Leiter-Nypels.
- Du Plooy, Heilna.** 2012. “Dit innerlijk bedrijf, verzinnelijkt”. T.T. Cloete en J.H. Leopold. In: T’Sjoen, Yves en Foster, Ronel (reds.). 2012. *Toenadering. Literair grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands / Literêre grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands*. Leuven / Den Haag: Acco. 119-145.
- Ekkers, Remco.** 2016. Recensie: Hannah van Binsbergen – *Kwaad gesternte. Tzum. Literaire weblog*. <http://www.tzum.info/2016/12/recensie-hannah-binsbergen-kwaad-gesternte> [Datum van gebruik: 27 Julie 2017].
- Endt, Enno.** 1977. De sensitiewe verzen: liederen van vervulling en tekort. In: Gorter, Herman. 1977. *Verzen. De editie van 1890 met een inleiding en annotaties van Enno Endt*. Amsterdam: Athenaeum – Polak & Van Gennep. 129-165.
- Foster, Ronel.** 2012a. Afrikaanse en Nederlandse herskrywings van Martinus Nijhoff se ikoniese gedig “Impasse”. In: T’Sjoen, Yves en Foster, Ronel. (reds.). 2012. *Toenadering. Literair grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands / Literêre grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands*. Leuven / Den Haag: Acco. 177-211.
- Foster, Ronel.** 2012b. Afrikaanse herskrywings van Martinus Nijhoff se ikoniese gedig “Impasse”. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 19(1): 51-68.
- Foster, Ronel; T’Sjoen, Yves; en Vaessens, Thomas** (reds.). 2009. *Over grenzen / Oor grense. Een vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poëzie / ’n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie*. Leuven / Den Haag: Acco.
- Gilfillan, F.R.** 1991. Die poësie van die tagtigerjare: ’n indruk. *Stilet* 3(1): 47-56.
- Gorter, Herman.** 1905 (1897). (Ongetitelde inleiding tot) *De School der Poëzie*. Amsterdam: W. Versluys.
- Gorter, Herman.** 1977. *Verzen. De editie van 1890 met een inleiding en annotaties van Enno Endt*. Amsterdam: Athenaeum – Polak & Van Gennep.
- Gorter, Herman.** 1978 (1976). *Mei. Een gedicht (ingelei deur Ernst van Heerden)*. Kaapstad en Pretoria: Academica.
- Gouws, Tom.** 1988. *Die transskripteuele lees: hiaat, haplografie en transskripsie in die*

- poësie van Breytenbach, Krog en Cloete; 'n logosentriese lesing. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Grové, A.P.** 1977. *Woord en wonder. Inleidende studie oor die tegniek van die poësie.* Elsiesrivier: NASOU.
- Grové, A.P.** 1992. Impressionisme. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: HAUM-literêr. 182-183.
- Grové, A.P. en Buning, T.J.** (samests.). 1968. *Digters uit die Lae Lande.* Pietermaritzburg: Natalse Universiteitspers.
- Hambidge, Joan.** 1993. Cloete se jongste bundel bevestig vernuf van rym en tegniek. *Die Burger*, 26 Januarie: 8.
- Heijnders, Odile.** 2002. De man van de toekomst. Over de Spinozistiese gedichten van Herman Gorter. *Literatuur*, jg. 10. Bron beskikbaar gestel op die Digitale Bibliotheek Nederlandse Literatuur (DBNL)-webblad. [http://www.dbnl.org/tekst/\\_lit003200201\\_01/\\_lit003200201\\_01\\_0053.php](http://www.dbnl.org/tekst/_lit003200201_01/_lit003200201_01_0053.php) [Datum van gebruik: 14 Januarie 2014].
- Hugo, Daniel.** 1996. Die Afrikaanse poësie 1990–1995: 'n Bestekopname in bevooroordeelde flitse. *Ensovoort* 8(1): 8-10.
- Jonckheere, W.F.** 1988. Periode van vernuwung en idealisme. In: Van der Elst, J., Ohlhoff, C.H.F. en Schutte, H.J. (reds.). 1988: 239-318.
- Kannemeyer, J.C.** 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I.* Kaapstad en Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C.** 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987.* Kaapstad: H&R Academica.
- Kannemeyer, J.C.** 1990. *Die dokumente van Dertig.* Kenwyn: Jutalit.
- Kannemeyer, J.C.** et al. 2004. *Ek ken jou goed genoeg. Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936-1939.* Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kannemeyer, J.C.** 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004.* Kaapstad: Human & Rousseau.
- Keizer, Frank.** 2016. *Onder normale omstandigheden.* Antwerpen: Uitgeverij Polis
- Leijonse, Elizabeth.** 1998. 19 April 1897: Herman Gorter en Henriëtte Roland Holst worden lid van de Sociaal-Democratische Arbeiders Partij. In: Schenkeveld-van der Dussen (hoofred.). 1998: 562-568.
- Louw, W.E.G.** 1942. *Die invloed van Gorter op Leopold.* Kaapstad: Nasionale Pers.
- Louw, W.E.G.** 1973. *Versamelde gedigte.* Kaapstad: Tafelberg.
- Mulder, H.A.** 1942. *Twee wêreldes. Opstelle oor Afrikaanse en Nederlandse letterkunde.* Pretoria: J.L. Van Schaik Beperk.
- Nathalie, Villa.** 2016. Een dichtbundel als boekenblogklus: *Onder normale omstandigheden* – Frank Keizer. *Hebban*. <https://www.hebban.nl/spot/villanathalie/nieuws/onder-normale-omstandigheden-frank-keizer> [Datum van

gebruik: 28 Julie 2017].

- Nel, Adéle.** 1993. *Die allotropie van gevormde literatuur in die poësie van T.T. Cloete: 'n ondersoek van die ideolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste.* Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Nel, Adéle.** 2015. "Die gedig as spel" – fasette van spel in enkele gedigte van T.T. Cloete. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(2): 188-204.
- Nel, Adéle, en Gouws, Tom.** 1995. Die interfererende kontoere van Nijhoff en Cloete se poëtika. *Literator* 16(3): 183-196.
- Odendaal, Bernard.** 2010. (Resensie van) *apostroof* deur Fanie Olivier. <http://versindaba.co.za/2010/04/23/apostroof> [14 Oktober 2016].
- Odendaal, Bernard; en Van Coller, Hennie.** 2012. Rob Antonissen in die Afrikaanse literatuursisteem. In: T'Sjoen, Yves; en Foster, Ronel (reds.). 2012: 45-62.
- Odendaal, B.J.** 1993. Via alruin en seks tot God: die eiesoortige mistiek in die poësie van T.T. Cloete. *Literator* 14(2): 1-23.
- Odendaal, B.J.** 1997. *Retoriese strategieë in die poësie van T.T. Cloete.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Odendaal, B.J.** 2003. Waardepeilings van die digkuns van C.M. van den Heever. *Literator* 24(1): 19-36.
- Ohlhoff, Heinrich.** 1999. Perspektief op die Afrikaanse poësie: die poësie van voor 1900 tot 1960. In: Van Coller, H.P. (red.). 1999: 21-243.
- Olivier, Fanie** (samest.). 2016. *Die heel mooiste Afrikaanse liefdesgedigte.* Kaapstad: Human & Rousseau.
- Olivier, Fanie.** 2010. *[A]postroof.* Kaapstad: Human & Rousseau.
- Opperman, D.J.** 1953. *Digters van Dertig.* Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Rodenko, Paul.** 1954. *Nieuwe griffels schone leien. Van Gorter tot Lucebert van Gezelle tot Hugo Claus. Een bloemlezing uit de poëzie der avant-garde.* Den Haag / Antwerpen: Daamen N.V. / De Sikkel.
- Schenkeveld-van der Dussen, M.A.** (hoofred.). 1998 (1993). *Nederlandse Literatuur, een geschiedenis.* Amsterdam en Groningen: Uitgeverij Contact.
- Schutte, H.J.** 1984. 'n Poëtika van korrespondensies: *Angelliera* en *Jukstaposisie*. In: Viljoen, H. et al. (reds.). 1984: 93-107.
- Steyn, J.C.** 1998. *Van Wýk Louw. 'n Lewensverhaal* (2 dele). Kaapstad: Tafelberg.
- Stuiveling, G. en Van Bork, G.J.** 2005. Gorter, Herman. Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren. [http://www.dbnl.org/tekst/bork001schr01\\_01\\_bork001schr01\\_01\\_0385.php](http://www.dbnl.org/tekst/bork001schr01_01_bork001schr01_01_0385.php) [Datum van gebruik: 24 Januarie 2014].
- Terblanche, Erika.** 2015. T.T. Cloete (1924–2015). *ATKV/LitNet-Skryuersalbum.* <http://www.litnet.co.za/tt-cloete-1924> [Datum van gebruik: 15 April 2017].
- T'Sjoen, Yves; en Foster, Ronel** (reds.). 2012. *Toenadering. Literair grensverkeer*

- tussen Afrikaans en Nederlands / Literêre grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands. Leuven / Den Haag: Acco.
- Van Binsbergen, Hannah.** *Kwaad gesternte*. Amsterdam: Uitgeverij Atlas Contact.
- Van Coller, H.P.** (red.). 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, Deel 2. Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.
- Van Coller, H.P.** 2014. Die ontwikkeling van en die verbande tussen die Nederlandstalige en Afrikaanse letterkunde (deel 1). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 21(2): 22-41.
- Van Coller, H.P.** 2015. Die ontwikkeling van en die verbande tussen die Nederlandstalige en Afrikaanse letterkunde (deel 2). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 22(1): 23-42.
- Van Coller, H.P. en Odendaal, B.J.** 2005a. Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. Deel 1: Oorwegings vir 'n beskrywende model. *Stilet* 17(3): 1-17.
- Van Coller, H.P. en Odendaal, B.J.** 2005b. Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. Deel 2: 'n Chronologiese oorsig. *Stilet* 17(3): 18-46.
- Van Coller, H.P. en Odendaal, B.J.** 2009. Drie gevalle van “oorgrens-funksionering” tussen die Afrikaanse en Nederlandse literatuursisteme gedurende die twintigste eeu: H.A. Mulder, Jan Greshoff en Elisabeth Eybers. In: Foster, Ronel; T'Sjoen, Yves; en Vaessens, Thomas (reds.). 2009: 129-152.
- Van den Berg, W. en Couttenier, P.** 2009. *Alles is taal geworden. Gesiedenis van de Nederlandse literatuur 1800-1900*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Van den Heever, C.M.** 1932. *Deining*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Elst, J., Ohlhoff, C.H.F. & Schutte, H.J.** (reds.). 1988. *Momente in die Nederlandse letterkunde*. Kaapstad en Pretoria: Academica.
- Van Deysel, Lodewijk.** 1895. *Over Louis Couperus, Toevoegsel: Over de wijze van boeking der sensatie*. Uit: *Verzamelde werken IV, Kritieken*. Amsterdam: G.A. van Oorschot.
- Van Heerden, Ernst.** 1978. Inleiding. In: Gorter, Herman. *Mei. Een gedicht (ingelei deur Ernst van Heerden)*. Kaapstad en Pretoria: Academica. 1978: 9-46.
- Van Zyl, Dorothea.** 2008. Grensoorskrydende passie in die poësie van Antjie Krog en Anna Enquist: vroueverskynsel, konvensie of vernuwing? *Tydskrif vir Afrikaans en Nederlands* 15(1): 102-129.
- Venter, Leona.** 1995. Fragmente sloer in ons ore: die reaktivering van ouer literêre tekste in die oeuvre van T.T. Cloete. *Literator* 16(3): 145-161.
- Viljoen, Hein.** 1995. Die fenomenologie van T.T. Cloete. *Literator* 16(3), November: 43-60.
- Viljoen, Hein.** 2009. Kreolisering van die Simbolisme in die poësie van T.T.



Cloete. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 49(4): 568-589.

**Viljoen, H.; Gräbe, I.; Jooste, E.; en Steenberg, D.** (reds.). 1984. *In teen die groot vergeet. 'n Bundel opstelle opgedra aan T.T. Cloete by geleentheid van sy sestigste verjaarsdag op 31 Mei 1984.* (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks A44.) Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

**Viljoen, Louise.** 2014. Afrikaanse digters in gesprek met Breytenbach se digterskap. In: Viljoen, Louise. *Die mond vol vuur. Beskouings oor die werk van Breyten Breytenbach.* Stellenbosch: SUN Media. 241-270.

**Wilmink, Willem.** (samest.). 1994. *Ik heb de liefde lief. De mooiste liefdesgedichten uit de Nederlandse en Vlaamse poëzie.* Amsterdam: Prometheus.

## Note

1. Hierdie artikel word onderlê deur navorsing wat ondersteun is deur die Nasionale Navorsingstigting. Enige mening, bevinding en gevolgtrekking of aanbeveling uitgedruk in hierdie artikel is dié van die outeur daarvan en die NNS aanvaar geen aanspreeklikheid in hierdie verband nie.

# 'n Diergerigte lesing van “Beeld van ’n jeug: duif en perd”

Marius Crous

## *An animal centred reading of “Beeld van ’n jeug: duif en perd”*

*The focus in this paper is to examine the Afrikaans poet N.P. van Wyk Louw’s representation of animals. The analysis resorts within the field of human animal studies and engages with conventional readings of well-known poems by Van Wyk Louw. For the poet animals are often symbols conveying complex symbolic issues. It is argued in the paper that by reading the poem “Beeld van ’n jeug: duif en perd” (Portrait of a youth: pigeon and horse) through the lens of human animal studies, the animal is foregrounded in an attempt to undermine the Cartesian obsessed view of humanity denigrating the animal to an “it”. I will also attempt to undermine existing readings of the poem.*

Wat niemand (biologies) kan verklaar.

– N.P. van Wyk Louw

## 1. Inleiding

Die doel van hierdie artikel is om ’n klassieke gedig soos “Beeld van ’n jeug: duif en perd” uit N.P. van Wyk Louw se bundel *Nuwe verse* (1954) te lees binne die kader van dierestudies. Soos die titel aandui, is die analise *diergerig* en word die dier sentraal geplaas in my ondersoek. Ek sal ook aansluit by bestaande lesings van die gedig om aan te dui in watter mate ’n diergerigte benadering nuwe interpretatiewe moontlikhede in die teks kan aktiveer.

’n Soortgelyke ondersoek is dié van Van Heerden en Visagie (2013) wat fokus op die konsepsies oor niemenslike diere in Louw se *Raka* en “Die swart luiperd”. Ten grondslag van hul ondersoek is om aan te dui wat die plek is van niemenslike diere in die modernisme soos dit vergestalt word in hierdie twee gedigte (Van Heerden en Visagie, 2013: 107) waarin aangedui word dat Van Wyk Louw “verskillend, byna teenstellend, omgaan met die dier – enersyds afstotend en andersyds omarmend”.

Volgens McHugh (2006) impliseer die tekstuele politiek van dierestudies ’n moontlike “epistemic critique” wat aandag skenk aan die “poetics of species” waar die dier onder meer sentraal gestel word. Volgens haar kom ’n diergerigte benadering tot literêre analise op die volgende neer: “[It] will continue to foster unpredictable and often conflicted positions on animal rights and welfare.” Dit sluit aan by Pick (2011) wat meen dat die weerloosheid van die liggaam die uitgangspunt moet wees wanneer tekste waarin die mens en dier voorkom, ontleed

word. Sy is 'n voorstander van 'n sogenaamde kreatuurgerigte (“creaturely”) benadering wat gebaseer is op die gemeenskaplike beliggaming van mens en dier in ons postsekulêre samelewing.

## 2. Dierestudies – ter inleiding

Dierestudies is aanvanklik beskou as 'n onderafdeling van ekokritiek, maar volgens Huggan en Tiffin (2015: 17) het dit al hoe selfstandiger begin word vanweë die koppeling daarvan aan dissiplines soos die filosofie, soölogie en religie. Aanvanklik is gefokus op die literêre voorstellings van diere of op die allegoriese versinnebeelding van diere. Mettertyd is hierdie fokus uitgebrei om naas voorstelling van diere ook op diereregte te konsentreer. Huggan en Tiffin (2015: 18) verwys ook na verskeie ander maniere waarop ekokritiek, kolonialisme en postkolonialisme verweef word – soos dat gekoloniseerdes dikwels die meeste ly as gevolg van ekologiese rampe. Die kwessie van diereregte in postkoloniale situasies is dikwels problematies, want daar is “an endless repetition of the wrongs of the past”.

Sentraal in die dierestudies is die Cartesiaanse opvatting oor die mens as die een met die denke en die gevoelens, die een met die siel wat volgens Van Wyk Louw “na weerskante toe besoedel” en 'n “kwyldraad deur elke digte argument kom ryg” (*Versamelde gedigte*, 2002: 231). Dit vorm ook die grondslag van die antropomorfisme, oftewel wanneer diere se gedrag vanuit 'n mensgerigte perspektief geïnterpreteer en dienoreenkomstig beskryf word. Derrida verset hom teen hierdie Cartesiaanse ingesteldheid as hy sy boek oor die mens-dierverhouding, *The Animal That Therefore I am* (2009), noem.

Tradisioneel word die dier volgens Baker (2001: 38) in tekste uitgebeeld as die volgende: geïdealiseerde modelle van orde en moraliteit, as die Ander, die Bose, die verpersoonliking van wanorde, die negatiewe aspek van binêre opposisies of bevestiging van sekere stereotipe aannames wat aan hul gekoppel word (bv. magshonger soos 'n leeu) – meestal uitbeeldings van die dier wat gegrondves is in die bepaalde kultuur van waaruit die dier bekyk en bestudeer word. Eweneens meen Lawrence (1993:301) dat diere 'n belangrike bron is vir die vorming van metafore:

The human need for metaphorical expression finds its greatest fulfilment through reference to the animal kingdom. No other realm affords such vivid expression of symbolic concepts.

Die binêre opposisie mens/dier speel polities en pragmaties 'n belangrike rol in ons daaglikse lewens. Gross (2012: 12) is van mening dat hierdie binêre opposisie kwessies soos voedsel, genderrolle en basiese geregtigheid reguleer

en voel tog dat baie min mense hierdie komplekse opposisie problematiseer. Die ontoereikendheid van taal om oor diere te praat het volgens hom ook die gevolg dat daar vanuit 'n menslike perspektief oor diere gepraat word. Die aandag word van die dier verskuif na die mens self. Carol Adams ondersoek byvoorbeeld in haar boek *The sexual politics of meat* (1990) die koppeling tussen die behandeling van vroue en diere onderskeidelik en kom tot die gevolgtrekking dat ooreenstemmende onderdrukkingsmeganismes teen beide diere en vroue gebruik word.

Met inagnome van die antropomorfe perspektief op diere is Woodward (2008: 7) se gebruik van die konsep *dieresubjektiviteit* bruikbaar wanneer oor die verhouding tussen mens en dier gepraat word. Hiervolgens word die dier voorgestel as 'n subjek wanneer hy of sy beskou word as 'n individuele lewende wese wat emosies ervaar, wat moontlik moreel kan optree, wat oor agentskap beskik en in staat is om die dood te vrees. Ons weet egter nie hoe diere voel nie, want daar is nie 'n intersubjektiewe taal tussen mens en dier nie en ons beskryf hul optrede in mensstaal en vanuit die mens se perspektief. Ek keer hierna terug.

Die analises van Van Wyk Louw se gedigte moet ook gesien word teen die agtergrond van wat Grondin (2007) soos volg formuleer:

Like us, animals feel, suffer, are born, die, and reproduce. They understand each other, and they make us understand what they have to say, and not just through their voices. And the language of the animal who is looking at me also says to me 'Thou shalt not kill me,' does it not? Centered upon themselves, human beings usually turn a deaf ear to this appeal.

Hierdie aanhaling rugsteun nie net wat Woodward "dieresubjektiviteit" noem nie, maar dit skakel ook met die kwessie van etiese appèl van die dier. Sellbach (2012:316) beweer dat dit moeilik is om die gevoelens en bedoelings van diere te interpreteer, veral aangesien empiriese bewyse van dergelyke kommunikasie vereis word:

Our willingness to use a particular psychological term to describe another is primarily a *conceptual* rather than an *empirical* matter. Gestures of sympathy and understanding are not mere empirical calculations. Instead they explore the possibilities of thought and action entailed by our concepts, concepts that have emerged, in part, from a long history of shared interactions with other animals.

Om op die voorstelling van diere te fokus, gee volgens Oliver (2009: 20) aanleiding tot heelwat problematiese kwessies: op 'n filosofiese vlak word die konsepsie van wat mens en dier simboliseer asook regte en intelligensie problematies. Op 'n sosiale vlak moet die invloed van globalisering en kapitalisme in die vorm van

fabriekplase en die farmaseutiese industrie ondersoek word. Op 'n persoonlike vlak moet ons voortdurend besin oor vegetarisme, of ons leerskoene dra – en selfs oor ons aanspreekvorme. Ons praat van *wat* en *dit* as ons na diere verwys.

'n Literêre ontleding bied aan die kritikus die geleentheid om die probleme rondom die representasie van diere te kritiseer. In aansluiting hierby meen Raber (2015) dat die vooropstelling van diere in teksanalise “the manifestations of the anthropological machine” ontbloot en die kulturele, materiële en ideologiese werk wat diere verrig, beklemtoon.

McHugh (2009) beskou dierestudies as 'n ontwikkelende tipe ondersoek binne die akademiese konteks, wat poog om die geskiedenis van mens en dier aan te toon. Wanneer daar in die bespreking van Van Wyk Louw se gedig klem gelê word op die perd en die duif as diere, illustreer dit wat McHugh (2009) soos volg tipeer: “[It] opens biological perspectives within and across structures of knowledge and feeling.”

In Stine (1981: 79) se ondersoek na die uitbeelding van diere in die werk van Kafka maak hy die stelling dat by Kafka diere as simbool gebruik word om eindeloos te besin oor die tydstip waarin die teks af speel, sonder om dit noodwendig te begryp. Van Wyk Louw meen in *Berigte te velde* (1939) dat die grondslag van ons kuns “die eerlike, strenge deurdink van die moderne lewe” moet wees – 'n stelling wat Stine se opmerking eggo. Om die hede te kan begryp word die dier as 'n objektiewe korrelaat of simbool aangewend.

Maar die deurdink van die moderne lewe val ook binne die kader van mens-dierstudies of antrosoölogie, want die mens se bestaan word grotendeels gekenmerk deur sy interaksie met diere en hoe diere ingespan word om die mens se lewe te vergemaklik. Dit is volgens Margot De Mello (2012) een van die snelgroeiendste gebiede van intellektuele ondersoek, wat tot gevolg het dat die dier sentraal staan as subjek en dat die mens van die dier kan leer. Alhoewel die antrosoölogie sy oorsprong gehad het in die beskerming van diere, het dit ook verreikende gevolge gehad vir die verbetering van die lot van diere, veral met betrekking tot die uitbreiding van regte vir diere.

As letterkundiges wat voortdurend soek na nuwe leesinvalshoeke en 'n herbetrugting van die kanon wil onderneem, bied dit heelwat moontlikhede. Volgens Halter (2017: 9) moet letterkunde as kulturele ekologie bestempel word om gevolglik die wisselwerking tussen natuur en kultuur te ondersoek. Soos met soortgelyke interpretatiewe raamwerke begin mens gewoonlik met die voorstelling van diere – soos wat ek hier probeer doen het – en beweeg mettertyd verder deur kwessies soos agentskap en subjektiwiteit te ondersoek, asook filosofiese kwessies soos diereregte.

Mthathiwa (2011: 306) is van mening dat wanneer die voorstelling van diere in 'n teks die vertrekpunt is, dit nie net 'n reeks ekologiese vraagstukke belig

nie, maar dat die leser ook bewus word van die rol wat diere gespeel het in die ontstaanproses van die gedig. Dit bied ook aan die leser die geleentheid om die digter se sosiale visie op onregte teenoor diere asook sy of haar perspektief op die interaksie tussen mens en dier uit die gedigte af te lei. Hy praat in dié verband van die ekoartistieke (“ecoartistie”) visie van die digter, wat aantoon of die digter-as-self in verhouding staan teenoor diere en of hy of sy verhewe voel bo diere en natuurkwessies.

### 3. Die seun in die kaal Karoo en sy diere

Oor Van Wyk Louw se belangstelling in diere as onderwerpe vir sy poësie skryf Opperman in *Digters van Dertig* (1953: 212) soos volg:

Vir ’n seun wat in die kaal Karoo grootgeword het, was die natuurlike teenbeeld (versterk deur jeuglektuur) verre en geheimsinnige oerbosse bewoon deur wrede, vreemde diere waarvan hy die koppe in daardie hotel op Matjiesfontein gesien het.

Naas dié dierkoppe teen die muur of die diere wat hy teëgekrom het in sy uitgebreide leeswerk, moet ook die invloed van dierkunde as vak in Louw se eerste jaar van tersiële studies (Steyn, 1998: 43) in ag geneem word. Voorts het hy gereeld die Krugerwildtuin besoek en belang gestel in die diere, voëls, bome en ander plante. Volgens Steyn (1998: 131) het Louw opgemerk:

Wanneer ’n mens in ’n stad gaan woon en jou kontak met diere baie klein is en jy is in die niemense vorme van lewe geïnteresseer, dan is die voël byna die eerste waarin jy belang stel.

Die belangrikheid van diere word reeds aangekondig in die titel van *Gestaltes en diere*, Louw se bundel uit 1942. Aangesien hierdie bundel ná *Raka* (1941) verskyn het, word die natuurverse in die bundel deurentyd vergelyk met hierdie grootse epos, soos Dekker (in Nienaber, 1966: 238) opmerk:

In die sterk epiek van *Raka* gee die digter ons die uitbeelding, objektief, as iets buite homself gesien, van daardie dierlike wat weer die geestelike oorwin. Veel verwickelder en subtieler keer hierdie motief terug in sy jongste bundel.

Die geestelike teenoor die dierlike; die Apolliniese teenoor die Dionisiese, die dierlike wat soos Opperman (1953: 219) dit stel, ingestel is op “sekse, spel en spier”. In die binêre opposisie mens/dier word grotendeels geïmpliseer dat die dier in *Raka* die negatiewe konnotasies dra, teenoor die mens as die denker, intellektueel en geestelik ingestelde rasonale wese. Dekker se interpretasie

impliseer dat hierdie aspekte nie as binêre opposisies uitgebeeld word in *Gestalttes en diere* nie, maar eerder subtiel verwickeld verweef word.

Die digterlike procéd  wat Louw in *Gestalttes en diere* toepas, word soos volg deur Opperman (1953: 227) verwoord:

Van Wyk Louw kies gewoonlik ’n ‘gestalte’ of ‘dier’ wat hy in die titel van die gedig objektief aandui en daarna volg dan meestal ’n selfbeskrywing [...] Die digter bevrees as’t ware ’n gedeelte van homself in die gestalte of die dier.

Naas Raka, “die skelm dier”, kom daar heelwat ander diergestalttes in Van Wyk Louw se poësie voor – ek noem slegs die diere, sonder om die titels van die onderskeie gedigte by te voeg. Daar is die strandjutowolf, as simbool van die verskrikkinge van oorlog of van ’n eksistensiële angssituasie (Van Rensburg, 1990: 50) met die “Gryse” as vergestaltung daarvan. Voorts is daar die drie diere, te wete die sfinks, die bul en die arend wat verwys na die drie antieke ryke en hul magsvergrype; die perd en duif as simbole uit die digter se jeug en illustrasie van sy belangstelling in die koloniale geskiedenis van Meksiko; daar is die “klaas-skawagter” en die okulte uile, die narwal as vergestaltung van die kunstenaar en die rooijakkals wat in die sneeu grawe, wat die spanning tussen die Europese noorde en die globale suide belig. Daar is ook die swartbont bokram as verpersoonliking van die Bose en in een van sy vroegste diergedigte in *Alleenspraak* word die opposisie lewe/sterwe aan die hand van die tuimelende seemeeu ondersoek.

Die beelde van die duif en die perd uit die jong kind se jeug dien as “receptacles of the forgotten” (*Beh ltnisse des Vergessenen*) (Benjamin, 1969:132), net soos die arend, die sfinks en die bul die geskiedenis laat herleef. Benjamin se *Beh ltnisse* kom volgens O’Key (2017) daarop neer dat diere bewaarders is van dit wat vergeet is:

Whether pictured as an agential keeper or an empty storage unit, Kafka’s animals are read as those things which hold, keep, store, or house what humans have forgotten. Animals are, for Benjamin, archives of the forgotten. Animals, then, as receptacles of the forgotten, are also the forgotten themselves: humans have forgotten their prehistoric relationship with animality. Kafka’s animals are reminders of the human’s animal past and – subordinated – animal present.

Van Wyk Louw se diere is hoofsaaklik liminale werfdiere of wilde diere en nie soseer mak huisdiere nie. Louw het wel in die veertigerjare in sy briewe aan sy vrou Truida heelwat oor hul huiskatte (soos Swartjie) geskryf en die katte as sy enigste geselskap beskou (Steyn, 1998: 429), maar hulle figureer geensins in sy gedigte nie.

Opvallend ook van Van Wyk Louw se uitbeelding van diere is dat sy gedigte nie soos dit die geval is by die werk van eietydse ekologiesgerigte digters noukeurige

beskrywings bevat nie, soos byvoorbeeld by Johann Lodewyk Marais, Susan Smith of Marlene van Niekerk. By Van Wyk Louw is daar sprake van insulariteit met betrekking tot sy diergestaltes. Die diere word nie antropomorfies omskep en betrag vanuit 'n mensgerigte perspektief nie. Vergelyk byvoorbeeld een van die eerste dieregedigte in sy oeuure, "Seemeeu" (*Versamelde gedigte*, 2002: 35) uit *Alleenspraak*:

Lewe  
 en sterwe  
 is swewe  
 tussen blydschap se wolke  
 en see van die smart;  
 iets van die vuurvlieg,  
 iets van die ster,  
 en stilte en dood lê weerskant  
 soos die horison daar ver.

Die enigste aanduiding hier, naas die titel, dat ons met 'n seemeeu te make het, is waarskynlik die woord "swewe" en die opponering van "wolke" en "see" om 'n tipe tussentoestand aan te dui. Hier word wat F.E.J. Malherbe (in Nienaber, 1966:131) noem, die "sterk hang na die mistiek" verwoord aan die hand van 'n diergestalte. Die dier funksioneer as teken en nie soseer as 'n beliggaamde subjek nie. Uit die taal wat die digter gebruik kan die leser nie noodwendig aflei watter dier hier ter sprake is nie. Slegs die titel verskaf vir die leser 'n bepaalde interpretatiewe raam.

Van Wyk Louw kies 'n dier om 'n bepaalde simboliek oor te dra, gebaseer op die dier se fisieke attribute. Diere word simbole van onbetrokkenheid, van angs, verskrikking en onheil. So word die drie diere in die bekende siklus uit *Gestaltes en diere* gekies vanweë hul historiese konteks. Dit is ook nie toevallig dat daar van 'n *Assiriese* bul gepraat word om die leser se interpretasie te rig nie. Menslike kwaliteite en emosies word metafories aan die onderskeie diere gekoppel.

Vergelyk in dié verband die volgende: "die swart luiperd-ding was daar / wat sku en skoon is in die woud / en heelnag het sy oë gestaar"; "n gevlekte bul / met swaar geplooid nekke"; "hy lig sy ronde muil"; en "arend, waaksaam met geel oë, op sy klip / hoog teen die kranse; taai nek; die dun kop kaal".

Is daar sprake van antropomorfisme in "Satan-Helios" en wel in die volgende reëls?:

Toe met sy skurwe knieë op die muur geknie;  
 en na die middagbrand se lig gebid.



Die knielende bok word vergelyk met 'n biddende mens, wat in dié geval in die rigting van die songod bid. Hy is nou Satan, die seun van die songod Helios wat tot sy vader bid. Eweneens in die kort gediggie “Dood in die berge” (*Versamelde gedigte*: 165) word die uile se persepsie van die vallende man weergegee en is myns insiens 'n illustrasie van wat Garrard (2012: 152) “[to] return the gaze” noem. 'n Anonieme waarnemer hou hulle dop en interpreteer hulle reaksie op die vallende man, maar die enigste aksie wat van hulle kant beskou word, is “fonkel swart en goud en wit”. (Terloops, Van Wyk Louw gebruik die Nederlandse variant van die woord *fonkel* om na “levendig glanzen” (*Ván Dale*) te verwys.)

#### 4. “Die driftige natuurlewe met duiwe, hoenders, swart hings”

Ek wil vervolgens stilstaan by die gedig “Beeld van 'n jeug: duif en perd”, die lang gedig wat die bundel *Nuwe verse* (1954) afsluit. Dit is 'n gedig wat gesitueer is in die agterplaas waar die seun lees oor “die bruin Romeinse legioene” en die “bruin Asteke-ryk”. Aanwesig in die gedig is ook sy “duiwetrop” en “die swart hings”. Volgens Antonissen (s.j.: 249) kry “alle motiewe en die hele problematiek van *Nuwe verse* hul beslag” in hierdie gedig en is een van die aspekte van die gedig, wat hy noem, “die driftige natuurlewe met duiwe, hoenders, swart hings”.

Wanneer hierdie nostalgies idilliese toestand versteur word deur menslike ingryping met “môrewater en die afskraapsels” wat oor die werf uitgegooi word, vlieg die duiwe op. Water, die oerelement, speel 'n sentrale rol in die gedig om die verbeeldingsvlug van die seun telkens te onderbreek. Dis nie net die skottelgoedwater wat uitgeskiet word nie, maar ook Bêrend “draai die kraan wyd” oop en selfs die duiwe se opvlug word beskryf as sou hulle opvlieg “soos water wat spat / met 'n klip in die put”.

Naas die verwysing na die kleure van die duiwe, naamlik “wit, bont en rooi” word hulle name ook genoem en ons sien dat deur naamgewing die diere hier geëien word deur die spreker. Die duiwe het name, naamlik “Slabbert die ou vette by sy wit maat Breggie”, en Slabbert speel 'n sentrale rol in die res van die gedig. In teenstelling met Slabbert word daar ook verwys na “die goue haan wat al sy henne trap”. Op een stadium in die gedig word die vergelyking getref tussen die twee duiwe se bekkee vir mekaar en “'n winkelier wat 'n ryk boer groet”. In sy boek oor duiwe skryf Blechman (2006: 13) hieroor soos volg:

When two pigeons court, they link beaks in a manner that looks a lot like kissing. The birds are actually exchanging food. The female playfully places her beak inside the male's beak to signal that she expects the male to care for her, and soon, their children. By accepting the female's beak – and this is where we humans differ – the male is accepting his impending responsibility and not just recreational nookie. When pigeons mate, they mate for life.

Anders as die stedelike duif wat volgens Blechman (2006: 129) “rats with wings” genoem word, is die jong seun in hierdie gedig besonder simbioties ingestel op sy duiwe. Hy neem hulle intensief waar en is bekend met hul aksies: Die aksies van Slabbert die meesterduif word weergegee as “pronk”, “dans”, “sleep sy stert”, “brom”, “wip op” en “fletter”, “trap”, “skiet wind in”, “vlieg op”, “vlug oor die dakke”. Die kommunikasie tussen mens en dier geskied volgens die instinktiewe gedrag van die dier, maar die seun se ingesteldheid op die duiwe laat hom sy boek toemaak en die verbeelding neem oor. Slabbert die duif word nou deel van hierdie verbeeldingsvlug à la Prescott se *Conquest of Mexico*:

Slabbert dans op die stal. Hoog teen 'n blou  
 blink lug staan die piramide op  
 van Tezkatlipoka, die Rook-Spicël  
 [...]

Slabbert die duif se vlerkslepery by sy wyfie dien as agtergrond en skrilte kontras vir wat in die verbeeldingsvlug afspeel, naamlik 'n offerande deur die Asteke op die groot piramide. Die duif se “skiet oor die huis” en “sirkel trek / rondom die dorp” illustreer die simboliek van die duif as vredesimbool wat midde-in hierdie verbeeldingsvlug van die veglustiges sy merk soos 'n stralekrans om alles trek. Dit wil voorkom of duiwe tradisioneel geassosieer word met getrouheid aan sy of haar maat, want reeds Plutarchus skryf hieroor in sy *De sollertia animalium* (*The intelligence of animals*) wat in 959 v.C. gepubliseer is.

Die wending in die gedig tree in wanneer “Bêrend die jong” die jong hings uit die stal kom haal. Anders as die spreker in die gedig ignoreer die werker die duiwe, want hy het 'n bepaalde taak om uit te voer en hulle is in sy pad. Die hings verdryf nes die mens die duiwe en hulle “vlieg op soos water wat spat”, wat 'n metaforiese beskrywing by die digter ontlok.

A.P. Grové (in Nienaber, 1966: 292) kom tot die volgende slotsom wanneer hy die gedig lees:

Dit sou byvoorbeeld maklik wees om die duif te sien as simbool van die gees terwyl die perd die donker liggaamlikheid versinnebeeld – die twee kragte waartussen die jong seun hom bevind. Na noukeuriger studie voel ek egter geneig om die simboolwaarde om te ruil.

Die vrylicënde duiwe word aan bande gelê deur die tussenkoms van die perd, wat Grové (in Nienaber, 1966: 291) “die roetineuse” noem en hy word met “vrywillige gebondenheid” geassosieer. Gerrit Olivier (2008: 57) is van mening dat die gedig vir ons aantoon “dat ook die vrye spekulasie van die seun uiteindelik aan die een of ander dissipline onderwerp moet word”.

Naas dié simboliek, sou mens hier ook kon praat van “dier-wording” of “verdiëring” in die sin wat Deleuze en Guattari (1987:238) dit gebruik. In aansluiting by Deleuze en Guattari se konsep van *becoming-animal* oftewel dierwording, dier-in-wording of verdiëring, is daar in hierdie gedig sprake van duifwording en perdworping; duifwees en perdwes – seker ook menswording en menswees as mens die spreker en Bêrend ook betrek.

Hierdie dierwordingsproses binne die posthumane wêreld kom volgens Heymans (2011:6-7) op die volgende neer: dit is ’n wedersydse proses van desubjektivering en nie-betekening (“designification”) wat die dualisme mens/dier as ’t ware ontplof of uitmekaarskiet en ’n nuwe identiteitskonsep ontstaan uit die oorblyfsels. Daar is nie meer sprake van ontologiese stabiliteit nie en die dualistiese denke oor mens en dier word bevraagteken.

Die duif is nie langer meer slegs ’n duif nie, maar is nou deel van die verbeeldingspel van die spreker. Hy tree oor die grens tussen duif en simbool en word sodoende meer as net die werklike duif op die dak. Die wordingsproses is ter sprake aangesien die twee subjekte nou deel uitmaak van mekaar se ervaring.

Wanneer die duif “sy stert sleep tot aan sy hakkies krom” en soos ’n “klein kaartman [...] heen en weer / bo teen die blou dringend sy buigings maak” betree ons die wêreld van preverbale taal in die sin wat Kristeva (1984: 76) dit gebruik. Die preverbale gebaar lei volgens haar tot die “deluge of the signifier, which so inundates the symbolic order that it portends the latter’s dissolution in a dancing, singing, and poetic animality”. Die duif se bewegings word byna sensueel beskryf as ’n tipe paringsdans wat die verbeelding van die Cartesiaanse seun op loop sit. Vergelyk die volgende reëls:

En ’n gedagte het my jong dink gewond  
 Tot swymens toc; in daardie agterplaas  
 Van son en son-blink duiwe [...]

Die preverbale bewegings van die duif aktiveer die kognitiewe funksies van die digter en hy probeer verbaliseer, maar dis komplete asof sy poging tot verbalisering verdring word deur die toetrede van die Bybelse verhale van Abel, Abraham met sy mes en sy seun en “die drie kruise oor ’n land wat donker raak”. Vanuit die perspektief van die dierepoëtika of “zoopoetics” word ’n aanname soos die van Aaron Moe (2013) ondersteun naamlik dat beide mensdiere en niemensdiere agentskap kry in ’n liggamlike poësis wat die betrokke dier bemagtig om bepaalde retoriese situasies te kan navigeer.

Van Jakobson ken ons die driedeling, sender-boodskapper-ontvanger, maar in die geval van dieresemiotiek meen Tønnessen en Tüür (2014: 6) dat kommunikasie ook betekenisvol kan wees as daar semiosis is in die afwesigheid

van 'n ware sender, of semiosis as afwesigheid van 'n ware ontvanger. Hulle illustreer dit aan die hand van wolwe wat met hul urine hul territorium merk met behulp van 'n visuele en olfaktoriese teken. Binne die onmiddellike *Umwelt* weet die ander wolwe hoe om hierdie boodskap te interpreteer, maar daar is ook sprake van instink by wolwe. Hulle laat hul merk, ongeag of daar ander wolwe in die omgewing is. Dieresemiotiek is 'n poging om die kloof tussen die natuurlike wetenskappe en die geesteswetenskappe te oorbrug.

Willett (2014) in haar opstel met die knap titel, “Can the animal subaltern laugh?” – na aanleiding van Spivak se bekende “Can the subaltern speak?” – meen dat daar subtiele vorme van kommunikasie tussen diere onderling is wat mense noodwendig mislyk. Humor speel byvoorbeeld 'n groot rol in dié verband deurdat 'n gelag onder ape onder meer interpreteer kan word as “a comic means for defrocking the local tyrants”; iets wat sterk herinner aan die karnavaleske, bevrydende lag onder mense.

Of diere met mense kommunikeer, is ook een van die kwessies wat Derrida ondersoek in *The animal that therefore I am* (2009). Hy is veral krities teenoor Lacan wat meen dat diere nie oor die vermoë beskik om te kan reageer nie. Net soos Aristoteles, meen Lacan dat wat mense en diere van mekaar onderskei, is die besit van *logos* (Steiner, 2013: 89). Wanneer byvoorbeeld bye sekere bewegings uitvoer, word dit nie as taal beskou nie, maar bloot as 'n stelsel van betekening. Hierdie antroposentriese vooroordeel kom volgens Derrida (2009: 124) daarop neer dat die self-Ander-verhouding tussen mens en dier gekoppel word aan die binêre opposisie menswêreld/dierewêreld en die mens sy rasonale taalvermoë as superieur beskou.

In aansluiting hierby is die weergee van die hings se bewegings deur Van Wyk Louw is 'n voorbeeld van 'n tipe dieretaal. Dit bring ons by die vraag – hoe kommunikeer perde en mense? Amanda Pachniewska (2016) meen dat perde nie net gesigte herken nie, maar ook aan die gesigsuitdrukking van die mens kan aflei in watter bui sy ruit is, wat bepaal hoe die perd teenoor die ruit gaan optree. Perde is besonder vokaal wanneer hulle kommunikeer – so byvoorbeeld runnik Van Wyk Louw se perd “sag”. Dit is egter deur middel van fisieke kommunikasie dat perde hulself laat geld. Hiervan is daar heelwat voorbeelde in “Beeld van 'n jeug: duif en perd”. Vergelyk die volgende: “beur hy die deur uit”; “die oog / wit gedop”; “hy ruk sy nek op en trap agteruit”; en “skop die kombuishout rond”.

Sy optrede beaam ook wat Pachniewska (2016) vasgestel het, naamlik dat perde die liggaamstaal van mense met wie hulle in aanraking kom, kan interpreteer en daarop reageer. Bêrend se onwilligheid om die perd uit die stal te haal en rond te lei, en sy haas om eerder in die tuin te werk, word aanvoel. Die hings weet egter ook dat die halter in Bêrend se hand beteken dat hy aan bande gelê gaan word en dit verklaar sy fisieke reaksie. Mejdell et al. (2016) het bevind dat perde

tussen verskillende visuele stimuli kan onderskei en selfs begryp watter stimulus belangriker is en daarop reageer. Dit is selfs nie eens nodig om taal te gebruik wanneer van die perd verwag word om 'n bepaalde aksie uit te voer nie, soos die perdeafriqter Kenn McNabb (in Macfarland, 2012) dit stel:

Horses understand intent and tone, but they don't understand English. For cues, I don't use my voice at all ... When I ask a horse to do something, I ask him with my body.

Maar, die uiteinde van hierdie magspel tussen man en perd eindig met die perd wat “magtig, gebonde, beheers en mooi / die stal ingelei [word].” Hier is geensins sprake van 'n gelykheid tussen mens en dier nie. Antroposentrië is die perd se hanteerder wat die dier se reaksie ignoreer en hom onderwerp aan sy wil. Beide duif en perd bly die Ander vanuit die perspektief van die digter. Vergelyk die seun se aandadigheid aan die aksie asook sy tipering van die perd deur gebruik te maak van die onbepaalde voornaamwoord: “Ek help *dit* vaskeer” [my beklemtoning].

Die ingeperkte en aangekeerde hings simboliseer wat Wolfe (2003: x) “the animal as the repressed Other of the subject” noem. Om te ontvlug uit 'n onderdrukkende kleindorpse agterplaasinsident, fokus die intellektueel ingestelde subjek op die dier en transposeer sy eie ingeperktheid en die wyse waarop hy deur onder meer religieuse dogma aan bande gelê word.

## 5. Slotopmerkings

In hierdie ondersoek is die dier sentraal geplaas in my lesing van N.P. van Wyk Louw se “Beeld van 'n jeug: duif en perd” en is onder meer aangetoon dat die dier (en sy fisieke kenmerke) gebruik word om as simbool te dien. Die dier bly egter 'n Ander en sy pogings tot kommunikasie met die mens word negeer, veral deur die volwasse werker. Hier het ons 'n goeie illustrasie van die rasionele Cartesiaan wat nie die taal van die dier kan vertolk nie.

Hierteenoor gee die seun aan die duiwe name om hulle te eien as sy besit; hy antropomorfiseer hulle, want hulle laat hom dink aan figure op die dorp, maar hulle speel tog 'n sentrale rol in sy verbeeldingsvlug – ook as *Behältnisse* vir hom as volwasse digter wat terugskouend dink aan sy kinderjare. Die perd word onderwerp aan die wil van die mens en sy vryheid aan bande gelê. Myns insiens is die belangrikste verskil tussen hierdie ondersoek en dié van byvoorbeeld Grové, dat die dier nie soseer as simbool gelees word nie, maar die fokus is eerder op die dier-as-dier.

'n Diergerigte lesing beklemtoon ook die rol van ekokritiek en ekoartistieke perspektiewe op ons huidige konteks. Die mens-as-walg van die antroposeen besef nie sy aandadigheid aan die skade wat aan die planeet aangerig word nie. Sy

spesie word as die kern van die Skepping beskou. Oliver (2009: 305) eggo hierdie aanname as sy vra vir “a sustainable ethics” wat impliseer dat die mens nie meer bestempel word as “conquering” nie, maar eerder as synde “nourishing”. Ons etiese verantwoordelikheid kom neer op die erkenning van ’n interafhanklikheid tussen mens en dier. Freeman (2010) beaam hierdie opvatting en volgens hom moet ons eerder praat van *ons is net soos die diere*, in plaas van *hulle is nes ons*. Wanneer hierdie nuwe relasie bedink word, moet gewaak word teen die skep van nuwe hiërargieë of binêre opposisies wat weer eens die dier ondergeskik stel aan die mens. Herbrechter (2014) meen ons moet die mens desentraliseer en die mens se uniekheid bevraagteken – veral in ons posthumane era van digitale tegnologie.<sup>1</sup>

Nelson Mandela Universiteit

## Bronnelys

- Adams, C.** 1990. *The sexual politics of meat: A feminist-vegetarian critical theory*. Londen en New York: Continuum.
- Antonissen, R.** s.j. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Derde hersiene uitgawe. Kaapstad: Nasou.
- Baker, S.** 1993. *Picturing the beast. Animals, identity and representation*. Manchester: Manchester University Press.
- Benjamin, W.** 1969. Franz Kafka or the tenth anniversary of his death. In: *Illuminations*. New York: Schocken.
- Blechman, A.D.** 2006. *Pigeons: The fascinating saga of the world's most revered and reviled bird*. New York: Grove Press.
- Dekker, G.** 1966. Resensie van *Gestaltes en diere*. In: Nienaber, P.J. 1966. *Beeld van 'n digter: N P van Wyk Louw*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 205-208.
- Deleuze, G. en Guattari, F.** 1987. *A thousand plateaus*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- De Mello, M.** 2012. Why Animal-Human Studies? <http://www.cupblog.org/?p=8157>. [Datum van gebruik: 3 September 2017].
- Derrida, J.** 2009. *The animal that therefore I am*. New York: Fordham University Press.
- Freeman, C.P.** 2010. Embracing humanimality: Deconstructing the human/animal dichotomy. In: Goodale, G en Black, J.E. (reds). *Arguments about animal ethics*. Londen: Lexington Books. 11-30.
- Garrard, G.** 2012. *Ecocriticism*. Londen en New York: Routledge.
- Gross, A. en Vallely, A.** (Eds.) 2012. *Animals and the human imagination. A companion to animal studies*. New York: Columbia University Press.

- Grondin, J.** 2007. Derrida and the Question of the Animal. [http://www.cairn-int.info/article-E\\_CITE\\_030\\_0031--derrida-and-the-question-of-the-animal.htm](http://www.cairn-int.info/article-E_CITE_030_0031--derrida-and-the-question-of-the-animal.htm). [Datum van gebruik: 3 September 2017].
- Grové, A.P.** 1966. Resensie [van *Nuwe verse*]. In: Nienaber, P.J. 1966. *Beeld van 'n digter: N P van Wyk Louw*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 287-294.
- Halter, A.** 2017. Humanimal: Reading Mary Oliver's "American Primitive" through a cultural literary animal studies lens. [https://www.researchgate.net/publication/317313136\\_humanimal\\_Reading\\_Mary\\_Oliver%27s\\_American\\_Primitive\\_Through\\_a\\_Cultural\\_Literary\\_Animal\\_Studies\\_Lens](https://www.researchgate.net/publication/317313136_humanimal_Reading_Mary_Oliver%27s_American_Primitive_Through_a_Cultural_Literary_Animal_Studies_Lens). [Datum van gebruik: 3 September 2017].
- Herbrechter, S.** 2014. Review of *The animal question in deconstruction*. *Culture Machine.Net*. <https://www.culturemachine.net/index.php/cm/article/download/529/539>. [Datum van gebruik: 8 Augustus 2017].
- Heymans, P.** 2011. Eating Girls: Deleuze and Guattari's Becoming-Animal and the Romantic Sublime in William Blake's Lyca Poems. *Humanimalia* 3(1). <https://www.depauw.edu/humanimalia/issue%2005/heyman.html>. [Datum van gebruik: 3 September 2017].
- Huggan, G en Tiffin, H.** 2015. *Postcolonial ecocriticism*. Londen: Routledge.
- Kristeva, J.** 1984. *Revolution in poetic language*. New York: Columbia University Press.
- Lawrence, E.** 1993. The sacred bee, the filthy pig, and the bat out of hell: animal symbolism as cognitive biophilia. In S.R. Kellert & E.O. Wilson (Eds.), *The biophilia hypothesis*. Washington: Island Press. 301-341.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1939. *Berigte te velde*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1954. *Nuwe verse*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Human & Rousseau / Tafelberg.
- Macfarland, C.** 2012. How to Speak Horse: Learn to better understand and interact with your horse by speaking his language. <http://www.horsechannel.com/horse-keeping/>. [Datum van gebruik: 3 September 2017].
- McHugh, S.** 2006. One of several literary animal studies. *Ruminations* 3. H-Animal Discussion Network 17 Jul. 2006. [http://www.h-net.org/~animal/ruminations\\_mchugh.html](http://www.h-net.org/~animal/ruminations_mchugh.html) [Datum van gebruik: 13 September 2017].
- McHugh, S.** 2009. *Animal farm's* lessons for literary and animal studies. *Humanimalia* 1(1): 24-39.
- Mejdell, C.M.** et al. 2016. Horses can learn to use symbols to communicate their preferences DOI: <http://dx.doi.org/10.1016/j.applanim.2016.07.014>. [Datum van gebruik: 3 September 2017].
- Moe, AM.** 2013. "Toward Zoopoetics: Rethinking Whitman's "Original Energy"." *Walt Whitman Quarterly Review* 31:1-17.

- Mthatiwa, S.D.M.** 2011. *Human-Animal relationships and ecocriticism: A study of the representation of animals in poetry from Malawi, Zimbabwe, and South Africa*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Universiteit van die Witwatersrand.
- Nienaber, P.J.** 1966. *Beeld van 'n digter: N P van Wyk Louw*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- O'Key, D.** 2017. Creaturely Archives: Animals and memory studies. *Futures of memory*. [https://www.academia.edu/31466595/Creaturely\\_Archives\\_Animals\\_and\\_Memory\\_Studies](https://www.academia.edu/31466595/Creaturely_Archives_Animals_and_Memory_Studies). [Datum van gebruik: 13 Januarie 2018].
- Oliver, K.** 2009. *Animal lessons: How they teach us to be human*. New York: Columbia University Press.
- Olivier, Gerrit.** 2008. *Tristia* in dialoog met N.P. van Wyk Louw se oeuvre. *JLS/TLW* 24(2): 45-70.
- Opperman, D.J.** 1953. *Digtters van Dertig*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Pachniewska, A.** 2016. How do Horses Communicate with Humans? <http://www.animalcognition.org/2016/07/02/horse-communication-humans/> [Datum van gebruik: 10 September 2017].
- Pick, A.** 2011. *Creaturely poetics*. New York: Columbia University Press.
- Raber, K.** 2015. Shakespeare and animal studies. *Literature Compass* 12(6):286-298.
- Sellbach, U.** 2012. *The Lives of Animals*: Wittgenstein, Coetzee, and the extent of the sympathetic imagination. In: Gross, A. en Valley, A. (reds) 2012. *Animals and the human imagination. A companion to animal studies*. New York: Columbia University Press. 307-330.
- Steiner, G.** 2013. *Animals and the limits of postmodernism*. New York: Columbia University Press.
- Steyn, J.C.** 1998. *NP van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal. Deel 1*. Kaapstad: Tafelberg.
- Stine, P.** 1981. Franz Kafka and Animals. *Contemporary Literature*, 22(1): 58-80.
- Tønnessen, Morten and Tüür, Kadri.** 2014. The semiotics of animal representations: Introduction. In: Tüür, Kadri and Tønnessen, Morten (eds.) *The Semiotics of Animal Representations* (Nature, Culture and Literature 10), Amsterdam/New York: Rodopi. 7-30.
- Van Heerden, N. en Visagie, A.** 2013. Twee dieregestaltes by N.P. van Wyk Louw: *Raka* en 'Die swart luiperd'. *Tydskrif vir Letterkunde* 50(3): 106-121.
- Van Rensburg, F.I.J.** 1990. Van Wyk Louw Simbolis? *Literator* 11(1): 35-55.
- Willett, C.** 2014. *Interspecies ethics*. New York: Columbia University Press.
- Wolfe, C.** 2003. *Zoontologies: The question of the animal*. Minneapolis: University of Missouri Press.
- Woodward, W.** 2008. *The animal gaze. Animal subjectivities in Southern African narratives*. Johannesburg: Wits University Press.



## Note

1. Hierdie artikel is 'n verwerking van die N.P. van Wyk Louw-gedenklezing, "N.P. van Wyk Louw se bestiarium" wat op 14 September 2017 gelewer is.

# Wat moesten de Suid-Afrikaantjies lezen? Nederlandse voorgeskrewe boeke 1938–1955

Eep Francken

## ***What must the Suid-Afrikaantjies read? Dutch prescribed books 1938–1955***

*Besides Afrikaans literature, Dutch literature was also part of the required reading in South African high school exams for the subject Afrikaans until the 1980s. This introductory article gives an overview of Dutch-language literary works prescribed for the period between 1938 and 1955. Why was Dutch literature on the required reading list, too? What standards determined the selection of books? These and other such questions are discussed in this article to call attention to this underexplored chapter in South African and Dutch literary history and to encourage further study.*

*It would be useful, for example, to connect the findings with a historical view of certain aspects of South African culture. What influence – if any – did prescribed Dutch literary texts have on creative writing in Afrikaans? How did the story of the place of Dutch literature in the South African high school curriculum continue after 1955? Why did Dutch literature eventually disappear from the curriculum? Probably the South African archives contain a wealth of material that will enable researchers to answer these and other questions.*

## **1. Inleiding**

In de jaargang 1936 van het maandblad *Zuid-Afrika* staat een ontboezeming van een Zuid-Afrikaanse moeder over een Nederlands boek dat haar dochter moest lezen voor school. “Ek het die boek gelees en ’n helse atmosfeer gevoel, sodat ek die boek moes neersit en eers gaan bid dat die liewe Heer my genade en krag moet gee, sodat dit nie ’n verkeerde invloed op my kan uit oefen nie,” zegt zij. Dit slaat op *Noodlot* van Couperus. En de reactie van een leerling: “Ek het so onder die indruk van die boek gekom dat ek ’n verbitterde houding teenoor die lewe en die mense begin aanneem het. Aan die bestaan van liefde het ek nie meer geglo nie, want die boek sê dat ‘liefde een hersenschim is’ en aan die bestaan van ’n God het ek ook begin twyfel.” (Anoniem, 1936: 42-43)

## **2. *Ons eie boek***

Gepokt en gemazeld als ik ben in het Nederlandse systeem van het verzuilde onderwijs en de vrijheid voor de scholen was ik (lang geleden) verbaasd toen ik hoorde dat in Zuid-Afrika literatuurlijsten voor schoolexamens worden vastgesteld door de overheid. Onderwijsmensen en andere critici oefenen

invloed op de keuze uit door advies uit te brengen, maar het departement beslist. Tot in de jaren tachtig was voor de meestal 16-jarige examinandi bij Afrikaans ook *Nederlandse* literatuur verplicht. Dat Zuid-Afrikaanse bestuurderen tachtig jaar geleden Couperus voorschreven en dat onze grote romanschrijver op andere Zuid-Afrikanen overkwam als bederver van de jeugd, prikkelde mijn belangstelling. Hoe zat het destijds met het *Nederlandse voorgeskreve boek*? Waarom moesten de kinderen Nederlands lezen? Welke schrijvers hebben de lijst gehaald? Het moesten goede schrijvers zijn. Maar wat was verder de maatstaf?

Op deze en dergelijke vragen ga ik hier in, zonder ze volledig te beantwoorden. Ik bied een inleidend verhaal om deze onbekende kant van de Nederlandse en Zuid-Afrikaanse literatuurgeschiedenis onder de aandacht te brengen en om te prikkelen tot verder onderzoek in Zuid-Afrikaanse bronnen. *Mijn* bron is het boekenblad *Ons eie boek* – in Nederland bereikbaar – dat, met als grote roerganger F.E.J. (Fransic) Malherbe (1894–1979), de belangstellende Afrikaner van 1935 tot 1955 driemaandelijks vertelde wat hij zou kunnen, misschien wel zou *moeten* lezen. Door dit beperkte brongebruik past bij wat ik zeg een zeker voorbehoud.

Met “ons eie” verwijst Malherbe in de eerste plaats naar het *Afrikaanse* “betere boek”, maar zijn tijdschrift signaleerde ook nieuwe boeken in het Nederlands en andere talen en presenteerde literaire essays en opstellen over allerlei onderwerpen. *Ons eie boek* stond in het teken van cultuurspreiding, het kende een brede doelgroep. Daar hoorden uiteraard de jongeren bij, maar ook in de jaren dertig hadden jongeren meer aan hun hoofd dan boeken lezen. Dankzij een gouden inval kon Malherbe in 1938 de jeugd – of althans de onderwijzers van de jeugd – toch paaien voor zijn blad. Met een aanbod waarvoor de scholen bijna wel belangstelling *moesten* hebben, want “alle voorgeskreve werke” van de examens zouden voortaan in *Ons eie boek* worden besproken.

Deze speciale recensie-artikelen verschillen onderling sterk, al zijn ze altijd duidelijk gericht op jonge lezers. De meeste schrijvers hadden onderwijservaring, er zaten beroemde hoogleraren bij. Deze medewerkers koesterden een dubbel verlangen. Ze wilden de scholieren op een goede manier door hun examen helpen, maar probeerden hen meteen te winnen voor de literatuur. Een zekere schoolsheid was onvermijdelijk. Adviezen aan de leraren en vragenlijstjes boden praktische hulp. Aan de andere kant bleven het “ware genot” en de verrijking die de literaire kunst biedt, niet onvermeld (Anoniem, 1943:34).

Dit klinkt zoetsappig, maar een kritischer instelling ontbreekt daarom toch niet. Een slimme pedagoog onder de recensenten boorde een “voorgeskreve” werk in de grond om vervolgens de leerlingen doodleuk op te roepen, over het afgekraakte – maar evengoed nog altijd verplichte – boek hun eigen mening te vormen. Een klein beetje subtieler was de bespreker van een boek van Boudier-

Bakker die zelf zogenaamd neutraal bleef, maar alle ruimte die hij had, vulde met een dodelijk anti-BB-stuk van een Nederlandse criticus. Ook deze bespreker wilde “prikkel ... tot nadink”! (Schoonees, 1945: 155).

*Ons eie boek* is menige achteropgeraakte examenkandidaat te hulp gekomen. En verlostte vast menige overwerkte docent uit een hachelijke positie. Ook voor uw speurder naar het Nederlandse *voorgeskrewe boek* kwam Malherbe als geroepen, want in *Ons eie boek* zie je precies met welke boeken de Zuid-Afrikaanse scholier te maken kreeg. Althans: tot 1955, toen het blad werd opgeheven. Ik heb verspreide gegevens over de jaren 1935–1938 plus vrijwel volledige over 1938–1955, maar daarmee was de voorspoed ten einde. Daar ligt dan ook de grens van mijn verhandeling.

Het belang van de recensies ligt niet alleen in het cijfermateriaal. Hoewel de recensenten niet zelf kiesbevoegd waren voor de literatuurlijst, stonden zij dichtbij de wel bevoegde departementen en oefenden zij ook invloed uit op de verkiezing. Hun stukken geven een indruk van de gedachtenwereld van het literatuuronderwijs.

### 3. Debat

Het voorschrijfsysteem was niet onomstreden. Leraren kwamen met bezwaren maar in meerderheid koos ook het onderwijs steeds voor het bestaande stelsel (Bergh, 1939–1940:198-199; Van der Merwe, 1946: 23 en 1958: 55). De literatuurlijst vormde een uitgelezen discussie-onderwerp voor *Die Huisgenoot*, het in Zuid-Afrika roemruchte weekblad dat bij elk Afrikaner gezin wilde binnenkomen met een combinatie van amusement en volksontwikkeling. Twee argumenten springen in het oog. De leraren zouden niet allemaal zelfstandig literatuurles *kunnen* geven. Zonder steun van de departementslijsten zouden ze de geschiktste literatuur niet kunnen vinden. En enigszins in het verlengde daarvan: schrap je de verplichte lijst, dan ondermijn je het hele literatuuronderwijs. Zonder het literatuurexamen zou menige school zich, volgens sommigen, voor het vak Afrikaans laten verleiden tot een programma met bijna alleen praktische taalbeheersing (Gerryts, 1943: 53; Van der Merwe 1946: 23 en 1958: 55).

De positie van de *Nederlandse* boeken, twee per lijst, lag extra gevoelig. Zelfs onder de voorstanders van de bestaande praktijk (in grote lijnen) waren er die van het Nederlands af wilden. Maar andere pleitten juist voor uitbreiding: “Nederlands is tog die bakermat van ons taal. Loop ons nie gevaar dat Afrikaans ’n maer taal gaan word as ons die bron nie genoeg troetel nie?” (Bergh, 1939: 198). De bewering als zou de grote meerderheid van de leerlingen na het examen sowieso nooit meer een Nederlands boek lezen, vond weinig tegenspraak.

Maar de voorstanders meenden dat het Nederlands niettemin de positie van het Afrikaans ondersteunde, bijvoorbeeld als tegenwicht tegen het onstuitbare Engels. Kennis van de Nederlandse achtergronden van de eigen taal zou de leerlingen zelfs kunnen brengen tot een zuiverder gebruik van het Afrikaans.

Eén wijziging werd intussen wel doorgevoerd: het zeventiende-eeuws Nederlands bleef de scholieren voortaan bespaard. Verschillende critici hadden daarop aangedrongen, want de treurspelen van Vondel gingen hun leerlingen “bo die vuurmaakplek” (Lategan, 1944: 53).

In de gedachtewisseling kwamen verschillende maatstaven naar voren waaraan de boeken moesten voldoen. Natuurlijk moesten de leerlingen geboeid raken, zodat zij hun boeken met vrucht en vreugd zouden verslinden en gebracht zouden worden tot levenslang literatuurgenot. Personages van jongere leeftijd zouden hen aanspreken. Algemeen lijkt ook het verlangen naar modernisering. In plaats van een “uitgedroogde ou tante” – een metaforische verwijzing naar literatuur uit de zeventiende en negentiende eeuw – zagen de critici, in meerderheid mannen, liever een “nooientje”: een meisje of jonge vrouw, maar hier een verwijzing naar *moderne* literatuur (Lategan 1944: 55). “Fris en lewendig” moesten de boeken zijn, “opvoedkundig gezond en letterkundig waardevol” (Boshoff 1944: 5). “Opvoedkundig gezond” herinnert aan de geschrokken moeder van Couperus’ *Noodlot*. Bij wijze van variant op dit criterium vinden we een afkeer van “pessimisties” werk en van te ver doorgevoerd “realisme”.

In de discussie overheerst een positieve instelling tegenover het literatuuronderwijs. In grote woorden wordt de leerling aangemoedigd: “Ondergaan daarvan die schoonheid!” (Malherbe, 1944: 37). De jongens en meisjes zullen deel krijgen aan de schoonheid die in de literatuur besloten ligt en daardoor vollediger mens worden.

#### 4. Wat zij lezen

Welke Nederlandse boeken en schrijvers hebben de voorschrijvers overtuigd? Voordat hij van de lijst verbannen werd was Vondel het meest gekozen. Sommigen wilden met onze grote zeventiende-eeuwer het prestige van het Afrikaans oppoetsen. De gedachtegang was: niet alleen in het Engels zijn vroeger grote kunstwerken gemaakt, maar ook in het zeventiende-eeuwse voorstadium van het Afrikaans. Na 1944 werd Vondel niet meer opgesteld en door andere schrijvers ingehaald.

Het meest voorgeschreven blijkt Arthur van Schendel, een schrijver die ook vandaag de dag in Nederland nog hoog wordt aangeslagen. Hij “verslaat” met minieme voorsprong Ina Boudier-Bakker. Dan valt er een gat in het klassemment,

waarna we met flinke achterstand toch nog Vondel op de derde plaats zien, gedeeld met het succesvolle schrijversechtpaar Carel en Margo Scharthen-Antink.<sup>1</sup> Hildebrand en Van Eeden staan vijf – De Genestet, J.A. Simons-Mees en G.F. Haspels gezamenlijk zeven.<sup>2</sup>

Van Van Schendel koos men: *Het fregatschip Johanna Maria*, *Een eiland in de Zuidzee*, *Een zwerver verliefd* en *Het oude huis*, de meeste meer dan eens en boeken die men herhaaldelijk voorschreef werden telkens opnieuw besproken.<sup>3</sup> Bij Boudier-Bakker zien we nog meer variatie: twee verhalenbundels, de romans *Armoede* en *Het spiegelkje*, en twee toneelstukken. De meest voorgeschreven boeken zijn niet van de meest voorgeschreven schrijvers. In het boekenklassement komt *De kleine Johannes* bovenaan, precies gelijk met Scharthen-Antinks *De jeugd van Francesco Campana* en met de *Camera obscura*.<sup>4</sup>

Men werkte ook met bloemlezingen, onder meer van Vlaamse korte verhalen.<sup>5</sup> Desondanks kwam de Vlaamse literatuur er bekaaid af, maar nog erger lijkt het met de poëzie gesteld. Uit de lijsten krijg je de indruk dat de leerlingen soms alleen De Genestet, Staring of Gezelle kregen voorgezet. De bespreker van Staring bromt: “Dat hul kennismaking met die Nederlandse poësie daar begin en ook geëindigd het, is een van die seëninge wat hulle aan die ‘voorgeskrewe boek’ te danke sal hê” (Gericke, 1943: 94).

*De jeugd van Francesco Campana*, nu vergeten, was in Nederland jarenlang een *wegholtrefter*. Het is een romantisch verhaal met een opgroeiende jongen als hoofdfiguur. Maar boek en schrijvers verwijzen ook naar een literaire “richting” die goed scoorde, het zogenaamde gematigde realisme: een verzacht naturalisme, eerder idealistisch dan pessimistisch. Dit zou van de vernieuwing van de Beweging van Tachtig geprofiteerd hebben maar dan zonder dat de lezer te vrezen had voor “eksesse”, zoals Afrikaner leraren – en ouders – ze hadden aangetroffen bij iemand als Couperus.

Concreet gaat het om een aantal schrijvers – meestal schrijfsters – die in het interbellum met goed leesbare boeken hoge verkoopcijfers haalden. Meestal gaven zij een uitbeelding van huiselijk en maatschappelijk leven, met aandacht voor de psychologie. Margo Antink geldt als hoofdfiguur in deze “stroming”, al hebben de Italiaanse romans, waaronder *Francesco Campana*, een eigen plaats. Boudier-Bakker hoort erbij. De toneelschrijfster Simons-Mees leunt er tegenaan en onder de voorgeschreven boeken zijn er ook van G. van Nes-Uilkens en Top Naeff.

Dat de moderne Nederlandse kritiek zich over Boudier-Bakker, Scharthen-Antink en Van Nes-Uilkens scherp had uitgelaten, was in Zuid-Afrika bekend. De leidende criticus, Menno ter Braak, werd in *Ons eie boek* gunstig besproken en na zijn dood in 1940 uitgebreid herdacht. De *O.e.b.*-besprekingen zijn ook wel kritisch maar toch verdienden de gematigde realisten waarschijnlijk hun plaats

juist doordat ze gematigd waren. Dus niemand voor het hoofd stootten. Bovendien is hun werk toegankelijk geschreven en vrij van wat doorging voor grote vijand van het literatuuronderwijs: het pessimisme. Hier dringt een vervolgvraag zich op. Verkiest men hier een opvoedkundig en sociaal aanvaardbaar uitgangspunt boven wat later de eigen “literatuuropvatting” zou heten? En indien ja, gebeurde dat dan bewust?

Aan de andere kant werd Boudier-Bakker *ondanks* haar pessimisme bijna de meest voorgeschreven auteur. De besprekers stelden deze kwestie dan ook aan de orde. Men legde uit dat het ene pessimisme het andere niet was. Boudier-Bakkers pessimisme heette “in elk geval minder swartgallig” (Boshoff, 1939a: 59). Het was wel pessimisme maar “tog nie hopeloos nie” (Mulder, 1940a: 55). Het mocht zelfs “opvoedkundig en sedelik gezond” heten (Boshoff, 1939a: 59). Het was, kortom, aanvaardbaar pessimisme: de schrijfster mocht blijven. De radicalere Couperus daarentegen bleef na een enkele plaatsing voor de leesgierige leerling buiten beeld.

Waar pessimisme zo’n zwaar verteerbare brok vormt, strekt optimisme tot aanbeveling. Zie de commentaren op de nu vrijwel vergeten G.F. Haspels (1865–1916), die ook tot de gematigde realisten gerekend werd. Hij kreeg een dubbele kroon opgezet als “optimis en realis” (Mulder, 1940b: 55). Haspels’ idealisme, zo beklemtonen de schrijvers in *Ons eie boek*, is niet goedkoop of oppervlakkig. Het is aan het leven ontworsteld: “idealisme wat deur die vuur gegaan het” (Mulder, 1940b: 56). Aan zijn beste boek, *David en Jonathan*, een roman uit het zakenleven, schrijft men een “optimistische kerngedagte” toe (Venter, 1950: 62-63). De criticus hoopt dat de leerlingen het zullen “bewaar om dit later weer te lees en te herlees” want “wat hulle nou nie begryp nie, sal hulle dan duidelik word, en dit sal hulle lewe verryk.” (Mulder, 1941: 234).

Ook *De kleine Johannes* kreeg bijval, als “wondermooi sprokie” en vrucht van “fyn verbeelding” (Boshoff, 1939: 276). Een bespreker betreunde dat hij de leerlingen van hun heerlijke lezen moest afhouden om naar een “dieper betekenis” te gaan boren (Van der Merwe, 1953: 217-218). Kreeg de meest verkozen schrijver, Van Schendel, ook de hoogste lof? Ja. Althans voor de vier geselecteerde boeken. Hij gold als “een van die alleredelste Nederlandse skrywers”, die in zijn *Fregatschip* tot de “glorie van die beleefde ideaal” wist te reiken (M[alherbe], 1937: 303). Veel schreef men over de stroming(en) waartoe hij zou behoren, om tot de slotsom te komen dat zijn plaats *boven* de stromingen was. In *Een zwerver verliefd* bewonderde men de combinatie van droom en werkelijkheid, waarvoor ook *De kleine Johannes* geprezen werd. “Romantiek” was een pluspunt. De Zwerververhalen verdienden dan ook de voorkeur boven bijvoorbeeld *Een Hollands drama*, omdat in de Hollandse romans de noodlotsgedachte overheerst. Ook hier weer de weerstand tegen pessimisme.

## 5. En wat niet

Wat kregen de jonge Zuid-Afrikanen in 1938–1955 *niet* te lezen? De naam Vestdijk dringt zich op. Wellicht stond hij te ver af van de nog jonge scholieren, maar met een boek als *Terug tot Ina Damman* had men het kunnen wagen. Bij canonschrijvers als Bordewijk en Elsschot, die ook ontbreken, zijn boze reacties inderdaad achteraf voorspelbaar. En met de aanstormende generatie Reve-Hermans verwijderde de Nederlandse literatuur zich waarschijnlijk nog veel verder van de Zuid-Afrikaanse onderwijsideeën. Opvallend afwezig is Heijermans. Drama moest bijna wel op de lijst, maar toen Vondel was afgevallen nam men zijn toevlucht tot minder bekende toneelschrijvers. Gold Heijermans als te politiek? Gematigd is zijn realisme niet.

Opvallender dan het ontbreken van enkele grote schrijvers is de minieme vertegenwoordiging van de koloniale literatuur, een onderdeel waarvoor je in het koloniale Zuid-Afrika juist aandacht zou verwachten. Het (neo)romantische *Orpheus in de dessa* van Augusta de Wit haalde het in 1944, kreeg alle lof maar keerde toch niet terug. Aan de koloniale thematiek raakte een recensent van Van Schendels veel voorgeschreven *Eiland in de Zuidzee*, met de vraag of de komst van de blanken de primitieve eilandbewoners gelukkiger maakte. Ook dit heeft de leerlingen misschien tot nadenken gebracht. Naar Multatuli's romantische *Saïdjah en Adinda*, Albert Helms roman over een Surinaamse *Stille plantage*, de Indische romans van M.H. Székely-Lulofs of *Mijn zuster de negerin* van de Antilliaan Cola Debrot moesten zij zelf op zoek. Het is waar: ook die zijn niet "gematigd".

## 6. Ten slotte

De Nederlandse boeken waren in Zuid-Afrika verplicht in het kader van taalpolitiek ten gunste van het Afrikaans. Het Nederlands was belangrijk omdat het Afrikaans uit het Nederlands is voortgekomen. Het Afrikaans zou een beter aanzien krijgen als men wees op dit eeuwenoude voorstadium. Daarnaast zou de leerling dankzij inzicht in de verhouding tussen de twee talen zijn eigen taal beter gaan beheersen.

De boeken voor de lijst moesten opvoedkundig in orde zijn. Een positief levensgevoel strekte tot aanbeveling, pessimisme vormde een probleem. De leerling zou ze met plezier moeten lezen. Prettig leesbare literatuur kwam dus in aanmerking, maar ... het moest wel literatuur zijn. Van Eeden, Van Schendel en De Wit oogstten bewondering om hun spel van droom en werkelijkheid. Kinderen als personages waren een pluspunt.

Een bestempeling als "romantisch" vormde meestal een aanbeveling,



maar te ver moest de romantiek ook weer niet gaan. Omdat *alle* leerlingen bereikt moesten worden en omdat *alle* ouders konden meelesen – mensen van uiteenlopende levensovertuiging – moesten de boeken in bepaald opzicht behoren tot de middelmaat. Vanuit het systeem is dit te begrijpen maar lezers die de literatuur zien als domein voor baanbrekers en kleurrijke vernieuwers, kijken bedenkelijk.

In de Zuid-Afrikaanse *bewaarplekke* en in (Zuid-)Afrikaanse literatuur zijn waarschijnlijk belangrijke gegevens te vinden om mijn verhaal aan te vullen. Zijn er archieven van de voorschrijfcomités bewaard? Meer dan eens vertelden Afrikaanse schrijvers me over hun herinneringen aan Nederlandse boeken die ze voor school moesten lezen. In de roman *Kroes* (Stamatélos, 2005) speelt *De kleine Johannes* van Frederik van Eeden een belangrijke rol. Hebben we hier te maken met toevalligheden of oefenden de Nederlandse *voorgeskrewe werke* binnen de Afrikaanse literatuur een bredere invloed uit?

De moeder en de leerling uit 1936 met wie ik mijn stuk begon, vreesden dat de opgegeven literatuur een verkeerde invloed zou uitoefenen op de jonge lezers. Zij hadden opvoedkundige bezwaren. Ook de schrijvers van *Ons eie boek*, de leden van de *voorskryfkomitees* en andere betrokkenen zullen zich *mede* door pedagogische argumenten hebben laten leiden, en moesten ook rekening houden met wat de samenleving, of althans de ouders, zouden accepteren.

Daarnaast stonden literaire overwegingen. Met de suggestie van een mogelijke spanning tussen pedagogische ideeën en literatuuropvattingen liep ik al vooruit op de mogelijke vervolgvraag, hoe de gemaakte keuzes zich verhouden tot de destijds in Zuid-Afrika actuele opvattingen over de pedagogiek en tot de destijds vigerende ideeën over de aard en functie van literatuur.

Zelf ben ik benieuwd naar wat volgende *Suid-Afrikaantjies* moesten lezen in de woelige jaren na 1955. En met welke argumenten het Nederlandse boek uiteindelijk uit het examenprogramma is geschrapt.<sup>6</sup>

*Gastmedewerker Universiteit Leiden, navorsingsgenoot Noordwes-Universiteit*

## Bronnelys

**Anoniem.** 1936. Het Nederlandsche boek in Zuid-Afrika. *Zuid-Afrika* 13 (3): 42-43.

**Anoniem.** 1943. Oor behandeling van voorgeskrewe werke. *Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 9: 34.

- Bergh, Mnr.** 1939. Voorgeskrewe boeke en die eise wat billikerwys daaraan gestel kan word. *Die Unie* 35 (6): 198-199.
- Boshoff, S.P.E.** 1939a. Ina Boudier-Bakker: *Kinderen. Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 5: 59.
- Boshoff, S.P.E.** 1939b. Frederik van Eeden: *De kleine Johannes* (I). *Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 5: 276.
- Boshoff, S.P.E.** 1944. Die keuse van voorgeskrewe boeke. *Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika*. 10: 5.
- Gericke, L.H.** 1943. Dekker: Bloemlesing uit die gedigte van A.C.W. Staring. *Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 9: 94.
- Gerryts, U.M.** 1952. Letterkunde op skool. 'n Kind leer dit nie; hy groei daarin. *Die Huisgenoot* 37(1580): 53.
- Lategan, F.V.** 1944. Oor die probleem van die voorgeskrewe boek. *Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 10: 53.
- M[alherbe], F.E.J.** 1937. Schendel, Arthur van, *Het fregatschip Johanna Maria. Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 3: 303.
- Malherbe, F.E.J.** 1944. Malherbe: Nuwe Nederlandse kortverhale. *Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 10: 37.
- Mulder, H.A.** 1940a. Ina Boudier-Bakker: *Armoede. Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 6: 53.
- Mulder, H.A.** 1940b. G.F. Haspels: *Zee en heide. Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 6: 55.
- Mulder, H.A.** 1941. G.F. Haspels: *David en Jonathan. Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 7: 234.
- Mulder, H.A.** 1943. Frederik van Eeden: *De kleine Johannes* (I). *Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 9: 41.
- Schoonees, P.C.** 1945. Ina Boudier-Bakker: *Verleden. Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 11: 155.
- Stamatélos, Pat.** 2005. *Kroes. Roggebaai: Kwela.*
- Van der Merwe, C.P.** 1946. Die voorgeskrewe boek. *Die Huisgenoot*. 30(1253): 23.
- Van der Merwe, C.P.** 1958. Watter boeke word voorgeskryf? *Die Huisgenoot*. 42(1907): 55.
- Van der Merwe, Jaco.** 1953. Frederik van Eeden: *De kleine Johannes. Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 19: 217-218.
- Venter, Jac.P.** 1950. 'n Ouer Nederlandse werk. G.F. Haspels: *David en Jonathan. Ons eie boek. Driemaandelikse kritiese tydskrif en boekegids vir Suid-Afrika* 16: 62-63.

## Noten

1. Om precies te zijn: het gaat om vijf vermeldingen voor het echtpaar en één voor mevrouw Antink alleen.
2. Van Schendel heeft elf vermeldingen, Boudier-Bakker tien, Vondel en Scharten-Antink zes, Hildebrand (Beets) en Van Eeden vijf, De Genestet, G.F. Haspels en J.A. Simons-Mees vier. Drie vermeldingen zijn er voor G. van Nes-Uilkens en Siebold Ulfers, twee voor Gezelle, Top Naeff en Staring, één voor Godfried Bomans, Couperus, A.M. de Jong, Anne de Vries, Theun de Vries, Aug. de Wit, Emants, J.J. Groeneweg, G. Mulder, H.J. Schimmel, J. Stamperius, Streuvels, Van der Leeuw, Van Effen, Van Lennep, W.G. van Nouhuys en Cyriel Verschaeve.
3. *Het fregatschip Johanna Maria* vier, *Een zwerver verliefd* en *Een eiland in de Zuidzee* drie, *Het oude huis* één keer.
4. *De jeugd van Francesco Campana* en *De kleine Johannes* (deel 1) kregen vijf vermeldingen en zo veel waren er ook voor de Camera (in verschillende selecties).
5. Van Malherbe *Moderne Hollandse kortverhale* en *Moderne Vlaamse kortverhale* (allebei vier keer), *Nuwe Nederlandse kortverhale* (drie keer); Dekker uit de poëzie van de Gouden Eeuw (drie keer); *Reisverhalen* van Smit en Stuiveling (drie keer); Stuiveling uit moderne verhalende poëzie en Haantjes, *Moderne Nederlandse verhale vir Afrikaanse skole* (elk één keer).
6. In verkorte vorm in: Wim van Anrooij en Paul Hoftijzer (red.): *Lezen in de lage landen. Studies over tien eeuwen leescultuur*. Hilversum: Verloren.

# Oor ANNA en ander andershede in die Afrikaanse leksikografie

Rufus Gouws

## *About ANNA and other peculiarities in Afrikaans lexicography*

*In the field of lexicography, Afrikaans and Dutch have a shared past and mutual dictionary tradition that are still maintained. This paper focuses on certain aspects of the lexicographic realisation of the interactive relation between Afrikaans and Dutch. A discussion is given of some sections of the development of the Afrikaans lexicographic practice with the emphasis on bilingual dictionaries, especially those with Afrikaans and Dutch as language pair. It is shown that from the earliest dictionaries on and even in the most recent dictionaries, this language pair has provided peculiar and unique lexicographic features but also significant lexicographic innovation. The changing position of Afrikaans and the influence of English on the lexicography of Afrikaans also come to the fore. Different types of dictionaries, different approaches and different motivations for the compilation of these dictionaries indicate lexicographic creativity and the provision of user-directed lexicographic products.*

## 1. Inleidend

'n Kyk na die Afrikaanse leksikografie kan vanuit verskillende perspektiewe geskied, byvoorbeeld vanuit 'n metaleksikografiese perspektief, 'n tipologiese perspektief, 'n perspektief waarin die klem geplaas word op algemene versus vakwoordeboeke, 'n perspektief waar die oorgang van die gedrukte na die elektroniese medium aan die orde gestel word, 'n perspektief vanuit die woordeboekkultuur, ensovoorts. Hierdie bydrae het 'n ander perspektief. Daar word gekyk na die Afrikaanse leksikografie, maar daar word spesifiek ook aandag gegee aan aspekte van Nederlandse beïnvloeding. Dit kan 'n regstreekse beïnvloeding wees, byvoorbeeld waar Afrikaans en Nederlands die behandelde taalpaar in 'n enkele woordeboek is, waar Nederlands en/of Afrikaans in sekere eentalige woordeboeke behandel word, waar Nederlands 'n invloed het op die bewerking in woordeboeke waarin Nederlands nie 'n behandelde taal is nie, of dit kan onregstreeks wees, byvoorbeeld waar invloede en voorkeure tussen hierdie twee tale 'n rol speel in 'n uiteindelijke leksikografiese besluitneming.

In die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie was Afrikaans en Nederlands herhaaldelik die behandelde taalpaar wat vir meer as genoeg verrassings en vir baie andershede gesorg het wat teen bestaande verwagtinge ingedruis het, maar ook die eentalige Afrikaanse leksikografie het soms tot

andersoortighede gelei. Dié andershede was van vroeg reeds daar en het nog nie verdwyn nie.

Hierdie bydrae begin met 'n kort bespreking van ANNA, een van die mees onlangse woordeboeke met Nederlands en Afrikaans as taalpaar. Daarna word daar terugverwys na ouer en ander woordeboeke; ook woordeboeke waarin Engels 'n lid van die taalpaar is sowel as nuwe woordeboeke waarin Afrikaans 'n nuwe rol speel.

## 2. ANNA – nuut en anders

In die huidige fase van die leksikografiese praktyk strek die algemene verwysing na tweetalige woordeboeke met Nederlands en Afrikaans as taalpaar vir baie woordeboekgebruikers nie veel verder as ANNA nie. ANNA, dit wil sê die *Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands* (Martin et al., 2011), verteenwoordig 'n vernuwend benadering in die leksikografiese praktyk – 'n tweetalige woordeboek met 'n enkele geïntegreerde makrostruktuur waar lemmata uit albei die behandelde tale in een alfabetiese ordening verstrekk word. ANNA is anders; daar is geen twyfel daaromtrent nie.

In die metaleksikografie van die afgelope twee dekades speel die gebruikersperspektief 'n bepalende rol. Die beplanning en samestelling van enige woordeboek moet voorafgegaan word deur 'n ondubbelsinnige identifisering van die beplande teikengebruiker, die leksikografiese behoeftes en die naslaanvaardighede van hierdie teikengebruiker. ANNA is in opdrag van die Stichting ZASM saamgestel na aanleiding van spesifieke leksikografiese behoeftes wat lede van dié stigting ervaar het – vergelyk Martin, Gouws en Renders (1999). Vir ANNA is 'n kundige teikengebruiker met 'n redelike kennis van albei die behandelde tale van meet af in die beplanningsgesprekke voorsien; ook omdat dit die opdrag aan die redakteurs was om 'n woordeboek vir so 'n teikengroep te beplan en saam te stel. Om die tradisionele tweetalige woordeboek wat aanvanklik beplan is, saam te stel, sou 'n beperkte toegevoegde waarde vir hierdie gebruikersgroep hê. Om 'n afdeling Nederlands-Afrikaans en 'n afdeling Afrikaans-Nederlands te hê, sou in die geval van hierdie twee nou verwante tale te dikwels tot spieëlbeeldartikels in die twee afdelings lei, byvoorbeeld “**tafel** – tafel” en “**tafel** – tafel”. Die besluit was dus om eerder veral op verskille tussen die twee tale te fokus en daaraan die primêre leksikografiese fokus te gee. Om dit moontlik te maak, moes teorie en praktyk in wisselwerking met mekaar tree en vanuit die teoretiese leksikografie is 'n model ontwikkel wat 'n unieke subtipologiese kategorie met 'n eiesoortige aanbod en bewerking daargestel het.

Elke woordeboek moet in terme van 'n drietal kenmerke beplan en beoordeel kan word, te wete die leksikografiese funksies, die inhoud en die woordeboekstrukture. Volgens die teorie van leksikografiese funksies, vergelyk onder meer Tarp (2000; 2008), moet daar vir elke woordeboek een of meer funksies vasgestel word. Tarp (2000: 196) omskryf 'n leksikografiese funksie as: "Die poging en vermoë van 'n woordeboek om die verskeidenheid behoeftes wat 'n gebruiker in 'n bepaalde gebruikersituasie ervaar, te kan bevredig." Die beoogde kommunikatiewe funksies, dit is teksbegrip en teksproduksie, al dan die kognitiewe funksie, dit is die verskaffing van bykomende data oor byvoorbeeld taal en kultuur, bepaal die inhoud wat gekies moet word om as mikrostrukturele aanduiders in die woordeboekartikels of as bykomende leksikografiese data in die buitetekste aangebied te word. Die verpakking en aanbieding van die inhoud vra om 'n verskeidenheid woordeboekstrukture. Die dataverspreidingsstruktuur speel hier 'n bepalende rol in besluite oor die aard en omvang van die woordeboek as draer van tekssoorte. Die leksikograaf moet in die besluite oor strukture ook aandag gee aan die benutting al dan nie van buitetekste wat óf geïntegreerd óf niegeïntegreerd 'n bydrae lewer tot die oordrag van kennis en die bevrediging van die betrokke woordeboek se leksikografiese funksies.

**geluid** nw. [het; mv: -en], **geluid** nw. [mv: -e]  
 A|N ① (voortgebrachte klank) **geluid**, **klank** = verdachte geluiden *verdachte geluide*; een doordringend geluid 'n *deurdringende geluid* ≠ het geluid van de krekels *die geluid van die krieke*; er zit in die viool een mooi geluid *die viool het 'n mooi klank*; een afschuwelijk/vreemd geluid 'n *aaklige/snaakse geluid*; geen geluid meer kunnen voortbrengen *nie meer 'n geluid kan uitkry nie*  
 ② (opinie) **geluid** = een (heel) ander geluid laten horen 'n *(heel) ander geluid laat hoor*  
 N (waarneembare luchtrilling) **klank** ≠ de snelheid van het geluid *die spoed van klank*; sneller dan het geluid bewegen *vinniger as klank beweeg*; het geluid regelen/afstemmen/bedienen *die klank stel/instem/versorg*; het geluid zachter zetten *die klank sagter stel*

Figuur 1: ANNA se tweekoppige lemma

ANNA het sekere leksikografiese funksies, bevat 'n bepaalde inhoud en vertoon 'n verskeidenheid strukture, onder meer ook 'n raamstruktuur met 'n verskeidenheid buitetekste. Die andersheid van hierdie woordeboek is op verskillende vlakke merkbaar, maar veral ten opsigte van inhoud en woordeboekstrukture. Met verwysing na die woordeboekstrukture lê die andersheid onder andere daarin dat dié woordeboek 'n sentrale teks vertoon met slegs een alfabetiese komponent en

'n enkele hooftegangstruktuur. Soos te wagte, is daar 'n eenrigtingbewerking in die woordeboekartikels, maar anders as in ander woordeboeke wissel die bewerkingsrigting tussen verskillende artikels van dieselfde artikeltrajek. Doeltaal en brontaal wissel voortdurend. Ook die makro-, artikel- en mikrostruktuur vertoon bepaalde eienskappe wat nuut is in die Afrikaanse leksikografie, byvoorbeeld die gebruik van 'n tweekoppige lemma met 'n adresseringstruktuur wat aan elke deel van die lemma 'n eie vormkommentaar toeken.

Daar is ook twee verskillende soorte mikrostrukture in die artikels van onderskeidelik die sentrale teks en die agterteks met die kompendium grammatikale lemmata. Vergelyk hier die niegeïntegreerde mikrostruktuur van die kompendium met koteksinskrywings wat na die semantiese subkommentare georden word:

**zonder**<sup>2</sup> (voorz.), **sonder** (voors.) **1** (geeft aan dat iets ontbreekt) *sonder 2* (niet in het bezit van, niet gebruikend) *sonder 3* (geen rekening houdend met) *sonder ♦ 1* een huis zonder dak 'n huis *sonder 'n dak*; zonder een woord te zeggen *sonder om 'n woord te sê 2* zonder werk zijn *sonder werk wees*; zonder geld zitten *sonder geld sit*; zonder zonde zijn *sonder sonde wees*; lezen zonder bril *lees sonder 'n bril*; hij kan niet zonder zijn auto *hy kan nie sonder sy motor klaarkom nie 3* het kost tien euro *zonder de accijnzen dit kos tien euro sonder belasting*; hij doet niets *zonder mij hy doen niks sonder my nie*

Figuur 2: Die niegeïntegreerde mikrostruktuur in ANNA se grammatikale kompendium

Daarbenewens word sowel Afrikaans as Nederlands as metataal in die sentrale teks gebruik en maak die leksikografiese bewerking nie net vir vertaalekwivalente en die gepaardgaande konteks- en koteksaanduiders voorsiening nie, maar ook vir bondige betekenisparafrases. Dit maak van hierdie woordeboek 'n tipologiese hibried – 'n tweetalige woordeboek met 'n eentalige dimensie. Hierdie kenmerke maar ook ander andershede in ANNA maak dié woordeboek metaleksikografies opwindend en eiesoortig.

As woordeboek wat anders is, is ANNA egter nie enig in haar soort in die Afrikaanse leksikografie nie. Hierdie woordeboek sit 'n tradisie van andersheid voort. Aan sommige vroeë andershede word vervolgens aandag gee.

### 3. Vroeë andershede

Dit is insiggewend om die vroeë ontwikkeling van die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse leksikografie te vergelyk met ooreenstemmende fases in die leksikografie van ander tale. In sy bespreking van die rol van woordeboeke in die

proses van taalstandaardisering dui Gallardo (1980) aan dat niegestandaardiseerde tale hoogstens oor tweetalige woordeboeke beskik; eentalige woordeboeke word eers saamgestel na afloop van die taalstandaardiseringsproses. Die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografiepraktyk sluit by hierdie tradisie aan deurdat die eerste Afrikaanse woordeboeke wat in die negentiende eeu saamgestel is deurgaans tweetalige woordeboeke was – al was dit woordeboeke van ’n besondere subtipologiese kategorie. Die geskiedenis van die ontwikkeling van woordeboeke wys ook dat die tweetalige woordeboeke wat as vroeë leksikografiese produkte in ’n taal ontwikkel is, tipieserwys daardie taal gekoördineer het met ’n reeds gestandaardiseerde taal – dikwels, waar ter sake, die taal van ’n koloniale moondheid wat in die betrokke land aanwesig was. In Afrika is dit veral opmerklik hoe dikwels die taal van die koloniale moondhede ’n lid van die taalpaar in vroeë tweetalige woordeboeke was. ’n Tipiese voorbeeld in hierdie verband is die veeltalige Gaboen – met sy 62 inheemse tale, maar met Frans as die enigste amptelike taal. In vroeë tweetalige woordeboeke is die koloniale taal Frans telkens met inheemse tale gekoördineer – vergelyk Ndinga-Koumba-Binza (2005). Ook in Suid-Afrika was dit die geval met Engels wat ’n dominante rol gespeel het as taalpaarlid in tweetalige woordeboeke waarin die verskillende Afrikatale die ander taalpaarlid was.

Vroeë tweetalige woordeboeke is dikwels deur verteenwoordigers van die koloniale taal geskryf – regeerders, sendelinge, linguïste. Hierdie woordeboeke het nie noodwendig die bevordering van die betrokke inheemse taal as hoofdoel gehad nie, maar moes ’n praktiese kommunikasie-instrument wees wat die koloniale besetters kon help om met die inheemse bevolking te kommunikeer, of wat gebruik kon word in niemoedertaalsprekers se bestudering van die betrokke taal. Daarom staan hierdie woordeboeke bekend as ekstern gemotiveerde woordeboeke. Met die verloop van tyd het niemoedertaalsprekers van die inheemse tale self begin om tweetalige woordeboeke saam te stel wat in die eerste plek daarop gerig was om niemoedertaalsprekers van die inheemse taal te help met kommunikasie waar die inheemse taal en die koloniale taal ter sprake was. Dit was intern gemotiveerde woordeboeke. Die oorgang van ekstern na intern gemotiveerde woordeboeke, vergelyk in hierdie verband onder meer Gouws (2005), is kenmerkend van die ontwikkeling van veral tweetalige leksikografie in Afrika; ook in Suid-Afrika. Dit het dikwels saamgeval met die oorgang van ’n Eurosentriese na ’n Afrosentriese leksikografie.

Die koloniale era in Suid-Afrika het verskillende fases gehad – die Nederlandse fase wat finaal in 1806 tot ’n formele einde gekom het en die Engelse fase – 1795-1802 en weer van 1806-1910. Tydens die grootste deel van die negentiende eeu was Suid-Afrika, of ten minste groot dele van die huidige Suid-Afrika, grootliks onder Britse koloniale beheer. Alhoewel die Boerepublieke in die tweede helfte



van die negentiende eeu onafhanklik was, was ander dele soos die Kaapprovinsie en Natal onder Britse bewind. Dit sou verwag kon word dat die eerste tweetalige Afrikaanse woordeboeke – en hier word na “Afrikaanse” woordeboeke verwys as dié met Afrikaans, ook ouer Afrikaans, as die enigste of ten minste één van die behandelde tale – Engels as die ander lid van die behandelde taalpaar sou hê. Dit is veral te wagte as ’n mens dit in ag neem dat die eerste Afrikaanse woordeboeke eers saamgestel is tydens die Britse koloniale era in Suid-Afrika en nie reeds tydens die Nederlandse besetting nie – met die eerste woordeboek selfs voor die onafhanklikheidswording van die ZAR en die Oranje-Vrystaat.

Van der Merwe (1971) bied ’n goeie oorsig oor die vroeë Afrikaanse leksikografiese bronne en wat opvallend is in hierdie verband is die rol wat Nederlands as lid van die taalpaar gespeel het – en die afwesigheid van Engels in dié vroeë leksikografiese werke. Ewe interessant is dit om te let op die uiteenlopende houdings van die samestellers van hierdie woordeboeke teenoor Afrikaans. Van besondere belang in hierdie vroeë leksikografiese fase was die woordeboeke van Changuion (1844) en Mansvelt (1884). Oor die andersheid van Tromp (1879) moet ook iets gesê word. Vergelyk in dié verband ook Gouws (2016).

Sowel Changuion as Mansvelt se woordeboeke was wesenlike én eiesoortige bydraes tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie, al het hierdie twee leksikograwe uiteenlopende motiverings vir die samestelling van hulle onderskeie woordeboeke gehad. Changuion se woordeboek *Proeve van Kaapsch Taaleigen* was ’n bylaag tot sy bekende werk *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*. As eerste Afrikaanse woordeboek mag die linguistiese waarde van hierdie woordeboek nooit onderskat word nie. Dit bied ’n weergawe van ’n versameling leksikonitems wat Kaaps, dit is ouer Afrikaans, van Nederlands onderskei. In Changuion se woorde: “Heeft het zijne belangrijke zijde, om op te merken, hoe het Nederduitsch van het eene gewest van *Nederland* van dat van het andere verschilt ...”

Changuion was ’n Nederlander wat aan die huidige Universiteit van Kaapstad dosent in Nederlands was. Die werklike doel, vergelyk Wiegand (1998: 299) en Gouws en Prinsloo (2005: 13), van sy ekstern gemotiveerde woordeboek was nie die bevordering van Afrikaans as een van die behandelde tale nie, maar eerder ’n poging ter verdere vestiging van Nederlands in Suid-Afrika. Volgens Van der Merwe (1971: viii) wou Changuion “aan die Hollandse taal so ’n hegte grondslag gee aan die Kaap dat Afrikaans (Kaapsche Taaleigen) geen ingang sou kon vind nie.” Nogmaals in Changuion se eie woorde:

Het hoofdoel van de volgende verzameling [...] was om het Nederduitsch, voor zoo ver de taal, die in deze Kolonie gesproken wordt, dien naam dragen mag, van deels geheel vreemde, deels verminkte woorden en spreekwijzen te zuiveren, of althans den weg daartoe aan te wijzen.

In die hedendaagse metaleksikografie is dit, vergelyk Bergenholtz en Gouws (2010: 36), 'n voorbeeld van sterk, eksplisiete preskripsie.

Die makrostruktuur van hierdie woordeboek bevat Afrikaanse woorde wat as gidselemente van die artikels optree. Die mikrostrukturele bewerking bestaan uit verskillende tipes aanduiders in Nederlands – soms vertaalekwivalente, soms betekenisparafrases, herkomsaanduiders of algemene leksikografiese kommentaar. Die *Proeve* is duidelik 'n tipe tweetalige woordeboek maar een wat afwyk van die verstekwerkswyse in woordeboeke van hierdie breë tipologiese kategorie.

Voorbeelde van artikels met Afrikaanse woorde as lemmata en die suiwer Nederlandse vorm as ekwivalent of ekwivalente is byvoorbeeld:

“**Gang**, naauw straatje, steegje”

“**Knijptang**, nijptang”

“**Vark**, varken”

Herkoms- en betekenisverklaring is te vinde in die volgende artikel:

“**Vlei**, dit w. schijnt uit *vallei* samengetrokken, en beteekent eene groote plas stilstaand water.”

Linguistiese regstellende aksie vind 'n mens in die volgende voorbeelde:

“**Loopen**, dit w. voor *wandelen* te gebruiken, heeft, dunkt mij, iets onbeschaafds ...”

“**Róman**, door verplaatsing van den klemtoon voor *román*, is dubbel bespottelijk, omdat men aan de Kaap een visch heeft die *róman* heet.”

“**Zwafeltje**, bedorven uitspr. van *zwaluw*tje.”

Tromp (1879) se *De Afrikaansche Taal* is 'n hoofstuk uit sy werk *Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der annexatie van de Transvaal*. Hierdie ekstern gemotiveerde woordeboek is, soos dié van Changuion, nie daarop gerig om Afrikaans te bevoordeel nie maar om Nederlands te herstel. Tromp, vergelyk Van der Merwe (1971: 23), begin sy woordeboek met die woorde: “De Afrikaansche Taal, die tot stam de Oud-Hollandsche taal heeft, is zeker wel het leelijkste en meest vermengde dialect, dat ooit bestond.” En later (Van der Merwe 1971: 24):

Het is dan ook bepaald jammer, dat degene, die zich de moeite wilde getroosten, regels en genootschappen tot instandhouding er van in het leven te roepen, zijn tijd en inspanning niet liever ten koste legde aan eene poging, het hoog-Hollandsch ... tot zuivering van het Afrikaansch, en ter vervanging daarvan in Zuid-Afrika, ingang te doen vinden.

In die inleidingstekste tot sy woordeboek wys Tromp daarop dat dit in Afrikaans nie

ontbreek aan “twijfelachtige uitdrukkingen” nie. Hierdie tweetalige woordeboek het ook Afrikaanse lemmata (sowel woorde as uitdrukings) met ’n bewerking in Nederlands – soms ’n vertaalekwivalent, byvoorbeeld: “Metsie (van match) – lucifer”, soms ’n betekenisparafraze, byvoorbeeld: “Gesels-e – een avondje of middagje ergens gaan passeeren” en soms ’n stukkie kommentaar, byvoorbeeld:

Ik het die pens dikgevreet. – (Deze minder behoorlijke uitroep is in het Afrikaansch volstrekt niet ongeoorloofd, en hoorde ik zelfs eenmaal door eene der eerste dames van Pretoria op een souper aan Shepstone ten antwoord geven, toen deze haar uitmoedigde, nog iets te gebruiken.)

Toegang tot inskrywings word verswaar deur ’n andersoortige makrostruktuur wat nie in ander Afrikaanse woordeboeke voorkom nie, naamlik die sogenaamde lukrake makrostruktuur, vergelyk Wiegand en Gouws (2013: 90). Dit handhaaf nie ’n alfabetiese ordening van lemmata nie.

Tromp gee wel soms erkenning aan die waarde van Afrikaans deur by te voeg verskeie Afrikaanse woorde “dragen niet alleen den stempel der oorspronkelijkheid, maar zouden zelfs ons Hollands kunnen verrijken.” Voorbeelde wat hy hier noem, sluit in *wacht-een-beetje*, *haak-en-steek*, *vuurhoutje*, *verkleurmannetje* en *trapzoetjes*.

Vir Afrikaans en die Afrikaanse leksikografie om op die soort fondamente wat Changuion en Tromp gelê het iets anders, iets positiefs, te bou was geen geringe uitdaging nie.

Mansvelt (1884) se *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* was ook ’n ekstern gemotiveerde woordeboek waarvan die Afrikaanse lemmata ’n Nederlandse bewerking gekry het. Mansvelt verduidelik die gebruik van die woord *idioticon* in die titel van sy werk en sê dit het niks met idiote te make nie, maar dit verwys na die woorde en uitdrukings wat eie is aan ’n besondere streek – in hierdie geval Suid-Afrika. Hy sê sy boek bevat woorde en uitdrukings wat hedendaagse Nederlands óf nie ken nie óf in ’n ander sin gebruik. Hy wys op vier tipes woorde en uitdrukings wat hy opneem: Woorde wat hier gevorm is, Nederlandse woorde wat hier ’n betekenisverandering ondergaan het, woorde uit Oud-Hollands wat aan die Kaap voortleef, maar in Nederland in onbruik geraak het en, vierdens, woorde wat Afrikaans aan ander tale, veral Maleis, ontleen het. Sy woordeboek wys pertinent op die lewenskragtigheid van Afrikaans en die nuwe ontwikkeling in dié taal.

Belangrik hier is dat Mansvelt in sy woordeboek die andersheid tussen Nederlands en Afrikaans op ’n positiewe manier beklemtoon het. As ’n doel van sy woordeboek stel hy die noodsaak om die eienaardighede van Kaapsch-Hollandsch te ken maar ook om Afrikaanssprekendes meer vertrouwd met Nederlands te maak. Die woordeboek het dus twee verskillende teikengebruikersgroepe: “ten einde daardoor beter in staat te zijn, mijn leerlingen te begrijpen en hun omgekeerd de

vele hun onbekende woorden en zegswijzen in 't Nederlandsch te beter te doen verstaan.”

Mansvelt spreek ook kritiek uit op bepaalde foutiewe gebruike of uitspraakvorme wat afwyk van Nederlands, maar hy erken die ingeburgerdheid van hierdie vorme. Hy dui ook aspekte van die taalverandering aan wat in die grammatika van Afrikaans plaasgevind het, byvoorbeeld in die artikel van die woord *alkant* gee hy die volgende opmerking: “Het is algemeen bekend, dat vooral bij 't jongere geschlacht bijna alle sterke werkwoorden zwak vervoegd worden, en ook 't personenonderscheid geheel is weggevallen, zoodat men zegt: *ek, jij, hij, ons, julle, hulle is, het, gaat (gaan)*, enz [...]”

Hy wys op positiewe veranderinge en gee byvoorbeeld in die artikel van die woord *dwarstrek* die volgende opmerking:

Dit woord beschouw ik als van echt Afrikaanschen oorsprong en als een zeer gelukkigen plaatsvervanger van *dwardsdrijven* of *dwardsboomen*, welke laatste in een land zonder bevaarbare rivieren of kanalen voor de groote massa geen beteekenis hebben, terwijl *dwarstrek* aan den ossewagen, een echt Afrikaansch voertuig, ontleend is.

Soos ANNA veel later, is 'n belangrike fokuspunt in die *Idioticon* ook die verskille tussen Nederlands en Afrikaans – dit wat Afrikaans anders maak as Nederlands.

Tweetalige woordeboeke met Afrikaans en Nederlands as taalpaar het 'n wesenlike rol gespeel in én die vestiging van die Afrikaanse leksikografie én die optekening en vroeë standaardisering van die taal.

#### **4. Ander andershede in woordeboeke met Nederlands en Afrikaans as taalpaar**

Leksikografiese produkte met Afrikaans en Nederlands as taalpaar bevat min voorbeelde van verstek-tweetalige woordeboeke, dit wil sê woordeboeke met 'n enkel brontaal-doeltaal-aanbod in twee opeenvolgende alfabetiese komponente. Uitsonderings in hierdie verband is Demeersseman et al. (2000) se *Kramers Woordenboek Zuid-Afrikaans-Nederlands/Nederlands-Zuid-Afrikaans* en Pheiffer et al. (2011) se *Protea Miniwoordeboek Afrikaans-Nederlands/Nederlands-Afrikaans*. Inhoudelik stem hierdie woordeboeke grootliks ooreen, alhoewel hulle deur twee verskillende uitgewers uitgegee is, daar effens veranderde redaksionele spanne is en die primêre teikengebruikers verskil: Nederlandssprekendes en Afrikaanssprekendes onderskeidelik. In die *Kramers* is daar 'n buitetekst met die grondslae van die Afrikaanse grammatika, terwyl die *Protea* 'n buitetekst bevat met die grondbeginsels van die Nederlandse taal. Die leksikografiese bewerking in albei hierdie tweerigtingwoordeboeke is identies en die sentrale tekste maak nie voorsiening vir verskillende gebruikersgroepe nie.

'n Woordeboek wat sterk ooreenkoms vertoon met verstek- tweetalige woordeboeke, maar tog deur 'n bepaalde eiesoortigheid onderskei word, is Dekker en Paardekooper (1990) se *Nederlands-Afrikaanse Woordeboek*. Dit is 'n eenrigtingwoordeboek met Nederlands as bron- en Afrikaans as doeltaal. Kenmerkend van hierdie woordeboek is sy gerigtheid op 'n baie spesifieke gebruikersgroep, en 'n duidelik verklaarde funksie. In die toeligtinsteks word “die opset van hierdie woordeboek” soos volg aangedui:

Dit wil die Afrikaanssprekende wat nie Nederlands magtig is nie, veral die senior hoërskoolleerling en jong student, help om boeke in daardie taal makliker en met begrip te lees. Dit wil die Nederlandse woorde, woordvorme en uitdrukkings wat vir hom verstaansprobleme mag oplewer en wat hy die waarskynlikste gaan teëkom, in Afrikaans verklaar.

Die gebruikersgerigtheid van hierdie woordeboek blyk ook duidelik uit die aanduiding wat in die toeligtinsteks gegee word van die soort leksikonitems wat opgeneem is. Daar word vir vyf kategorieë voorsiening gemaak, te wete Nederlandse leksikonitems wat in Afrikaans onbekend is, leenwoorde in ABN wat nie in Afrikaans voorkom nie, Nederlandse woorde wat bekend lyk, maar 'n ander betekenis het as in Afrikaans, die sogenaamde faux amis of vals vriende, minder herkenbare vervoegde of verboë woordvorme en woorde wat ter wille van leiding in die uitspraak opgeneem is.

Getrou aan die teksbegripfunksie word koteks- en konteksinskrywings veel beperkter aangebied as wat die geval sou wees indien teksproduksie die funksie was. Aangesien vals vriende 'n wesenlike probleem vir die teikengebruikers bied, word dit op 'n eksplisiete manier aangedui deur 'n nietipografiese struktuurmerker, 'n asterisk, voor die betrokke lemma te plaas. Ook in ANNA word 'n nietipografiese struktuurmerker, die dubbele uitroepteken, gebruik om lesers se aandag pertinent op die voorkoms van vals vriende te vestig.

Dekker en Paardekooper se monoskopale, dit wil sê eenrigtingaanbod, is tipies van die meerderheid woordeboeke met Afrikaans en Nederlands as taalpaar – reeds sedert Changuion en Mansvelt se woordeboeke. Dit is ook die aanbiedingsvorm in twee woordeboeke gerig op die Nederlandse reisiger in Suid-Afrika, te wete Veltkamp-Visser (1996) se *Afrikaans op Reis* en Van Sterkenburg (2009) se *Moenie Mounie/Niet Mekkeren*.

## 5. Leksikografiese hulp aan Nederlandse toeriste

In die subtipologiese uitbreiding van die tweetalige leksikografie met Nederlands en Afrikaans as taalpaar is dit veral woordeboeke wat in Nederland saamgestel is – intern gemotiveerd vir die Nederlandse teikengebruiker maar ekstern

gemotiveerd ten opsigte van die beplande gebruikssituasie van die betrokke woordeboek – wat innoverende werk laat blyk.

As praktiese gebruiksinstrumente kan woordeboeke in verskeie opsigte ook tot hulp van toeriste wees, vergelyk in hierdie verband onder meer Gouws en Leroyer (2009; 2009a). Leksikograwe besef ook dié waarde vir Nederlandse toeriste aan Suid-Afrika. Reiswoordeboeke lyk nie altyd na vorm en struktuur soos tradisionele woordeboeke nie, maar as houers van inligting is hulle gerig op ’n verskeidenheid behoeftes van die geïdentifiseerde teikengebruiker. As draer van tekssoorte word verskillende tekstipes in so ’n woordeboek aangebied en woordeboekstrukture word op innoverende maniere benut. Veltkamp-Visser (1996) se *Afrikaans op Reis* en Van Sterkenburg (2009) se *Moenie Mounie/Niet Mekkeren* is goeie voorbeelde hiervan en word vervolgens kortliks bespreek.

In *Afrikaans op reis*, deur die samesteller beskryf as ’n “Taalgids voor de Nederlandssprekende Toerist in Zuid-Afrika”, het die teikengebruiker ’n bondige maar veelkantige bron. As leksikografiese produk vertoon dit ’n raamstruktuur met ’n woordelys Nederlands-Afrikaans, die alfabetiese sentrale teks waar makrostruktuur en hooftoegangstruktuur oorvleuel, maar ook ’n verskeidenheid buitetekste. Die taalgidskomponent kom hier na vore, onder meer in die voortekste “Geschiedenis van het Afrikaans” en “Afrikaanse Taalkunde”. In ’n daaropvolgende voorteks “Spreekwijzen en Omgangsvorme” kom die leksikografiese bewerking langsamerhand op die voorgrond. In hierdie teks word uitdrukkings verskaf vir spesifieke gespreksituasies soos kennismaking, groet, wense, verontskuldiging, telefoongesprek en tydsaanduiding. Binne elke kategorie word die gebruiker gehelp met oplossings vir probleme in teksproduksiesituasies, maar die woordeboek het ook ’n kognitiewe funksie wat byvoorbeeld blyk uit die verstrekking van inligting oor hoe om ’n tydsaanduiding soos 19:00 vir 19:30 te interpreteer, en raad word verskaf dat dit in Suid-Afrika waar mense vroeg opstaan in orde is om iemand reeds om 08:00 tuis of by die werk te bel. Dit is buitetekste wat geïntegreerd is in die werklike doel van hierdie woordeboek, naamlik om die Nederlandse toerist in Suid-Afrika ten beste tot hulp te kan wees.

Die alfabetiese woordelys is die een sentrale leksikografiese teks in hierdie bron, maar die kern van *Afrikaans op Reis* bevat daarnaas ook ’n makrostruktuurreeks, vergelyk Wiegand en Gouws (2013: 83), wat uit opeenvolgende tematies geordende makrostrukture bestaan. Hierdie hibriediese makrostrukturele aanbod sluit die leksikografiese bewerking van die volgende temas in: *Huis, tuin en keuken; Winkelen; Klimaat; Natuur en Milieu; Verkeeren vervoer; Onderwijs; Godsdienst en Kerken; Sport, cultuur en vermaak; Ziekte en ziekenhuis* en *Het nieuwe Zuid-Afrika*. Waar die woordelys ’n eenrigtingbewerking bied, gerig op teksproduksie, met Nederlands as brontaal, het die eenrigtingbewerking in die tematiese makrostruktuurreeks telkens Afrikaans as brontaal – en wel ter wille van ’n teksbegripfunksie. Naas

die alfabetiese lyste in elke tematiese afdeling is daar ook opmerkings en kort besprekings, byvoorbeeld in die afdeling *Winkelen* is daar bykomende leiding oor verkoopsbelasting, openingstye van sake-ondernemings, munteenhede, ensovoorts. 'n Inleidende opmerking in die afdeling *Verkeer en vervoer* waarsku die leser: “Wat verkeersveiligheid betref, scoort Zuid-Afrika helaas erg laag. Let dus goed op, veral in de grote steden!” Hier bevestig die kognitiewe funksie van hierdie afdeling die polifunksionele aard van *Afrikaans op Reis*.

Temas word ook soms in subtemas verdeel. Binne die afdeling *Huis, tuin en keuken* se drie subtemas is daar nog 'n verdere subvlakverdeling waar by *Keuken* onder meer voorsiening gemaak word vir woordelyste in subafdelings soos *Speciale woorden; Bakken en brouwen; Typisch Afrikaans gebak* en *Afrikaanse gerechten en 'eetgoedjes'*. In elke tema en subtema word 'n aantal Afrikaanse lemmas verstrek met die gepaste Nederlandse ekwivalente en in die geval van referensiële leksikale gapings word 'n kort betekenisparafrase as surrogaatekwivalent verskaf, ondersteun deur 'n Engelse vertaalekwivalent, byvoorbeeld in die subveld *Levensmiddelen* van die tema *Winkelen* bestaan die lemma *borrie* se bewerking uit die volgende verklaring: “gele poeder van Curcuma – wortel, specerij gebruikte voor ‘geelrijs’ [*turmeric*].”

Nog 'n teks in hierdie woordeboek *Afrikaanse Uitdrukkingen* bied 'n bewerking van woorde wat verdere toeligting nodig het omdat hulle heel onbekend is in Nederlands of 'n ander betekenis het. Ook vals vriende word hier aan die orde gestel. Enkele vaste uitdrukkinge word ook hier verklaar, byvoorbeeld *gee my 'n blaaskans, voor dooiemansdeur kom, 'n draaitjie loop, sonde soek met iemand* en *hy is voor op die wa*.

In *Afrikaans op Reis* word Afrikaans nogmaals op 'n andersoortige manier leksikografies verryk.

*Moenie Mounie/Niet Mekkeren* is nie net 'n innoverende woordeboek nie, maar ook 'n goeie voorbeeld van leksikovermaak. Van Sterkenburg omskryf dié boek as “Zuid-Afrikaans met een glimlach”. Ook hierdie woordeboek is gerig op die Nederlandse besoeker aan Suid-Afrika – en wat sy samestelling betref eweneens intern gemotiveerd vir die Nederlandse teikengebruiker maar ekstern gemotiveerd ten opsigte van die beplande gebruiksituasie. Die leksikografiese komponent is ingebed in 'n prosaïese beriggewing van 'n reis deur Suid-Afrika. Hierdeur word verskillende tematiese afdelings geskep waarbinne die betrokke leksikonitems leksikografies bewerk word. Voortekste met inligting oor die geskiedenis en kenmerke van Afrikaans en Afrikaans na apartheid word aangevul met roetineformules, alvorens die eerste stuk kernleksikografie aan die orde kom in 'n afdeling “Woorden die niet betekenen wat wij denken dat ze betekenen”. Die andersheid tussen die twee tale bly 'n deurlopende tema in woordeboeke met Afrikaans en Nederlands as taalpaar en hierdie afdeling bevat 'n alfabeties

geordende makrostruktuur met Afrikaanse lemmata waarvoor ’n Nederlandse bewerking verstrek word. Dié bewerking bied ’n bondige maar duidelike beskrywing van die betrokke woord se betekenis en toon aan hoe dit van die vormlik ooreenstemmende Nederlandse woord verskil, byvoorbeeld:

**E-pos** Is geen spelfout van *epos* ‘heldendicht’. Het is de vertaling van het Engelse *e-mail*, dat een verkorting is van *electronic mail*. *Pos* is dus identiek met het Nederlandse *post*.

Opeenvolgende afdelings, deurvleg met stukkies prosaïese beriggewing, maak voorsiening vir temas soos *Politiek niet correct*, *Algemene woordenschat*, *Dagelykse gebruiksvoorwerpen*, *Eten en drinken*, *Kleding*, *Sport*, en andere. Ondersteun deur talle pragfoto’s bied *Moenie Mounie/Niet Mekkeren* as produk van ’n deurwinterde leksikograaf ’n vars bewerking van ’n aantal Afrikaanse hoëfrekwensiewoorde. Alhoewel die tematiese struktuur nie iets nuuts is nie, is die geïntegreerde aanbod van woordeboek en prosateks leksikografies vernuwend. Ook hier word die leksikografiepraktyk verryk met ’n toeristewoordeboek wat uitgebrei is tot ’n vermaaklike toeristegids.

## 6. Afrikaans en Engels

Dit sou te wagte wees dat daar in die tyd van die Britse besetting van Suid-Afrika en veral tydens die toepassing van die streng verengelsingbeleid ekstern gemotiveerde woordeboeke gemaak sou word met Engels en Afrikaans as behandelde taalpaar. Tydens die negentiende eeu het dit nie gebeur nie; alhoewel daar enkele rudimentêre tweetalige woordelyste was. Die eerste werklike woordeboek met hierdie taalpaar, die *Patriotwoordeboek/Patriot Dictionary*, se eerste deel (Afrikaans-Engels) verskyn in 1902 en die tweede deel (Engels-Afrikaans) in 1904. Ook hier is andershede geen vreemde verskynsel nie. Hierdie woordeboek met SJ du Toit, een van die grondleggers van die Patriotspellingstelsel, as anonieme samesteller, is een van die eerste intern gemotiveerde Afrikaanse woordeboeke. Dit is ook ’n woordeboek met ’n sterk pro-Afrikaanse benadering – maar beslis nie anti-Engels nie. Waar Elfers en Viljoen in hulle latere woordeboek (1908a) die verhouding tussen Nederlands en Engels wou versterk, is die een andersheid van *Patriotwoordeboek/Patriot Dictionary* dat dit die eerste belangrike bron is om die verhouding tussen Afrikaans en Engels te probeer verstewig. In die “Foorberig/Preface” gee die samesteller die redes vir die samestelling van hierdie woordeboek, naamlik om die spelling van Afrikaans tot eenvormigheid te bring, om aan Afrikaners ’n hulpmiddel te bied om Engels te leer en om die Engelse in Suid-Afrika te help om “ons taal” te leer. Wat die laaste twee redes betref, sê die samesteller



dat “alby ni ferkry word (in) ’n Hollands-Engelse Woordeboek ni”. Die intern gemotiveerde benadering tot hierdie woordeboek blyk nie net uit die feit dat dit deur ’n Afrikaanse leksikograaf saamgestel is nie, maar ook uit die bewoording in die verstreking van hierdie redes.

Volgens Van der Merwe (1968: “Inleiding”) het SJ du Toit met hierdie woordeboek “die belangrikste grondlegger van die Afrikaanse *spellingsisteem* geword.” Die standaardiseringsopdrag van hierdie woordeboek en sy kommunikatiewe funksies van teksbegrip en vertaling word aangevul deur ’n verdere werklike doel wat die samesteller as hoofdoel aandui, maar wat anders is as die werklike doel wat normaalweg aan ’n woordeboek gestel word. In die “Foorberig/Preface” sê SJ du Toit:

En dis ons hoofdoel: om samewerking te beforder tussen di twe hoofrasse, Afrikaners en Engelse, in ons land; want daartoe is onmisbaar dat hulle wederkerig mekaars tale in sofêr ken dat hulle mekaar kan ferstaan (onbekendheid met makaars tale is ’n grote bron fan misferstand en wangefoel). Dit word reeds algemeen gevoel en erken.

Dit is een van die bindendste oortuigings van die samesteller van ’n intern gemotiveerde woordeboek.

’n Belangrike bydrae van die eerste deel van die *Patriotwoordeboek* is die inheemse bewerking van eg Afrikaanse leksikonitems en die eksplisiete aanduiding van daardie deelversameling van die lemmata. Uit die 16 500 woorde in die eerste deel is 1 100 “suiwer Afrikaanse woorde, dit wil sê woorde wat in Hollans ni foorkom ni, of wat in Hollans ander betekenis het ...” In ANNA word lemmata wat woorde verteenwoordig wat slegs in Nederlands of in sowel Nederlands as Afrikaans voorkom, in romeins gedruk terwyl lemmas wat woorde verteenwoordig wat slegs in Afrikaans voorkom, in kursief gegee word – anders maar nie uniek nie! In die *Patriotwoordeboek* word tipografiese struktuurmerkers ook gebruik met die “suiwer Afrikaanse woorde” wat in kursief verstrekk word. Voorbeelde van sulke woorde is *afdraand*, *baljaar*, *fletters*, *korrelkop*, *stampkar* en *wynfligi*.

## 7. Nederlands, Afrikaans en Engels

Die vroeë dekades van die twintigste eeu is gekenmerk deur ’n eiesoortige minitaalstryd oor die voortsetting van Nederlands in Suid-Afrika, al dan die vestiging van Afrikaans as ’n selfstandige taal. Sedert Uniewording in 1910 was Nederlands en Engels die twee amptelike tale van Suid-Afrika; ook die amptelike skooltale. Die SA Akademie is in 1909 gestig en moes onder meer sorg vir die gelykberegtiging van Nederlands en Engels, vergelyk Van Rensburg

(2017). CJ Langenhoven wou Afrikaans eerder as Nederlands as skooltaal invoer. By 'n vergadering van die SA Akademie in 1914 is besluit dat die Akademie: "(i) die invoer van Afrikaans as skooltaal tot op standerd 4 (graad 6) sal ondersteun, (ii) onderwysmateriaal in Afrikaans kan voorsien en bestuur, en (iii) 'n standaardiseringskommissie vir Afrikaans tot stand sal bring - die latere Taalkommissie" (Van Rensburg, 2017).

Hierdie besluit is voorafgegaan deur jare waarin die Taalbond, met prof. WJ Viljoen aan die stuur, Hollandsonderrig wou versterk, onder meer deur gebruik te maak van die Vereenvoudigde Hollandse Spelling (VHS), soos in Nederland voorgestel deur Roeland Anthonie Kollewijn.

Saam met Hubertus Elfers wat as Nederlandse onderwyser na Suid-Afrika gekom het, stel Viljoen in 1908 die *Beknopt Nederlands Woordeboek voor Zuid-Afrika* saam - 'n woordeboek wat met die VHS 'n beter vastrapplek aan Nederlands in Suid-Afrika wou gee. Die skrywers verwys na die "twee elementen" wat om voorrang meeding, te wete "het volgens de kollewynse spelmethode vereenvoudigd Hollands en het zogenaamde 'Afrikaans'." Hulle verstrek die rede vir hulle woordeboek, naamlik om die eersgenoemde element te versterk. Hulle woordeboek is: "een werk, dat berekend is, het spraakgebruik in Zuid-Afrika niet te wijzigen, maar er die vorm aan te geven, welke het tot een alom erkende scheut van het Nederlands op vreemde bodem zal doen verheffen [...]" ("Voorbericht", Elfers en Viljoen, 1908).

Elfers (1903) het vroeg reeds die band tussen Engels en Nederlands probeer verstewig met sy *The Englishman's Guide to the Speedy and Easy Acquirement of Cape Dutch (Grammar, Useful Information, Conversation) for the Use of Travellers, Settlers and Military Men*. Dié band asook sy pogings ter verstewiging van Nederlands kry verder beslag in die tweetalige woordeboek van Elfers en Viljoen (1908a) *English-Dutch and Dutch-English dictionary*.

Die besluit van die SA Akademie ten gunste van Afrikaans as skoolvak, die verskyning van die eerste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* en die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in 1925 het die formele posisie van Nederlands laat taan. Die invloed van Nederlands op Afrikaans is eger nie sonder meer opgehef nie. Taalnasionalisme van die dertigerjare het onder meer daartoe gelei dat taalkundiges dikwels eerder Nederlandse vorme in die Afrikaanse leksikon wou erken as leenwoorde of leenvertalings uit Engels. 'n Opvallende andersheid in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse leksikografie was enersyds die poging om Nederlands se posisie te verstewig - soos blyk uit onder meer die twee woordeboeke van Elfers en Viljoen - en andersyds om Nederlands te benut om Engelse invloed teen te werk. Die laasgenoemde punt blyk duidelik uit die talle Neerlandismes wat in die vroeë en selfs ook latere tweetalige woordeboeke met Engels en Afrikaans as taalpaar, maar ook in eentalige Afrikaanse woordeboeke, te vind was en, helaas, steeds

is. Vergelyk byvoorbeeld die opname van *keuken* as lemma in die 2010-uitgawe van die *Verklarende Afrikaanse woordeboek* met “kombuis” wat steeds as een van die polisemiese waardes aangedui word.

Die eerste uitgawe van die *Tweetalige woordeboek/Bilingual Dictionary* (voortaan afgekort as TW) is in twee dele, Engels-Afrikaans en Afrikaans-Engels in 1931 en 1936 onderskeidelik, gepubliseer en was vir dekades daarna dié toonaangewende Afrikaanse leksikografiese bron. Hierdie twee dele is nie eenders in hulle data-aanbod en die aard en omvang van hulle leksikografiese bewerking nie. In die inleiding van die eerste uitgawe sê die samestellers: “By die samestelling van hierdie woordeboek het ons net een doel voor oë gehad: om te vertaal.” Daarom, sê die samestellers in die tweede deel dat in die eerste deel: “... we eschewed everything grammatical ... We considered that in a translating dictionary these facts were not essential ...” Die tweede deel het meer as net die kommunikatiewe funksie van vertaling: “In the present volume, however, we have, partly to meet the wishes of teachers, but mainly because we have as yet no good or even bad, explanatory dictionary in Afrikaans, included the more important grammatical forms.”

’n Opvallende andersheid is hierdie onderskeie benaderings in die twee dele van een woordeboek; ’n woordeboek wat in latere uitgawes as ’n enkelband sou verskyn.

Alhoewel die opstellers van die TW hulle grootliks gehou het aan die spelling van die Akademie se *Afrikaanse woordelys en spelreëls* se vierde uitgawe is daar in die geval van wisselvorme ’n keuse gemaak ten gunste van die vorm wat hulle as die mees ingeburgerde beskou het. Ook hier speel dié vroeë woordeboek ’n belangrike standaardiseringsrol. ’n Sterk Nederlandse voorkeur is wel ook duidelik. In die Voorwoord van die eerste deel sê die samestellers: “By die vertaling het ons nie geskroom om die Nederlandse woordeskat aan Afrikaans sinsbaar te maak nie. ...” Die voorkoms van Neerlandismes, ook onnodige Neerlandismes, sou vir lank nog hierdie woordeboek kenmerk. Selfs in die agste uitgawe van TW (1984) is vorme soos *afdruip*, *afhandig maak* (steel, wegrokkel), *dit teen iemand aflê* (die slegste daarvan afkom), *op die begane grond wees* (grondvlak), *met beider toestemming* (albei s’n), *iemand se voorbidding behoef* (nodig hê) steeds as normale alledaagse Afrikaans aangebied. Dit is eers in die voorbereiding van die *Pharos woordeboek Afrikaans-Engels/Dictionary English-Afrikaans*, die opvolger van die agste uitgawe van die TW, dat nog ’n vreemde opdrag, te wete die kusing van die woordeboek van sy Neerlandismes, aan ’n medewerker, Fritz Ponelis, gegee is.

TW was nie die enigste woordeboek wat Neerlandismes bevat het nie. Die andersheid in die Afrikaanse leksikografie dat Nederlands ’n sterk invloed handhaaf, kom ook in ander woordeboeke voor. Botha (2003: 19) wys daarop dat prof. Willem Kempen in 1946 van mening was dat sekere Nederlandse woorde in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, die WAT, opgeneem moes word. Hy het

veral Nederlandse kultuurwoorde in gedagte gehad, alhoewel hy nie voorbeelde gee nie, wat nie deel was van die Afrikaanse woordeskat nie, maar waaraan Afrikaans dalk in die toekoms behoefte sou kon hê – die leksikograaf as profeet! Vergelyk ook Gericke (1991: 75).

## 8. 'n Nuwe rol vir Afrikaans in meertalige woordeboeke

In Kerry Jones se *Ju |'hoan Tsumkwe Dialect/Prentewoordeboek vir kinders/Children's picture dictionary* (2014) en Sheena Shah en Matthias Brenzinger se *Ouma Geelmeid ke kx'u ||xa||xa N|uu/Ouma Geelmeid gee N|uu* (2016) vind 'n mens die voltooiing van 'n bepaalde sirkel in die Afrikaanse leksikografie.



Figuur 3: Buiteblad van die *Ju |'hoan Tsumkwe Dialect / Prentewoordeboek vir kinders / Children's picture dictionary*.



Figuur 4: Buiteblad van *Ouma Geelmeid ke kx'u ||xa||xa N|uu/Ouma Geelmeid gee N|uu*

Waar Afrikaans in onder meer Changuion en Mansvelt die niegestandaardiseerde taal was wat met die gestandaardiseerde Nederlands gekoördineer is, speel Afrikaans in hierdie twee woordeboeke saam met Engels die rol van gestandaardiseerde taal met Ju|’hoan, ’n noordelike Khoesantaal, en N|uu, ’n nie-Bantoe-klikttaal wat deel van die !Ui-familie is, as niegestandaardiseerde tale wat vir hulle vroeë leksikografiese toetrede afhanklik is van die mede-optrede van ’n gestandaardiseerde taal. Albei hierdie woordeboeke het ’n tematiese ordening, aangevul deur buitetekste met ’n alfabetiese ordening van die lemmas wat in die sentrale teks aangebied word. In hierdie lyste tree Afrikaans en Engels in die Ju|’hoan-woordeboek as onderskeie brontale op, terwyl Afrikaans en N|uu die onderskeie brontale in die woordelyste van die N|uu-woordeboek is. Andershede in albei hierdie woordeboeke is die gemeenskapsgerigtheid en daarom die sterk fokus op die kultuur van die betrokke taalgemeenskap. In die geval van die *Ju|’hoan Tsumkwe Prentewoordeboek* word gemeenskapsgerigtheid aangevul deur gemeenskapsbetrokkenheid. In die inleidende teks word pertinent genoem: “Hierdie woordeboek is deur baie mense saamgestel.” Teikengebruikers van die woordeboek het byvoorbeeld gehelp met die maak van die illustrasieprente asook met die benoeming van bepaalde sake. Die *Ju|’hoan Tsumkwe Prentewoordeboek* se hoofmerk, vergelyk die inligtingspamflet in die woordeboek, is om “Ju|’hoan-kindere te voorsien van literatuur in hulle moedertaal wat plaaslik geïnspireer is en wat ook met die buitewêreld gedeel kan word”.




Figuur 5: Uit die tema “Insekte, reptiele en goggas” van die *Ju|’hoan Tsumkwe Dialect / Prentewoordeboek vir kindere / Children’s picture dictionary*.


Die woordeboek bied 'n bondige bewerking van woorde uit die temas *Diere, Vòëls, Insekte, Reptiele en goggas, Tuiste en die gesin, Jag, Versamel, Dans*. Die artikeluitleg het illustrasieprente as dominante aanduiders – wat betref plasing en grootte. Die illustrasieprente tree as gidselemente van elke artikel op. Dit dra by tot hierdie woordeboek se eiesoortige toegangstruktuur. Hier is ook blyke van 'n nietradisionele benadering tot die makro- en artikelstruktuur, aangesien hier nie verbale gidselemente optree nie; die prent tree as primêre adres op.

Enkele vernuwende aspekte van hierdie woordeboek word bespreek in Gouws (2016: 363–365) waar daar ook verwys word na die Ju|'hoan-spreuk wat hierdie woordeboek ook probeer verwerklik: “Hou jou mense, jou taal en jou kultuur na aan mekaar.”

N|uu is een van die mees bedreigde tale in Afrika. In die negentigerjare van die vorige eeu was daar ongeveer twintig moedertaalsprekers van dié taal in die Noord-Kaap. Tans is die laaste vlot sprekers van N|uu drie susters in die omgewing van Upington. Katrina Esau, ook bekend as Ouma Geelmeid, is die jongste suster. Die afgelope tien jaar leer sy en haar kleindogter N|uu aan lede van die breër gemeenskap. *Ouma Geelmeid ke kx'u ||xa||xa N|uu/Ouma Geelmeid gee N|uu* is 'n leesboek vir die ≠Khomani-gemeenskap wat woordeskate, uitdrukings maar ook geïllustreerde aanduidings van vokale, konsonante en klapklanke bevat. Die leksikografiese bewerking is gerig op sowel 'n teksbegrip as 'n teksproduksiefunksie met beperkte hulp wat die kognitiewe funksie betref.



Figuur 6: Uit die tema “Diere” van *Ouma Geelmeid ke kx'u ||xa||xa N|uu/Ouma Geelmeid gee N|uu*



Figuur 7: Uit die tema “Wêreld” van *Ouma Geelmeid ke kx'u | |xa | |xa N|uu/Ouma Geelmeid gee N|uu*

Hierdie woordeboeke het veral ’n taalbehoudopdrag en hier mag die rol van Afrikaans nie onderskat word nie omdat baie van die teikengebruikers Afrikaans as verkeerstaal gebruik.

## 9. Ten slotte

Van Changuion tot ANNA en tot *Ouma Geelmeid gee N|uu* was die Afrikaanse leksikografie op reis en is Afrikaans gedra en ontwikkel en gestandaardiseer deur sowel ekstern as intern gemotiveerde woordeboeke. Daar is voorbeelde van teoreties gebaseerde leksikografiese werk, voorbeelde van vernuwend werk, voorbeelde van standaardbehoudende en standaardskeppende woordeboeke en ook leksikovermaak. Daar is duidelike blyke van die wisselwerking tussen taalpare, tussen teorie en praktyk, tussen tipologiese en subtipologiese kategorieë, tussen gebruikersbehoefte en naslaanvaardighede, tussen preskriptiewe en deskriptiewe pogings, tussen standaardvariëteite en ander variëteite en tussen ’n eentalige, tweetalige en veeltalige data-aanbod.

Daar is genoeg lewe in dié leksikografie om aan kritici te kan sê: “Moenie mounie/Niet mekkeren.”<sup>1</sup>

## Bronnelys

- Anoniem** (Stephanus J. du Toit) 1902/1904. *Patriotwoordeboek/Patriot Dictionary*. Paarl: Du Toit.
- Bergenholtz, Henning en Gouws, Rufus H.** 2010. A Functional Approach to the Choice between Descriptive, Prescriptive and Proscriptive Lexicography. *Lexikos* 20: 26-51.
- Bosman, Daniël B. en Van der Merwe, Izak W. et al.** (reds.) 1931. *Tweetalige woordeboek Engels-Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Bosman, Daniël B. en Van der Merwe, Izak W. et al.** (reds.) 1936. *Tweetalige woordeboek Afrikaans-Engels*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Botha, Willem, F.** 2003. *Die impak van die leksikografieteorie op die samestelling van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Onuitgegewe proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.
- Changuion, Antoine N.E.** 1844. Proeve van Kaapsch Taaleigen. Changuion, Antoine N.E. 1844. *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*. Rotterdam: J. van der Vliet.
- Dekker, Leendert en Paardekooper, Piet C.** 1990. *Nederlands-Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: Van Schaik.
- Demeersseman, Hanny et al.** (reds.) 2000. *Kramers Woordenboek Zuid-Afrikaans-Nederlands/Nederlands-Zuid-Afrikaans*. Amsterdam: Elsevier.
- Elfers, Hubertus.** 1903. *The Englishman's Guide to the Speedy and Easy Acquirement of Cape Dutch (Grammar, Useful Information, Conversation) for the Use of Travellers, Settlers and Military Men*. Kaapstad: Juta.
- Elfers, Hubertus en Viljoen, Willem J.** 1908. *Beknopt Nederlands Woordeboek voor Zuid-Afrika*. Kaapstad: Juta.
- Elfers, Hubertus en Viljoen, Willem J.** 1908a. *English-Dutch and Dutch-English Dictionary*. Kaapstad: Juta.
- Gallardo, Andres.** 1980. Dictionaries and the Standardization Process. In Zgusta, Ladislav (red.) 1980. *Theory and Method in Lexicography*. Columbia: Hornbeam Press. 59-69.
- Gericke, Werner.** 1991. *Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal – 'n kultuurhistoriese verkenning*. Onuitgegewe MA-tesis. Universiteit van Stellenbosch.
- Gouws, Rufus H.** 2005. Lexicography in Africa. Brown, Keith (red.) *Encyclopedia of Language & Linguistics*. 2nd Edition. Oxford: Elsevier. 95-101.
- Gouws, Rufus H.** 2016. Enkele minder bekende Afrikaanse woordeboekmonumente. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(2-1): 355-370.
- Gouws, Rufus H. en Leroyer, Patrick.** 2009. Verhoogde leksikografiese toeganklikheid in die oorgang van 'n toeristewoordeboek na 'n toeristegids as naslaanbron. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 49(1): 145-159.



- Gouws, Rufus H. en Leroyer, Patrick.** 2009a. En termes de vin: lexicographisation du guide oenotouristique en ligne. *Revue française de linguistique appliquée* 14(2): 99-116.
- Gouws, Rufus H. en Prinsloo, Daniël J.** 2005. *Principles and practice of South African lexicography*. Stellenbosch: SunMedia.
- Jones, Kerry L. et al.** (reds.) 2014. *Ju |'hoan Tsumkwe Dialect/Prentewoordeboek vir kinders/Children's picture dictionary*. Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press.
- Labuschagne, FJ en Eksteen, Louis.** 2010. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Kaapstad: Pharos.
- Mansvelt, Nicolaas.** 1884. *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon met Toelichtingen en Opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal*. Kaapstad: Cyrus J. Martin.
- Martin, Willy, Boekkooi, Elsa, Gouws, Rufus, Maks, Isa, Renders, Luc.** (reds.) 2011. *Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands*. Houten: Prisma.
- Martin, Willy, Gouws, Rufus H. Renders, Luc.** 1999. Haalbaarheids- en Definitiestudie voor een woordenboek Afrikaans-Nederlands/Nederlands-Afrikaans. ZASM: Amsterdam.
- Ndinga-Koumba-Binza, Steve Hugues.** 2005. Considering a lexicographic plan for Gabon within the Gabonese language landscape. *Lexikos* 15: 132-150.
- Pheiffer, Roy et al.** (reds.) 2011. *Protea Miniwoordeboek Afrikaans-Nederlands/Nederlands-Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Shah, Sheena en Brenzinger, Matthias** (reds.) 2016. *Ouma Geelmeid ke kx'u | |xa | |xa N |uu/Ouma Geelmeid gee N |uu*. Kaapstad: CALDi (=Centre for African Language Diversity), Universiteit van Kaapstad.
- Tarp, Sven.** 2000. Theoretical challenges to LSP lexicography. *Lexikos* 10: 189-208.
- Tarp, Sven.** 2008. *Lexicography in the borderland between knowledge and non-knowledge. General lexicographical theory with particular focus on learner's lexicography*. Tübingen: Niemeyer.
- Tromp, Theod. M.** 1879. *De Afrikaansche Taal*, In: *Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der annexatie van de Transvaal*. Leiden: E.J. Brill.
- Van der Merwe, Henderik J.J.M.** 1968. *Patriot woordeboek Heruitgegee en van 'n voorwoord voorsien*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Merwe, Henderik J.J.M.** 1971. *Vroeë Afrikaanse Woordelyste*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, M. Christo J.** 2017. *Toe slim sy baas gevang het*. Ongepubliseerde referaat.
- Van Sterkenburg, Piet G.J.** 2009. *Moenie Mounie/Niet Mekkeren*. Schiedam: Scriptum.

- Veltkamp-Visser, Sief.** 1996. *Afrikaans op Reis*. Amsterdam: NZAV/SAI.
- Wiegand, Herbert E.** 1998. *Wörterbuchforschung*. Berlin: De Gruyter.
- Wiegand, Herbert E. en Gouws, Rufus H.** 2013. Macrostructures in printed dictionaries. In Gouws, Rufus H., Heid, Ulrich, Schweickard, Wolfgang, Wiegand, Herbert E. (reds.) 2013. *An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography*. Berlin: De Gruyter. 73-110.
- Woordeboek van die Afrikaans Taal.** Stellenbosch: Buro van die WAT.

## Note

1. This work is based on the research supported in part by the National Research Foundation of South Africa (Grant specific unique reference number (UID) 85434). The Grantholder acknowledges that opinions, findings and conclusions or recommendations expressed in any publication generated by the NRF supported research are that of the author(s), and that the NRF accepts no liability whatsoever in this regard.

# Konjunksiemerkers: 'n Indeling in Afrikaans vir die gebruik in geskrewe akademiese argumente op universiteit

Zanétte Meintjes

## *Conjunction markers: a classification of Afrikaans markers for use when writing academic arguments at university*

*At university level, written arguments serve as the medium through which knowledge is communicated and as the basis on which academic progress and success are assessed. A written argument should therefore be structured in such a manner that it testifies of logical inherence, in other words coherence. Coherence is established by among other things creating explicit relationships between the different parts of the argument. Such relationships are established by words and phrases that fulfil conjunctive functions, known as conjunction markers. However, writing a coherent argument is a complex task, especially for Afrikaans-speaking first-year students who have never before, or very seldom, been exposed to writing arguments and who therefore do not necessarily have knowledge of the different conjunction markers that can be used to establish coherence. No classification of Afrikaans conjunction markers for specific use in establishing argument structure is available in the current body of literature. The aim of this article is therefore to provide a classification of Afrikaans argumentative conjunction marker categories and the different markers that resort under each category for the purpose of providing students with a guideline for writing coherent academic arguments.*

## 1. Inleiding

Akademiese skryfvaardigheid en die belangrike rol wat dit speel in die suksesvolle afhandeling van 'n universiteitstudie, is reeds die afgelope paar dekades 'n prominente besprekingspunt in die literatuur. Universiteite, as sosiale instellings, fokus primêr op die bied van oplossings vir komplekse kwessies van akademiese belang, dikwels aan die hand van geskrewe akademiese diskoers (Grabe & Kaplan, 1996: 5-6; Jordaan & Meintjes, 2015: 286; Meintjes, 2015a: 78). Om hierdie rede word daar van die standpunt uitgegaan dat kennis rakende die konvensies van geskrewe akademiese diskoers én goeie akademiese skryfvaardigheid 'n universiteitstudent nie net in staat stel om akademiese kennis te konstrueer nie, maar ook om hierdie kennis korrek en suksesvol aan die akademiese diskoersgemeenskap te kommunikeer (Van Dyk et al., 2009: 334; Dastjerdi & Samian, 2011: 66; Newell et al., 2011: 273-274; Giridharan, 2012: 579; Van de Poel & Gasiorek, 2012: 295; Maghfiroh, 2013: 31; Van Rooy & Coetzee-Van Rooy, 2015: 32).

Aangesien die akademiese diskoersgemeenskap (bestaande uit akademici)

gemeenskaplike opvattinge ten opsigte van teoretisering, navorsingsmetodologie en -doelwitte met mekaar deel (Northedge, 2003: 24; Hyland, 2009: 66; Meintjes, 2015a: 336), vorm institusionele en vakdissiplines se onderskeie ideologiese en epistemologiese kernaspekte wanneer dit kom by die produksie en interpretasie van akademiese diskoers (Duff, 2010: 170). Dit impliseer dat geskrewe akademiese diskoers nie net 'n sosiale, interaktiewe en doelgerigte proses is nie, maar ook 'n strukturerings- en vormingsproses behoort te wees waartydens grammatikale, tekstuele, funksionele en sosiolinguistiese kennis toegepas word (Meintjes, 2015a: 25; Meintjes, 2015b: 34). Verder hou dit ook verband met bepaalde kognitiewe prosesse, soos kritiese denke; die oplossing van probleme; die neerskryf en omskakeling van gedagtes; die analise, interpretasie en sintetisering van inligting; asook die regverdiging van bepaalde standpunte (Sampson et al., 2013: 644; Meintjes, 2015a: 25). Die mate waartoe studente tot die voorgenoemde in staat is, word dikwels aan die hand van hulle argumentasievermoë getoets. In dié opsig vorm geskrewe argumente 'n essensiële komponent van universiteitstudie (Mei, 2006: 330; Van de Poel & Gasiorek, 2007: 34; Carstens, 2009: 88-90; Wingate, 2012: 145; Sampson et al., 2013: 644; Meintjes, 2015a: 5, 69).

## 2. Geskrewe akademiese argumente op universiteit

Mei (2006: 330) wys daarop dat 'n student se akademiese sukses hoofsaaklik bepaal word deur die mate waartoe die skryf van argumentatiewe tekste bemeester word. Andrews (2007: 3) beskryf die vaardigheid om goeie argumentatiewe tekste te produseer as die *versteekte kriteria* van universiteitsassessering. Hy meld dat studente wat goeie vordering in die onderrigstelsel toon, dikwels nie net diegene is wat boekekennis oor hulle vakke besit en dit kan weergee nie, maar ook diegene is wat skriftelik goed kan argumenteer. Mei (2006: 330), Hillocks (2010: 25) en Dastjerdi en Samian (2011: 68), beklemtoon net soos Andrews (2007: 3) dat die skryf van 'n argument op universiteit 'n kritieke vaardigheid is, waarsonder studente nie optimaal deel kan hê aan akademiese gesprekke en akademiese sukses nie. Deane en Song (2014: 100-101) is ook van mening dat argumentasie 'n belangrike rol te speel het in die ontwikkeling van kritiese denke en die begrip van komplekse sake en idees. Derhalwe word gereken dat geskrewe argumentatiewe diskoers ook sentraal staan tot die ontwikkeling en verwerwing van akademiese geletterdheid (Newell et al., 2011: 274-275; Jordaan & Meintjes, 2015: 285; Meintjes, 2015a: 70).

Die skryf van 'n akademiese argument blyk egter een van die mees komplekse en uitdagende vaardighede te wees om te bemeester, omdat dit verband hou met onder meer verskillende lees, skryf- en denkvaardighede (Newell et al., 2011: 277; Deane & Song, 2014: 100-101). Nie net behoort die skrywer volgens Deane

en Song (2014: 101) die beginsels wat die klassieke retorika onderlê te verstaan nie, maar hy/sy behoort ook kennis aangaande die onderwerp te verkry deur middel van intensiewe navorsing. Verder kan die skrywer ook nie net eensydig te werk gaan nie, maar behoort alternatiewe standpunte deurlopend in ag geneem en ondersoek te word. Deane en Song (2014: 102) beklemtoon dat die skrywer ook oor die vaardigheid moet beskik om voldoende en toepaslike redes en bewyse vir bepaalde argumente aan te voer, die argumente te evalueer en ook op kritiese wyse daarmee om te gaan. Laastens behoort die argument op 'n logiese wyse georganiseer te word én in die korrekte formaat gekonstrueer te word.

Die organisering en formulering van 'n geskrewe akademiese argument tot 'n betekenisvolle eenheid is egter 'n ingewikkelde proses, omdat die logiese en koherente beredenering van 'n saak, soos dit ook uit die voorafgaande afdeling blyk, hoë kognitiewe, konseptuele en strukturele vereistes aan die skrywer daarvan stel (Dastjerdi & Samian, 2011: 67). Andrews (2007: 6) is van mening dat 'n goed geformuleerde argument onder meer gekenmerk word deur die eksplisiete bekendmaking van gedagtes deur die gebruik van horisontale en vertikale verbindings, dit wil sê een idee of paragraaf moet duidelik by 'n ander een aansluit. Die voorgenoemde word bewerkstellig deur verskillende woorde en frases te gebruik wat konjunktiewe funksies vervul en as konjunksiemerkers bekend staan. Hierdie merkers lei en betrek die leser eksplisiet by teksinterpretasie, aangesien alle teksdele daardeur op 'n sistematiese wyse, oftewel logiese-semantiese wyse met mekaar in verband gebring kan word (Halliday & Hasan, 1976: 227; Hyland, 1998: 442-443; Knoch, 2009: 98; Christiansen, 2011: 161).

### 3. Probleem

Wingate (2012: 146) wys daarop dat die duidelike en logiese ontwikkeling van 'n bepaalde standpunt en die aanbieding van sodanige standpunt op 'n koherente wyse, as 'n fundamentele komponent van goeie én suksesvolle akademiese argumente beskou word. Dit blyk egter dat talle Afrikaanssprekende nuweling-eerstejaarstudente die skryf van koherente argumente as problematies ervaar. Die rede hiervoor, soos reeds in Afdeling 2 genoem, is dat dit 'n ingewikkelde skryftaak is, waaraan daar nie noodwendig altyd voldoende aandag geskenk word op skoolvlak nie (Jordaan & Meintjes, 2015: 286-287). Derhalwe manifesteer leemtes in die gebruik van toepaslike konjunksiemerkers vir die koherente beredenering van 'n saak ook dikwels eers op universiteit (Meintjes, 2015a: 2, 4-5).

Dit is dus noodsaaklik om Afrikaanssprekende nuweling-eerstejaarstudente te ondersteun in die skryf van koherente, akademiese argumente. Een wyse waarop studente in hierdie proses bygestaan kan word, is om hulle bewus te maak van

die verskillende argumentatiewe konjunksiemerkerkategorieë en die onderskeie merkers wat daaronder ressorteer. Hierdeur kan hulle begelei word om eksplisiete koherensieverhoudings op 'n deurlopende basis in hulle geskrewe argumente te bewerkstellig (vgl. Meintjes, 2015a: vii, 274, 288-289, 338). Alhoewel daar verskeie Engelse indelings van woorde en frases bestaan,<sup>1</sup> blyk die indeling in Afrikaans beperk te wees in terme van die kategorieë en voorbeeldwoorde wat gelys word (vgl. Wybenga, 1989; Combrink, 1995; Carstens, 1996; Naicker, 1996; Carstens, 1997).

Wybenga (1989) se indeling behels konjunksiemerke wat verbande in sinne, en ook tussen sinne, kan lê. Wybenga (1989) onderskei hiervoor slegs tussen vier hoofkategorieë konjunksiemerke (voortgangmerke, aandagmerke, kontras- en verbandsmerke) en verdeel slegs een van hierdie kategorieë, naamlik verbandsmerke, in subkategorieë. Verder verskaf Wybenga (1989) ook net enkele voorbeeldwoorde om hierdie hoof- en subkategorieë mee te illustreer. Combrink (1995) fokus met sy navorsing op die binding tussen die verskillende dele (temasin, steunsinne en slotsin) van paragrawe deur gebruik te maak van voegwoorde, bywoorde en bywoordelike bepalings wat as konjunksiemerke kan optree.

In teenstelling met Wybenga (1989), verskaf Combrink (1995) 'n meer uitgebreide indeling deur sestiën hoofkategorieë te identifiseer wat die leser deur die teks kan lei, en hy illustreer dit ook aan die hand van meer voorbeeldwoorde as Wybenga (1989). Naicker (1996) stel ondersoek in na die gebruik van konjunksiemerke in narratiewe opstelle van Afrikaans T2-opstelle en fokus hoofsaaklik met sy indeling op Halliday en Hasan (1996) se vier hoofkategorieë konjunksiemerke, naamlik aaneenskakelend, teenstellend, redgewend en tydsaanduidend. Naicker (1996) verskaf ook 'n aantal subkategorieë en illustreer dit aan die hand van enkele voorbeeldwoorde én voorbeeldsinne.

Carstens (1997) stel 'n indeling van konjunksiemerke spesifiek vir Afrikaans voor deur ook gebruik te maak van Halliday en Hasan (1976) se indeling en die verskillende benaderings wat Gleason (1965), Van Dijk (1977), De Beaugrande (1980), Halliday (1985), Rudolph (1988), Quirk et al. (1989), Wybenga (1989) en Combrink (1995) gevolg het vir hulle indelings. Met sy indeling maak Carstens (1997), net soos Wybenga (1989) en Naicker (1996), slegs gebruik van vier hoofkategorieë, maar hy verdeel elke hoofkategorie ook in verskeie subkategorieë wat aan die hand van enkele voorbeeldwoorde geïllustreer word.

Hierdie benaderings tot die indeling van konjunksiemerke wat hoofsaaklik op intuïsie<sup>2</sup> berus het, toon slegs die mees algemene/elementêre semantiese verbande aan wat in Afrikaans deur verskillende konjunksiemerke bewerkstellig kan word. Daar word ook, soos vroeër genoem, slegs enkele voorbeelde van merke onder die onderskeie hoof- en/of subkategorieë daarvan verskaf. Verder fokus dit as sodanig

ook nie spesifiek op die gebruik daarvan in 'n geskrewe argument nie.

Die mees onlangse en resente navorsing wat gevind kon word oor die indeling van Afrikaanse konjunksiemerker waar intuïsie nie 'n rol gespeel het nie, maar waar daar gebruik gemaak is van 'n korpuslinguistiese ondersoek en/of bepaalde rekenaarprogrammatuur, is Jordaan (2014), Jordaan (2016) en Fouché (2016). Jordaan (2014, 2016) stel in haar korpuslinguistiese studie 'n herindeling van Carstens (1997) se konjunksiemerker voor, en voeg ook talle Afrikaanse voorbeeldwoorde by. In hierdie studie word WordSmith 6 gebruik om konjunksiemerker in die argumentatiewe skryfwerk van Afrikaans T1-studente te ondersoek.

Fouché (2016) fokus in haar studie nie net op konjunksiemerker nie, maar ook op kohesiemerker (verwysing, substitusie, ellips, konjunksie en leksikale kohesie), soos dit gebruik word deur moedertaalsprekers van Afrikaans in graad 6 en graad 9. Elkeen van die voorgenoemde kohesiemerker se realiseringsmiddele word ook afsonderlik beskryf om as raamwerk vir ontleding te dien. Ten opsigte van die kategorie konjunksiemerker, maak Fouché (2016) gebruik van Carstens (1997) se raamwerk. Sy pas egter hierdie kategorie aan deur bepaalde konjunksiemerker te herkategoriseer, te skrap, onderafdelings te integreer, name van afdelings te wysig, nuwe afdelings én konjunksiemerker by te voeg.

Alhoewel Fouché (2016) elke skryfstuk gelees het om die gebruik van die kohesiemerker te ondersoek, het sy ook gebruik gemaak van rekenaarprogrammatuur soos ATLAS.ti en WordSmith 5 vir sistematisering, kwantifisering en kontrole doeleindes. Jordaan (2014, 2016) en Fouché (2016) fokus egter ook nie met hulle indelings spesifiek op die argumentstruktuur nie.

#### 4. Doel en vooruitskouing

Uit Afdeling 3 het dit geblyk dat 'n indeling van konjunksiemerker, wat spesifiek op die argumentstruktuur fokus, en studente van hulp kan wees in die skryf van akademiese argumente op universiteit, 'n leemte in die Afrikaanse taal is. Daarom is die doel van hierdie artikel om sodanige indeling daar te stel wat as handleiding kan dien. Dit is ook belangrik dat hierdie argumentatiewe konjunksiemerker gekategoriseer word spesifiek volgens hulle semantiese/funksionele rol wat dit in 'n geskrewe argument vervul.


Sodanige indeling behoort aan eerstejaarstudente die geleentheid te bied om kennis te neem van die verskillende woorde en frases wat in Afrikaans as argumentatiewe konjunksiemerker kan optree, die onderskeie funksies daarvan, en die wyse waarop dit gebruik kan word om koherente akademiese argumente te kan skryf.

Koherente beredenering hou egter ook ten nouste verband met die konvensies

verbonde aan die argumentstruktuur (vgl. Meintjes, 2015a: 70-71). Daarom word die argumentstruktuur vervolgens kortliks uiteengesit, waarna die fokus sal val op argumentkoherensie, ten einde die funksie en die logiese skakeling tussen die verskillende strukturele dele van die argument uiteen te sit. Hierna word die navorsingsmetode bespreek, waarna die indeling van Afrikaanse argumentatiewe konjunksiemerkers, die bevindinge en gevolgtrekking aan die bod kom.

## 5. Argumentstruktuur

Meintjes (2015a: 72) wys daarop dat 'n geskrewe argument uit drie oorhoofse strukturele dele bestaan, maar dat die oorhoofse struktuur op sy beurt weer gekenmerk word deur 'n interne struktuur, wat uit verskillende argumentatiewe komponente opgebou word (vgl. Figuur 1). Die oorhoofse struktuur staan ook bekend as die eksterne struktuur (Van de Poel et al., 2012: 90) of die makrostruktuur (Jordaan & Meintjes, 2015: 288) en bestaan uit drie dele, naamlik die inleiding, die inhoudelike gedeelte en die slot. Ten einde vorm aan die makrostruktuur te gee, moet die skrywer daartoe in staat wees om die verskillende argumentatiewe komponente, oftewel strukturele elemente op 'n toepaslike wyse te gebruik (Simon et al., 2006: 237; Meintjes, 2015a: 70; Stapleton & Wu, 2015: 13). Hierdie strukturele elemente konstrueer die interne struktuur, oftewel die mikrostruktuur van die argument (vgl. Figuur 1).<sup>3</sup>



Figuur 1: Die makro- en mikrostruktuur van 'n geskrewe argument



## 5.1. Die makrostruktuur

Die *inleiding* dien as vertrekpunt van die argument deurdat die skrywer die onderwerp van bespreking aankondig. Die onderwerp word ook binne konteks geplaas deur na bepaalde gebeurtenisse of omstandighede te verwys wat dit voorafgaan of direk daarmee verband hou (Bailey, 2006: 53; Van der Walt, 2013: 177). Op hierdie wyse word agtergrond aan die leser verskaf met betrekking tot die onderwerp van bespreking (Bailey, 2006: 52; Van Loon et al., 2011: 35, 95).

Verder dien die *inleiding* ook as ruimte waar die skrywer sy eie objektiewe mening rakende die onderwerp aan die leser voorhou (Van Loon et al., 2011: 97; Stab & Gurevych, 2014: 1503), voordat dit verder in die inhoudelike gedeelte van die argument bespreek en beredeneer word. Die verskillende hoofpunte of verloop van die argument en die volgorde waarin dit hanteer sal word, word ook in die *inleiding* aan die leser bekend gemaak (Bailey, 2006: 52-53; Burnett, 2008: 2-3; Van Loon et al., 2011: 35, 95, 97, 101, 103).

In die *inhoudelike gedeelte* word die hoofpunte wat die skrywer in die *inleiding* uiteengesit het, op 'n logiese en sistematiese wyse in verskeie paragrawe bespreek en toegelig. Dit geskied aan die hand van verskeie ondersteuningsparagrawe (Bailey, 2006: 49; Burnett, 2008: 2). Hierdie paragrawe vervat volgens Stab en Gurevych (2014: 1504) die primêre argument waarin die skrywer die stelling wat in die *inleiding* gemaak is, ondersteun of teenstaan. Sodanige paragrawe word gekenmerk deur die gebruik van onder meer gesaghebbende bronne waardeur die skrywer op 'n eksplisiete wyse, deur middel van analise, evaluering en interpretasie, poog om geloofwaardigheid en oortuiging aan sy eie voorafgestelde standpunte asook die standpunte van ander, hetsy dit ooreenstem of nie ooreenstem met die skrywer se eie standpunte nie, te verleen (Mckinney, 2008; Van Loon et al., 2011: 112). Dit geskied deur die aanvoer van verskeie redes, asook die insluiting van bepaalde definisies, aanhalings, bewyse, voorbeelde, figure, tabelle en diagramme ter ondersteuning en versterking van 'n bepaalde standpunt of standpunte (Burnett, 2008: 3; Van Loon et al., 2011: 112).

In die *slot* word 'n noukeurige samevatting van die inhoudelike gedeelte verskaf, waarna die argument tot 'n besliste einde gevoer word deur middel van 'n finale gevolgtrekking (Bothma & Cloete, 1963: 20). Tydens die skryf van die samevatting vind daar herbesinning plaas rakende die verskillende standpunte, besprekings en gevolgtrekkings wat in die inhoudelike gedeelte voorgekom het. Hierdie refleksie geskied aan die hand van herhaling, bevestiging en beklemtoning, asook 'n verduideliking van waarom bepaalde standpunte, en pertinent die skrywer se eie standpunt, meer oortuigend geag kan word as die standpunte van ander (Burnett, 2008: 3; Van Loon et al., 2011: 112). Van der Walt (2013: 183) konstateer dat die slot se struktuur nie rigied is nie. Dit kan veralgemenend van aard wees,

'n bepaalde standpunt huldig, 'n oordeel fel, bepaalde navorsing wat nog nodig is aandui en bepaalde aanbevelings aan die hand doen. Die voorgenoemde kan ook in kombinasie aangebied word.

## 5.2. *Die mikrostruktuur*

Die mikrostruktuur van die argument bestaan uit verskeie komponente wat volgens Toulmin (1958: 101-106) verdeel kan word in die (1) stelling/gevolgtrekking (algemene aannames/standpunte), (2) data (eksplisiete en toepaslike bewyse om die algemene aannames te ondersteun), (3) waarborge (algemene hipotetiese aannames om die relevantheid van die data tot die stelling te regverdig), (4) ondersteuning (enige toepaslike en bykomende bewyse wat die waarborge regverdig), (5) kwalifisering (die gebruik van modale kwalifiseerders ten einde die juistheid of onjuistheid van stellings te beklemtoon), en (6) weerlegging (alternatiewe standpunte en opinies word erken, ondersoek en bespreek).

Van de Poel et al. (2012: 362) beklemtoon dat 'n effektiewe geskrewe argument op 'n eksplisiete wyse gestruktureer en georganiseer behoort te word. Dit beteken volgens Meintjes (2015a: 77) dat die verskillende dele van die makrostruktuur en die mikrostruktuur op sodanige wyse met mekaar verbind word dat dit georganiseerd, vloeiend en betekenisvol is, met ander woorde dat konseptuele ontwikkeling deurgaans plaasvind (Meintjes, 2015a: 77).

## 6. **Argumentkoherensie**

Die dele van die makrostruktuur en die komponente van die mikrostruktuur moet onderling met mekaar verbind word, sodat die leser die teks as 'n duidelike en betekenisvolle eenheid kan ervaar. Dit beteken dat die onderskeie dele en hulle paragrawe asook die verhouding tussen die verskillende komponente op 'n logiese wyse met mekaar verbind moet word (Van de Poel et al., 2012: 358-359; Stab & Gurevych, 2014: 1504-1505). Hierdie binding en verhoudings word bewerkstellig deur middel van koherensie. Koherensie hou direk verband met skryf- en tekstkwiteit; tekssamehang en -eenheid (De Beaugrande & Dressler, 1981; Dueraman, 2007: 4; Van de Poel en Gasiorek, 2007: 52-53; Weideman, 2011: 73).

Die organisering en formulering van geskrewe argumente tot 'n koherente geheel, vereis nie net die vaardigheid om relevante en voldoende bewyse te identifiseer en te verskaf nie, maar gaan ook volgens Johannessen et al. (soos aangehaal deur Newell, 2011: 277) gepaard met die vaardigheid om die verskeie dele en komponente van die argument op 'n eksplisiete wyse met mekaar, met

wêreldkennis én die literatuur te kan skakel. Prommas en Singwongsuwat (2011: 2) argumenteer verder dat dit ook meer verg as bloot die vaardigheid om sinne in die standaardtaal korrek te konstrueer. Die skrywer moet ook oor kennis beskik aangaande kohesie, dit wil sê die algemene teksvormende relasies wat semantiese eenheid in tekste bewerkstellig (Halliday & Hasan, 1976: 9).

Teksvormende relasies verwys onder andere na kohesiemerkers (woorde én frases), wat eksplisiete koherensieverhoudinge in tekste skep. Ten einde effektiewe en suksesvolle kommunikasie te fasiliteer, behoort die skrywer in staat te wees om hierdie merkers korrek volgens hulle onderskeie funksies te gebruik (Rahimi, 2011: 68; Prommas & Sinwongsuwat, 2011: 2; Meintjes, 2015a: 10).

Eksplisiete binding kan grammatikaal en/of leksikaal van aard wees (Halliday & Hasan, 1976: 5-6), en die tipe koherensieverhouding wat daardeur geskep word, hang af van die tipe teks wat ter sprake is, en die verskillende dele/komponente waaruit sodanige teks opgebou word (Achili, 2007: 22; Enkvist, 1990: 22; Sanders & Noordman, 2000: 39). Grammatikale binding sluit in verwysing, substitusie, ellipsis en *konjunksie*, terwyl leksikale binding verband hou met herhaling en kollokasie (Halliday & Hasan, 1976: 5-6, 288).

In Afdeling 5 is daar reeds verwys na die verskillende dele en komponente waaruit 'n geskrewe argument bestaan. Meintjes (2015a: 104) wys daarop dat verskillende kohesiemerkers gebruik kan word om argumentatiewe koherensieverhoudinge tussen die makrostruktuur en mikrostruktuur van 'n geskrewe argument te bewerkstellig, maar dat *konjunksie* 'n fundamentele rol te speel het in die skep van koherensieverhoudinge in 'n argument (vgl. ook Van de Poel & Gasiorek, 2007: 52; Van Rooy & Esterhuizen, 2011: 69). Die rede hiervoor is dat konjunksie onder meer gebruik kan word om verskillende proposisies op 'n eksplisiete en logiese wyse te verbind (Van Rooy & Esterhuizen, 2011: 69; Meintjes, 2015a: 104-105), betekenis eksplisiet uit te druk (Carstens, 1997: 273-274) en teksstruktuur op die makrovlak te laat realiseer (Van Rooy en Esterhuizen, 2011: 69).

Uit die bostaande is dit duidelik dat konjunksie in geskrewe argumente gebruik kan word om koherensieverhoudinge op die mikro- sowel as makrovlak te bewerkstellig. Daar bestaan verskillende woorde en frases wat as konjunksiemerkers, of vir die doel van hierdie artikel *argumentatiewe konjunksiemerkers*, kan optree. Daarom behoort sodanige woorde volgens Van Rooy en Esterhuizen (2011: 72) na vorm en funksie gebruik te word. Hierdie woorde en frases sluit nie net neweskikkende en onderskikkende voegwoorde in nie, maar behels ook bywoorde en prenominale modifiseerders soos kwantifiseerders en bywoorde wat as adjunkte (bepalend), konjunkte (skakelende) of disjunkte (evaluerend) kan optree, asook proposisionele frases en selfstandige naamwoordfrases (Quirk et al., 1985: 634-636; Van Rooy & Esterhuizen, 2011:

72, vgl. Meintjes, 2015a: 105). Verder sluit sodanige woorde en frases ook onder meer voornaamwoorde, demonstratiewe, vergelykings, selfstandige naamwoorde, adjektiewe en werkwoorde in (Patricio, 1993: 14; Carstens, 1997: 128; Carstens & Van de Poel, 2010: 111; Van de Poel et al., 2012: 77).

Soos reeds in Afdeling 2 en 3 genoem, bestaan daar nie in Afrikaans 'n indeling van konjunksiemerkerers wat spesifiek op die argumentstruktuur fokus nie. Derhalwe word daar in hierdie artikel 'n indeling van argumentatiewe konjunksiemerkerers vir Afrikaans verskaf.

## 7. Metode

Om 'n semantiese/funksionele indeling van Afrikaanse argumentatiewe konjunksiemerkerers daar te stel, het die navorser drie stappe gevolg wat vervolgens uiteengesit en bespreek word.

### 7.1. Stap 1: Literatuurondersoek

Eerstens het die literatuur as vertrekpunt gedien deurdat toepaslike bronne<sup>4</sup> sorgvuldig bestudeer is om alle moontlike woorde en frases wat konjunktiewe funksies in geskrewe tekste vervul, te identifiseer en aan te teken. Tydens hierdie stap is daar nie net gefokus op onderskikkende en neweskikkende voegwoorde nie, maar ook op ander tipes woorde en frases (soos uiteengesit in Afdeling 6, voorlaaste paragraaf).

Dit het geblyk dat Quirk et al. (1985: 634-636) se indeling van konjunksiemerkerers as voorlopige raamwerk kan dien vir die voorgenoemde indeling van Afrikaanse argumentatiewe konjunksiemerkerers, vanweë die breedvoerige aard en die toepassingsmoontlikheid daarvan op verskillende geskrewe tekste. Aangesien Quirk et al. (1985: 634-636) gemoed is met Engelse woorde en frases, moes die Afrikaanse woordeskat afsonderlik ondersoek word om 'n indeling van konjunksiemerkerers daar te stel. Na aanleiding van hierdie ondersoek is Quirk et al. (1985: 634-636) se indeling aangevul met verskeie ander woorde en frases wat in 'n gekrewe argument gebruik kan word. Hierdie woorde en frases kan koherensieverhoudinge bewerkstellig tussen al die dele van die makrostruktuur én die komponente van die mikrostruktuur van 'n argument (Meintjes, 2015a: 111-112; vgl. Figuur 1).

Tydens die voorgenoemde kontrole en identifisering van bykomende woorde en frases, is al die Engelse woorde en frases na Afrikaans vertaal, en is alle moontlike sinonieme en verbuigings van elke woord en frase in die Afrikaanse indeling opgeneem. 'n Totaal van 271 argumentatiewe konjunksiemerkerers is op die wyse geïdentifiseer en ingedeel onder 13 kategorieë, volgens die semantiese/

funksionele gebruik daarvan in 'n argument. Hierdie kategorieë is saamgestel op grond van insigte wat bekom is tydens die genoemde literatuurondersoek én empiriese toetsing, Stap 2 en Stap 3, wat beide 'n teksanalise behels het.

## **7.2. Stap 2: Handanalise**

Tydens die tweede stap is die lys van Afrikaanse voorbeeldwoorde, -frases én hulle onderskeie semantiese/funksionele kategorieë (vgl. Stap 1) gekontroleer en aangevul, deur 100 outentieke argumentatiewe skryfstukke met die hand te ontleed. Die betrokke skryfstukke is deur middel van 'n ewekansige steekproef, aan die hand van Excel se Randfunksie, uit 'n groot datastel (731 skryfstukke met 'n woordtelling van 437 580) van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente se skryfwerk onttrek. Tydens die handanalise is saturasie met betrekking tot die vind van nuwe woorde en frases teen skryfstuk 60 bereik. Om die saturasie te bevestig, het die navorser steeds voortgegaan en altesaam 85 skryfstukke ontleed. Dit het duidelik geblyk dat saturasie wel teen skryfstuk 60 bereik is. Daar is altesaam 25 woorde en frases geïdentifiseer wat by die bestaande indeling gevoeg kon word. Sewe van die woorde/frases is nie uit die literatuur geïdentifiseer nie en kon daarom by die Afrikaanse lys opgeneem word. Die oorblywende 18 woorde/frases was slegs verbuigings of sinonieme van die woorde en frases wat reeds geïdentifiseer was (vgl. Meintjes, 2015a: 146-147). Die voorgenoemde lys het op sy beurt weer gedien as raamwerk vir 'n verdere analise wat die derde stap gevorm het.

## **7.3. Stap 3: Korpusgebaseerde ondersoek**

Korpuslinguistiek is tydens die derde stap betrek, en die korpusgebaseerde variant daarvan is gebruik om op 'n kwantitatiewe wyse die akkuraatheid en toepasbaarheid van die argumentatiewe konjunksiemerkers, soos dit onder die verskeie kategorieë ná Stap 1 en Stap 2 ingedeel is, te kontroleer en te verfyn. WordSmith-programmatuur (weergawe 5.0) is vir hierdie doel aangewend. Elke konjunksiemerker wat tydens Stap 1 en Stap 2 geïdentifiseer is, is individueel binne sy konteks, soos dit in die dele van die makrostruktuur (vgl. Figuur 1) voorgekom het, in die korpus van outentieke argumentatiewe skryfstukke, met behulp van WordSmith se konkordansiereëls bestudeer. Die gebruikspatrone van elke konjunksiemerker is op hierdie wyse gekontroleer, en die tipe koherensieverhouding wat dit tussen die verskillende dele van die makrostruktuur en die onderskeie komponente van die mikrostruktuur van die argument bewerkstellig, is vasgestel. Op grond hiervan kon die voorbeeldwoorde en -frases, indien dit nie reeds was nie, in die korrekte kategorie/kategorieë geplaas word (vgl. Meintjes, 2015a: 149-150).

## 8. 'n Indeling van argumentatiewe konjunksiemerker vir Afrikaans

Die indeling van argumentatiewe konjunksiemerker vir Afrikaans, soos dit na vore gekom het uit die literatuurstudie (Stap 1) en empiriese ondersoek (Stap 2 en Stap 3), word vervolgens in Tabel 1<sup>5</sup> aangebied. Eerstens word daar 'n beskrywing van elke kategorie verskaf (semantiese/funksionele kategorie/kategorieë), waarna al die verkillende argumentatiewe konjunksiemerker wat koherensie tussen die verskillende dele van die makrostruktuur en die komponente van die mikrostruktuur (vgl. Figuur 1) van die argument kan bewerkstellig, onder die bepaalde kategorie/kategorieë gelys. Die rede vir die gebruik van die asterisk (\*) word in Afdeling 9 uiteengesit.

### **Kategorie 1: Voorwaardelike merker**

*Voorwaardelike merker* word gebruik om die hipotetiese stand van bepaalde sake uit te druk. 'n Verband word gelê tussen 'n spesifieke situasie, en die skrywer se mening ten opsigte van wat wenslik is of nie-wenslik is in die betrokke situasie. Die een situasie word altyd afhanklik gestel van die ander situasie.

alvorens; anders\*; andersins; as\*; behalwe as; dan\*; in daardie geval\*; in die geval\*; in geval van\*; in hierdie geval\*; indien; met die dat; met dien verstande; mits; op die voorwaarde dat; op voorwaarde dat; solank\*; tensy; voordat\*; wanneer\*.

### **Kategorie 2: Omstandigheid-/gesteldheidsmerker**

*Omstandigheid-/gesteldheidsmerker* word gebruik om inligting te verskaf rakende die eienskappe en/of die toestand van die situasie of verskynsel onder bespreking. Hierdie merker word ook gebruik om 'n verband te lê tussen die situasie en die bepaalde standpunt of standpunte wat die skrywer daarteenoor inneem of reeds ingeneem het.

gegewe\*; in ander opsigte; in daardie opsig; in die geval\*; in geval van\*; in die lig van; in die omstandighede; in die opsig; in hierdie opsig; na aanleiding van\*; onder daardie omstandighede; onder die omstandighede; onder hierdie omstandighede; te wyte aan\*.

### **Kategorie 3: Begronding-/redegewende merker**

Begronding-/redegewende merker dien as basis vir die uiteindelijke gevolgtrekking waartoe die skrywer wil kom. Deur middel van begronding poog die skrywer om die leser te oortuig dat sy argument as waar aanvaar kan word. Daarom verskaf die skrywer op 'n eksplisiete wyse en op 'n deurlopende basis verskillende redes, relevante bewyse, voorbeelde, statistiek, aanhalings en uitsprake ter ondersteuning van sy standpunt of standpunte. Die skrywer ondersteun en versterk ook onder meer hierdie redes en bewyse deur daarop uit te brei en verder toe te lig aan die hand van bykomende inligting. Algemene aannames en sienings rakende die betrokke saak word ook verskaf ten einde bepaalde standpunte verder te ondersteun en te begrond. Begronding word ook gekenmerk deur die herformulering van sekere inligting wat vroeër in die argument ter sprake was ter wille van duidelikheid en noukeurigheid.

aan die hand van; aangesien; aanvullend; addisioneel; addisionele; afgesien daarvan\*; afgesien hiervan\*; afgesien van\*; ander voorbeelde; anders\*; anders genoem; anders gestel; as\*; as gevolg daarvan\*; as gevolg hiervan\*; as gevolg van\*; as 'n reël; as konkrete voorbeeld; as toeligting; as 'n voorbeeld; benewens\*; beweer; bewys; boonop; bowendien; buiten; buitendien; by wyse van illustrasie; bygenoem; bygesê; bykomend; byvoorbeeld; bv.; daardeur\*; daarom; daaronder\*; derhalwe; deurdat; die rede; dienooreenkomstig; dit beteken (nie); dit is tipies; dit sluit in; dit veronderstel; dit wil sê; dui aan; dus\* ensovoorts; gewoonlik; hierbenewens; hierby; hierby kom nog; in ander woorde; in die algemeen; in die meeste gevalle; in die reël; kragtens; meen/gemeen; meestal; die meeste van die tyd; meld dat; met ander woorde; met verwysing na; 'n voorbeeld hiervan; na aanleiding van\*; naamlik; nog bewyse; nog 'n voorbeeld; nog voorbeelde; normaalweg; om een of ander rede; om hierdie rede; om 'n voorbeeld te noem; om te illustreer; omdat; omrede; onder andere; onder meer; oor die algemeen; op grond daarvan\*; op grond hiervan\*; op grond van\*; sê/gesê; sodat; sodoende; soos\*; staaf; talle ander; te wete; ter beskrywing; ter illustrasie; ter ondersteuning; ter verduideliking; te wyte aan\*; toon aan dat; van mening\*; vele ander; vele meer; verder; verdere bewyse (hervan); verdere bewyse daarvan; volgens; voorts; want.

#### **Kategorie 4: Skrywergesentreerde merkers**

*Skrywergesentreerde merkers* verwys eksplisiet na die skrywer self, en dui ook eksplisiet die instelling van die skrywer aan. Aangesien hierdie merkers die standpunte direk aan die skrywer koppel, impliseer dit ook dat die standpunte nie noodwendig algemeen geldig hoef te wees nie.

ek; my; myns insiens; ons.

#### **Kategorie 5: Opeenvolgingsmerkers**

*Opeenvolgingsmerkers* staan ook bekend as sekwensiële merkers. Hierdie merkers word gebruik om 'n vooruitskouing te gee; om te verwys na 'n reeks aspekte waarop die skrywer sy betrokke standpunt of standpunte baseer; om 'n reeks redes, bewyse en voorbeelde te lys; of om terug te verwys na bepaalde aspekte of hoofpunte wat reeds bespreek is.

dan\*; derdens; eerste; eerstens; hieropvolgend; in die eerste plek; in die tweede plek; in die derde plek; laaste; laastens; tweede; tweedens; vervolgens; volgende; voordat\*; wanneer\*.

#### **Kategorie 6: Toegewende/teenstellende merkers**

*Toegewende/teenstellende merkers* dui op bepaalde vergelykings of uitsonderings dat die skrywer van ander se menings kan verskil; dat daar ook ander standpunte of opinies kan wees as die van die skrywer s'n. Daarom maak die skrywer toegewings dat ander van sy standpunte kan en/of mag verskil, sy standpunte kan weerlê of selfs kan ondermyn.

aan die ander kant; afgesien daarvan\*; afgesien hiervan\*; afgesien van\*; alhoewel; alternatief; alternatiewelik; anders\*; ander meen; ander sal sê; as\*; benewens\*; buiten; daarenteen; daarteenoor; dan\*; desnieteenstaande; desondanks; dienooreenkomstig; die teenargument; eerder; egter; hierbenewens; hierteenoor; hoewel; in kontras hiermee; in plaas daarvan; in plaas hiervan; in plaas van; in stryd hiermee; in stryd met; in teenstelling hiermee; in teenstelling met; in vergelyking met; in weerwil van; intedeel; maar\*; nietemin; 'n teenargument; of; óf; ondanks; ongeag; teenoorgesteld; teenoorgestelde; ten spyte van; toegegee; tog\*<sup>6</sup>; van mening\*; vergeleke; weliswaar.

#### **Kategorie 7: Beklemtoningsmerkers**

*Beklemtoningsmerkers* word gebruik om die voorbeelde en/of inligting wat in die besonder relevant is tot die standpunte, in die argument uit te lig of te benadruk. Die skrywer kan daarom enige voorbeelde en/of inligting wat hy reeds meegedeel het herhaal, ter wille van duidelikheid en beklemtoning.

eerder\*; in die besonder; meer spesifiek; nogmaals; om akkuraat te wees; om meer akkuraat te wees; om meer spesifiek te wees; om 'n voorbeeld uit te lig; spesifiek te wees; om te herhaal; soos\*; spesifiek; veral; weer; weereens.

#### **Kategorie 8: Bekendheidsmerkers**

*Bekendheidsmerkers* word gebruik om aan te dui dat die inligting wat vervolgens aan die bod kom, reeds bekend is of bekend behoort te wees, logies volg uit ander inligting, of daaruit afgelei kan word.

gegewe\*; immers\*; mos<sup>7</sup>; natuurlik; onmiskenbaar; \*tog; uit die aard van die saak; uiteraard; vanselfsprekend; voor die hand liggend.

#### **Kategorie 9: Versterking-/sekerheidsmerkers**

*Versterking-/sekerheidsmerkers* dui op die absolute sekerheid wat die skrywer oor sy standpunte en argument het.

absoluut; beslis; blykbaar; definitief; die feit bly; die feit van die saak; dit bevestig; dit bewys; dit is duidelik\*; dit is gewis; dit is logies; dit is 'n feit; immers\*; enigsins\*<sup>8</sup>; inderdaad; klaarblyklik; maar\*<sup>9</sup>; met sekerheid; mos\*; 'n definitiewe bewys; ongetwyfeld; onomwonde; (dit is) seker; sonder enige twyfel; sonder twyfel; steeds; tog\*; verseker.

#### **Kategorie 10: Weerhoudingsmerkers**

*Weerhoudingsmerkers* word gebruik om die standpunte te verswak/versag tot 'n toestand van algehele moontlikheid. Hierdie merkers tas egter die feitlikheid van die standpunte aan.

altemit; dalk; miskien; moontlik; na alle waarskynlikheid; oënskynlik; seker\*; skynbaar; vermoedelik; waarskynlik.

#### **Kategorie 11: Beperkingsmerkers**

*Beperkingsmerkers* word gebruik om die inhoud van die standpunte te beperk en dienooreenkomstig die geldingsbereik van die standpunte in te kort. Die feitlikheid van die standpunte word egter nie hierdeur beïnvloed nie.



by benadering; deels; dit is feitlik seker; enigsin\*; in 'n groot mate; in 'n mate; in 'n sekere sin; min of meer; op 'n manier; tot 'n sekere mate.

**Kategorie 12: Samevatting-/opsommingsmerkers**

*Samevatting-/opsommingsmerkers* word teen die einde van die argument gebruik om die aanvanklike standpunt wat in die inleiding gestel is, te herhaal en te beklemtoon. Hierdie herhaling geskied egter nie in dieselfde woorde soos dit in die inleiding voorkom nie, maar gaan gepaard met 'n opsomming van die hoofargumente; 'n verduideliking van waarom die skrywer sy eie standpunt meer oortuigend vind as die teenargumente.

kortliks gestel; kortom; om af te sluit; om op te som; om saam te vat; opsommenderwys; samevattend; ten slotte; ter afsluiting.

**Kategorie 13: Gevolgtrekkingmerkers**

*Gevolgtrekkingmerkers* dui daarop dat die skrywer sekere aspekte/alle aspekte in die argument in ag geneem het en tot 'n voorlopige of finale gevolgtrekking kom.

alles in ag geneem; alles in ag genome; as gevolg daarvan\*; as gevolg hiervan\*; as gevolg van\*; daaruit volg dat; die gevolg hiervan; die gevolg is; gevolgtrekking; dus\*; gevolglik\*; hieruit blyk; hieruit kan afgelei word; hieruit volg; konklusie; konkluderend; om tot 'n slotsom te kom; op grond daarvan\*; op grond hiervan\*; op grond van\*; vervolgens kan afgelei word; voortvloeiend hieruit.

Tabel 1: Die semantiese/funksionele kategorie/kategorieë van Afrikaanse argumentatiewe konjunksiemerkers

## 9. Bevindinge

In hierdie ondersoek is bevind dat konjunksiemerkers in Afrikaans vir die skryf van 'n argument in dertien semantiese/funksionele kategorieë ingedeel kan word. Tydens die indelingsproses met behulp van WordSmith 5, het dit duidelik geblyk dat van die argumentatiewe konjunksiemerkers ook onder meer as een kategorie ressorteer, omdat dit meer as een funksie vervul; dit wil sê verskillende koherensieverhoudinge in 'n argument bewerkstellig. Hierdie woorde/frases word aangedui met behulp van 'n asterisk (\*). In gevalle waar dit moontlik vir die leser onduidelik kan wees van waarom sekere van die merkers onder meer as een kategorie ressorteer, word daar 'n verduideliking verskaf aan die hand van *endnote* aan die einde van die artikel.

Verder het dit ook geblyk dat die meeste tydsaanduidende merkers nie by die indeling opgeneem kan word nie, aangesien dit geen bydrae lewer tot die argumentstruktuur nie. Derhalwe is bywoordelike bepalinge wat slegs konteks skep rakende kenmerke van 'n bepaalde tyd, nie by die lys ingesluit nie. Hier woorde is: *binnekort; deesdae; destyds; eendag; eens; eersdaags; gister; in die verlede; nou; onlangse; pas; tans; toe; tot dan; van te vore; vandag; voorheen; en vroeër.*

Slegs tydsaanduidende merkers met 'n opeenvolgingsfunksie is by die indeling ingesluit, aangesien dit gebruik word om aan die leser die verloop van die argument aan te dui, hetsy dit 'n vooruitskouing en/of terugskouing verskaf. Dit sluit die volgende woorde in: *dan*; *hieropvolgend*; *vervolgens*; *volgende*; en *wanneer*. Woorde wat slegs 'n aaneenskakelende funksie verrig, soos *en*; *ook* en *asook*, is ook nie by die indeling ingesluit nie, aangesien dit nie 'n bydrae lewer tot die verloop van die argument nie.

## 10. Gevolgtrekking en aanbeveling

In hierdie artikel is daar spesifiek gefokus op die belangrike rol wat goeie akademiese skryfwerk, veral die geskrewe akademiese argument, binne die universiteitskonteks vervul. Daar is ook aangetoon dat talle Afrikaanssprekende eerstejaarstudente dit juis moeilik vind om koherente argumente te skryf, omdat hulle heel moontlik nie oor genoegsame kennis aangaande die argumentstruktuur beskik nie, en ook nie noodwendig bewus is van die verskillende argumentatiewe konjunksiemerkers wat in Afrikaans bestaan om koherensieverhoudinge in 'n geskrewe argument te bewerkstellig nie.

Aangesien daar 'n leemte bestaan in die literatuur rakende die indeling van Afrikaanse konjunksiemerkers spesifiek volgens die argumentstruktuur, is daar in hierdie artikel gepoog om sodanige indeling te verskaf, wat veral eerstejaarstudente behulpsaam kan wees in die skryf van koherente argumente. Daarom is alle moontlike woorde en frases wat as argumentatiewe konjunksiemerkers kan optree, en koherensieverhoudinge tussen die makro- en mikrostruktuur van die argument kan bewerkstellig, geïdentifiseer en onder dertien semantiese/funksionele kategorieë geplaas.

Daar word aanbeveel dat hierdie indeling van Afrikaanse argumentatiewe konjunksiemerkers op universiteit veral in akademiese geletterdheidsmodules op universiteit tydens die onderrig van die argumentstruktuur gebruik behoort te word, ten einde Afrikaanssprekende eerstejaarstudente in staat te stel om koherente akademiese argumente te produseer. Alhoewel die aanbeveling hier vir die universiteitskonteks gemaak word, kan die indeling reeds op skool deur onderwysers en leerlinge in die taalklas met vrug gebruik word ter voorbereiding vir skryf op universiteit.<sup>10</sup>

## Bronnelys

- Achili, H.** 2007. *Teaching coherence in writing. The case of second year students at the University of Mentouri, Constantine.* Constantine: University of Mentouri. (Dissertasie – MA).
- Andrews, R.** 2007. Argumentation, critical thinking and the postgraduate dissertation. *Educational Review* 59(1): 1-18.
- Bailey, S.** 2006. *Academic writing: a handbook for international students.* (Second edition). Londen: Routledge.
- Biber, D., Conrad, S. & Leech, G.** 2002. *Longman student grammar of spoken and written English.* Harlow: Pearson.
- Bothma, T.C. & Cloete, T.T.** 1963. *Opstelonderrig.* Elsiesrivier: Nasionale handelsdrukkery.
- Burnett, L.** 2008. *How to improve your academic writing.* Londen: University of Essex.
- Carstens, A.** 2009. *The effectiveness of genre-based approaches in teaching writing: subject-specific versus cross-disciplinary emphases.* Pretoria: UP. (Tesis – DPhil).
- Carstens, W.A.M.** 1996. Konjunksieverhoudings in Afrikaans: 'n verkenning. *South African Journal of Linguistics* 61-67. Supplement 33.
- Carstens, W.A.M.** 1997. *Afrikaanse tekslinguistiek: 'n inleiding.* Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. & Van de Poel, K.** 2010. *Teksredaksie.* Stellenbosch: African SunMedia.
- Celce-Murcia, M. & Larsen-Freeman, D.** 1999. *The grammar book: an ESL/EFL teacher's course.* Boston: Heinle and Heinle.
- Centonze, L.** 2013. Conjunctions in ELF academic discourse: a corpus-based analysis. *Lingue Linguaggi* 10: 7-18
- Crismore, A., Markannen, R. & Steffensen, M.S.** 1993. Metadiscourse in persuasive writing. *Written Communication* 10(1): 39-71.
- Christiansen T.** 2011. *Cohesion: a discourse perspective.* Bern: Peter Lang.
- Combrink, J.G.H.** 1995. *Hoe om paragrawe te skryf.* Kaapstad: Tafelberg.
- Dastjerdi, H.V. & Samian, S.H.** 2011. Quality of Iranian EFL learners' argumentative essays: cohesive devices in focus. *Mediterranean Journal of Social Science* 2(2): 65-76.
- De Beaugrande, R.A.** 1980. *Text, discourse and process: toward a multidisciplinary science of texts.* Norwood: Ablex.
- De Beaugrande, R. A. & Dressler, W.U.** 1981. *Introduction to text linguistics.* Londen: Longman.
- De Jong, J.** 2010. *Handboek akademisch schrijven: in stappen naar een essay, paper of scriptie.* Bussum: Continho.
- Deane, P. & Song, Y.** 2014. A case study principled assessment design: designing assessment to measure and support the development of argumentative reading and writing skills. *Psicologia Educativa* 20: 99-108.
- Du Toit, P. & Smith-Müller, W.** 2003. *Stylboek: riglyne vir paslik skryf.* Pretoria:

- Van Schaik.
- Dueraman, B.** 2007. *Cohesion and coherence in English Essays written by Malaysian and Thai medical students*. Paper presented at the Southern Thailand English Language Teaching/Cultural Change Conference.
- Duff, P.A.** 2010. Language socialization into academic discourse communities. *Annual Review of Applied Linguistics* 30: 169-192.
- Enkvist, N.E.** 1990. *Seven problems in the study of coherence and interpretability*. In: Connor, U. & Johns, A.M. (reds.). *Coherence in writing: research and pedagogical perspectives*. Alexandria: TESOL. 9-28.
- Fouché, N.** 2016. *Kohesiemerkegerbruik in die skryfwerk van Afrikaanssprekende graad 6- en graad 9-leerders*. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – M.ED).
- Fraser, B.** 1999. What are discourse markers? *Journal of Pragmatics* 31: 931-952.
- Giridharan, B.** 2012. Identifying gaps in academic writing of ESL students. *US-China Education Review* 2(6): 578-587.
- Gleason, H.A.** 1965. *Linguistics and English grammar*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Grabe, W. & Kaplan, B.** 1996. *Theory and practice of writing: an applied linguistic perspective*. New York: Longman.
- Graff, G. & Birkenstein, C.** 2010. *They say I say. The moves that matter in academic writing*. (Second edition). New York: Norton.
- Halliday, M.A.K.** 1985. *An introduction to functional grammar*. Londen: Edward Arnold.
- Halliday, M.A.K. & Hasan, R.** 1976. *Cohesion in English*. Londen: Longman.
- HAT:** Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2005. Kaapstad: Pearson.
- Hillocks, G.** 2010. Teaching argument for critical thinking and writing: an introduction. *The English Journal* 99(6): 24-32.
- Hyland, K.** 1998. Persuasion and context: the pragmatics of academic metadiscourse. *Journal of Pragmatics* 30: 437-455.
- Hyland, K.** 2009. *Academic discourse*. Londen: Continuum.
- Jordaan, A.** 2014. *Die gebruik van metadiskoers in Afrikaans T1-skryfwerk van eerstejaar-universiteitstudente*. Vanderbijlpark: NWU. (Verhandeling – MA).
- Jordaan, A.** 2016. Afrikaanse verbandsmerkers: 'n uitbreiding en herkategorisering van voorbeeldwoorde. *South African Linguistics and Applied Language Studies* 34(2): 147-167.
- Jordaan, A. & Meintjes, Z.** 2015. Die gebruik van die metadiskoerskategorie “bewyse” as voorvereiste vir suksesvolle argumentatiewe skryfwerk op tersiêre vlak. *Tydskrif vir Taalonderrig* 49(1): 281-305.
- Knoch, U.** 2009. *Diagnostic writing assessment. The development and validation of a rating scale*. Frankfurt: Peter Lang.
- Maghfiroh, S.** 2013. Coherence breaks in essay made by 6th semester students

- of English department of Stain Salatiga in the academic year of 2012/2013. Salatiga: STAIN.
- McKinney, S.** 2008. CSU learning skills: your link to success. <http://www.csu.au/division/studserv/learning/> [Datum van gebruik: 5 Jul. 2014]
- Mei, W.S.** 2006. Creating a contrastive rhetorical stance: investigating the strategy of problematization in students' argumentation. *Regional Language Centre Journal* 37(3): 229-353.
- Meintjes, Z.** 2015a. *Koherensie in die argumentatiewe skryfwerk van eerstejaargestudente: 'n teksgebaseerde ondersoek*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).
- Meintjes, Z.** 2015b. The use of first-person pronouns in argumentative writing of Afrikaans-speaking first-year students: a corpus-based investigation. *Journal for Language Teaching* 49(2): 33-51.
- Naicker, G.G.** 1996. *Konjunktiewe kohesie in die opstelle van Afrikaans tweedetaal-matrikulante*. Durban: Universiteit van Natal. (Verhandeling – MA).
- Newell, E., Beach, R., Smith, J. & VanDerHeide, J.** 2011. Teaching and learning argumentative reading and writing: a review of research. *Research Reading Quarterly* 46(3): 273-304.
- Northedge, A.** 2003. Rethinking teaching in the context of diversity. *Teaching in Higher Education* 8(1): 17-32.
- Pander Maat, H.** 2002. *Tekstanalyse. Wat teksten tot teksten maakt*. Bussum: Coutinho.
- Patricio, E.M.** 1993. *Cohesion and coherence in std.10 English second language compositions of black pupils: an analysis*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Dissertasie – MA).
- Pienaar, M.** 2009. *Die leesbaarheid van akademiese tekste: 'n tekslinguistiese ondersoek*. Vanderbijlpark: NWU. (Verhandeling – MA).
- Ponelis, F.A.** 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Prommas, P. & Singwongsuwat, K.** 2011. *A comparative study of discourse connectors used in argumentative compositions produced by Thai EFL learners and English-native speakers*. Paper presented at the 3rd International Conference on Humanities and Social Sciences. Faculty of Liberal Arts, Prince of Songkla University, 2 April.
- Quirk, R., Greenbaum, S., Leech, G. & Svartvik, J.** 1985. *A comprehensive grammar of the English language*. Harlow: Pearson.
- Quirk, R., Greenbaum, S., Leech, G. & Svartvik, J.** 1989. *A comprehensive grammar of the English language*. Londen: Longman.
- Rahimi, M.** 2011. Discourse markers in argumentative and expository writing of Iranian EFL learners. *World Journal of English Language* 1(2): 68-78.
- Rudolph, E.** 1987. Connective relations – connective expressions – connective

- structures. In: Petöfi (red.). *Text and discourse constitution*. New York: de Gruyter. 97-133.
- Sanders, T.J.M. & Noordman, L.G.M.** 2000. The role of coherence relations and their linguistic markers in text processing. *Discourse processes* 29(1): 37-60.
- Sampson, V., Enderle, P., Grooms, J. & Witte, S.** 2013. Writing to learn by learning to write during the school science laboratory: helping middle and high school students develop argumentative writing skills as they learn core ideas. *Science Education* 97(5): 643-670.
- Simon, S., Erduran, S. & Osborne, J.** 2006. Learning to teach argumentation: research and development in the science classroom. *International Journal of Science Education* 28(2-3): 235-260.
- Stab, C. & Gurevych, I.** 2014. Annotating argument components and relations in persuasive essays. *25th International Conference on Computational Linguistics: Technical Papers*: 1501-1510.
- Stapleton, P. & Wu, Y.** 2015. Assessing the quality of arguments in students' persuasive writing: a case study analyzing the relationship between surface structure and substance. *Journal of English for Academic Purposes* 17: 12-23.
- Taljard, M.** 2015. Die onderrig van argumentvaardighede in 'n akademiese skryfkursus vir eerstejaars: 'n Beste praktyk-beskrywing. *Journal for Language Teaching* 49(1): 255-279.
- Toulmin, S.** 1958. *The uses of argument*. Cambridge: Cambridge University.
- Van de Poel, K.** 2006. *Scribende. Academic writing for students of English*. Leuven: Acco.
- Van de Poel, K., Carstens, W.A.M. & Linnegar, J.** 2012. *Text editing: a handbook for students and practitioners*. Antwerp: UPA University.
- Van de Poel, K. & Gasiorek, J.** 2007. *All write. An introduction to writing in an academic context*. Leuven: Acco.
- Van de Poel, K. & Gasiorek, J.** 2012. Effects of an efficacy-focused approach to academic writing on students' perceptions of themselves as writers. *Journal of English for Academic Purposes* 11: 294-303.
- Van der Walt, J.L.** (red.). 2013. *Gevorderde vaardighede in akademiese geletterdheid*. Potchefstroom: Platinum.
- Van Dijk, T.A.** 1977. Connectives in text grammar and text logic. In: Van Dijk & Petöfi (reds.). *Grammars and descriptions*. New York: de Gruyter. 11-63.
- Van Dyk, T., Zybrands, H., Cillié, K. & Coetzee, M.** 2009. On being reflective practitioners: the evaluation of a writing module for first-year students in the health sciences. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 27(3): 333-344.
- Van Eemeren, F.H., Houtlosser, P. & Snoeck Henkemans, A.F.** 2007. *Argumentative indicators in discourse: a pragma-dialectical study*. Dordrecht: Springer.
- Van Loon, J., Thüss, A., Schmidt, N. & Haines, K.** 2011. *Academic writing in*

*English: a process-based approach*. Bussum: Coutinho.

**Van Rooy, B. & Coetzee-Van Rooy, S.** 2015. The language issue and academic performance at a South African university. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 33(1): 31-46.

**Van Rooy, B. & Esterhuizen, I.** 2011. Die gebruik van konjunksiemerkers by nagraadse studente en gepubliseerde navorsing oor Afrikaanse taal- en letterkunde. *Tydskrif vir Taalonderrig* 46(1): 67-86.

**Weideman, A.J.** 2011. *A framework for the study of linguistics*. Pretoria: Van Schaik

**Wingate, U.** 2012. "Argument!" helping students understand what essay writing is about. *Journal of English for Academic Purposes* 11: 145-154.

**Wybenga, D.M. (red.)**.1989. *Taalkompas: elke student se gids*. Pretoria: Serva.

## Note

1. Vgl. in hierdie verband Gleason, 1965; Halliday & Hasan, 1976; Van Dijk, 1977; De Beaugrande, 1980; Halliday, 1985; Quirk et al., 1985; Rudolph, 1987; Quirk et al., 1989; Chrismore et al., 1993; Hyland, 1998; Fraser 1999; Biber et al., 2002; Van de Poel, 2006; Van de Poel & Gasiorek, 2007 en Centonze, 2013.
2. Die ontwikkeling van die tegnologie stel die hedendaagse navorsers in staat om rekenaaromatige studies, oftewel korpuslinguistiese studies, te onderneem na die verskillende funksies wat woorde en frases in tekste kan vervul. Vroeër is navorsers genoodsaak om van woordeboeke of van hulle onmiddellike kennis of begrip gebruik te maak aangaande die funksie van 'n spesifieke woord of frase (vgl. Meintjes, 2015a: 133-134). Jordaan (2016: 154) is ook van mening dat woordeboeke en intuïsie tot verkeerde *interpretasie* kan lei. Aangesien woorde/frases verskillende gebruiksmoontlikhede kan hê, behoort die funksie daarvan binne konteks ondersoek te word ten einde al die verbande wat deur 'n bepaalde woord/frase gelê kan word, te identifiseer.
3. Vergelyk ook Taljard (2015:261) se uiteensetting van die basiese argumentstruktuur.
4. Die literatuur wat hier te sprake is, sluit die volgende in: Halliday en Hasan (1976); Ponelis (1979); Carstens (1997); Hyland (1998); Celce-Murcia en Larsen-Freeman (1999); Biber et al. (2002); Pander Maat (2002); Du Toit en Smith-Müller (2003); HAT (2005); Van de Poel (2006); Van de Poel en Gasiorek (2007); Van Eemeren et al. (2007); Pienaar (2009); De Jong (2010); Graff en Birkenstein (2010); Van Loon et al. (2011); Van Rooy en Esterhuizen (2011).
5. Tabel 1 is afkomstig uit/gebaseer op Meintjes (2015a). Sien ook note 1.
6. In alle gevalle waar *tog* in die verloop van die argument gebruik word (sien ook kategorie 8 en 9), behoort die gebruik daarvan objektief van aard te wees. Dit wil sê dat dit nie gebruik word om byvoorbeeld die skrywer se irritasie, verbystering of aggressie jeens 'n saak uit te druk nie.
7. Let daarop dat mos hoofsaaklik geskik is vir die gebruik in spreektaal. Indien 'n skrywer dit wel in 'n geskrewe argument gebruik, behoort dit slegs gebruik te word met die doel om bekendheid en/of versterking/sekerheid (Kategorie 9) uit te druk. Indien dit op subjektiewe wyse gebruik word, met ander woorde om byvoorbeeld irritasie, verbystering of aggressie uit te druk, dra dit

nie by tot die argumentstruktuur nie. Dit behoort dus uitsluitlik gebruik te word om inligting wat reeds bekend is aan te dui, inligting logies uit ander inligting te laat vloei of om die sekerheid wat die skrywer oor bepaalde inligting het aan te toon.

8. Die woord *enigsins* beteken ook *inderdaad*, daarom dien dit ook as versterking-/sekerheidsmerker, en word dit nie net as 'n beperkingsmerker (Kategorie 11) gebruik nie.
9. Die woord *maar* kan ook gebruik word om versterking/sekerheid uit te druk, byvoorbeeld: *Die stout kinders wil maar net nie saamwerk sodat ons vroeg kan huis toe gaan nie* (Meintjes, 2015a: 176).
10. Hierdie artikel vorm deel van 'n groter studie oor die koherensie in die argumentatiewe skryfwerk van eerstejaarstudente (sien Meintjes, 2015a).









<b>Titel:</b>	<b>Prof.</b>	<b>Dr.</b>	<b>Ds.</b>	<b>Mnr.</b>	<b>Mev.</b>	<b>Me.</b>
---------------	--------------	------------	------------	-------------	-------------	------------

**Voorletters en van:** .....

**Adres:** .....

..... **Kode:** .....

**Tel. (W):** ..... **(H):** ..... **(Sel):** .....

**E-pos:** .....

**Besonderhede vir inbetaling:**

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:  
SAVN  
Banknaam: ABSA  
Bankrekeningnommer: 1190 154 676  
Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid  
Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)  
Verwysingnommer: U van en voorletters
- E-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,  
Prof Adri Breed, by die onderstaande e-posadres:  
Adri.Breed@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com

Gaan ook na die SAVN webwerf, [www.savn.org.za](http://www.savn.org.za), vir inligting.

<b>Kantoorgebruik</b>			
<b>Lidnr.</b>	<b>Datum aangesluit</b>	<b>Kwitansienr.</b>	<b>Faktuurnr.</b>

